University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DIE VERHOUDING VAN DIE VADER IN 'N HERSAAMGESTELDE GESIN MET SY NIE-INWONENDE KIND

deur

**SUZETTE EBERSOHN**

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Educationis
**(Opvoedkundige Sielkunde)**

In die Fakulteit Opvoedkunde

aan die

**Universiteit van Pretoria**

**STUDIELEIER: Prof. A.C. Bouwer**

**2006**

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DANKBETUIGING

Ek wil die volgende persone bedank vir hulle bydraes, bystand en volgehoue ondersteuning tydens die voltooiing van die ondersoek:

- SOLI DEO GLORIA: Aan God alleen die eer vir die krag en deursettingsvermoë om die studie te kon onderneem, want sonder Sy groot genade sou ek nie dié studie kon voltooi nie!

- My studieleier, Prof. A.C. Bouwer. Dankie vir die wonderlike, besielende wyse waarop u my deurgaans bygestaan en daadwerklik gelei en tydens my studie ondersteun het. Die opofferings, aansporing en welwillendheid deur u getoon, was werklik inspirerend en word opreg waardeer. Watter wonderlike voorreg om onder u bekwame leiding my studies te kon voltooi.

- My man, Gys, vir sy volgehoue ondersteuning, geduld en geloof in my. Jou liefdevolle aanmoediging en motivering het as inspirasie gedien en word opreg waardeer.

- My kinders, Marius en Odette. Baie dankie vir julle geduld met Mamma. Julle liefde, ondersteuning en bystand het as motivering gedien tydens die voltooiing van die ondersoek.

- My vriende, vriendinne en familie vir hulle ondersteuning en motivering.

- Clarisse Venter vir haar hulp en ondersteuning met betrekking tot die literatuur soektogte.

- Die drie vaders, wat hulle tyd opgeoffer het en die risiko van emosionele blootstelling geneem het, om aan die ondersoek deel te neem.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

# VERKLARING VAN OORSPRONKLIKHEID

Ek, Suzette Ebersohn (studentenommer 24342522) verklaar dat:

**“DIE VERHOUDING VAN DIE VADER IN ‘N HERSAAMGESTELDE GESIN MET SY NIE-INWONENDE KIND”**

my eie werk is en dat alle verwysings wat gebruik is, ingesluit is in die bronnelys.

____________________ ________________

Suzette Ebersohn Datum

University of Pretoria etd – Ebersohn, S  (2006)

# THE RELATIONSHIP OF THE FATHER IN THE RECONSTITUTED FAMILY WITH HIS NON-RESIDENT CHILD


## SUMMARY OF THE STUDY

The aim of the study was to examine and describe how divorced biological fathers in reconstituted families give form to the educational relationship with their non-resident young children, to achieve an understanding of fathers' perceptions of their parental roles as well as the functionality of the relationship in practice.

A multiple case study using semi-structured interviews was conducted. A meta-analysis of the emergent themes indicated that the field within which understanding of the phenomenon should be constructed, ranges beyond the context of the fathers reconstituted families who participated in the study. The literature review confirmed that the relationship between former marriage partners plays an important part in fathers' ongoing relationship with their non-resident child/ren.

**Findings:**

- The interaction in the mesosystem between the primary and secondary micro family systems of the two parents with and without custody influences the way in which the biological fathers endeavour to establish/maintain a relationship with their non-resident child/ren. Within this unique mesosystem various obstacles and potential traps exist that could prevent fathers from giving form to their educational relationship with their non-resident child/ren.
- By identifying and mobilising assets and strengths the focus could shift from fathers' feelings of frustration and powerlessness to feelings of empowerment and self-determination that could promote optimal relations.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

## SLEUTELWOORDE

Hersaamgestelde gesin
Biologiese vader
Nie-inwonende kind
Egskeiding
Bate-gebaseerde benadering
Vorige egmaat
Nie toesig-en-beheer

## KEYWORDS

Reconstituted family
Biological father
Non-resident child
Divorce
Asset-based approach
Previous spouse
Non-custody

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1 - ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEMSTELLING EN DIE NAVORSINGSBEPLANNING


| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1.1 | KONTEKSTUELE AGTERGROND EN RASIONAAL VAN DIE STUDIE | 1 |
| 1.2 | NAVORSINGSVRAE | 4 |
| 1.3 | DOEL VAN STUDIE | 4 |
| 1.4 | AANNAMES VAN DIE STUDIE | 5 |
| 1.5 | AFBAKENING VAN DIE STUDIE | 5 |
| 1.6 | BEGRIPSVERHELDERING | 5 |
| 1.6.1 | Hersaamgestelde gesin | 5 |
| 1.6.2 | Biologiese vader | 6 |
| 1.6.3 | Nie-inwonende jong kind | 6 |
| 1.6.4 | Opvoedingsverhouding | 6 |
| 1.7 | NAVORSINGSPARADIGMA | 7 |
| 1.8 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 8 |
| 1.8.1 | Navorsingsontwerp | 8 |
| 1.8.2 | Seleksie van deelnemers | 8 |
| 1.8.3 | Data-insameling | 8 |
| 1.8.4 | Data-analise en interpretasie | 9 |
| 1.9 | PROGRAM VAN DIE STUDIE | 10 |

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

**HOOFSTUK 2 - TEOREТIESE RAAMWERK EN LITERATUUROORSIG MET BETREKKING TOT DIE HERSAAMGESTELDE GESIN**

**Bladsy**


| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | INLEIDING | 12 |
| 2.2 | TEORETIESE RAAMWERK | 12 |
| 2.2.1 | Inleiding | 12 |
| 2.2.2 | Die bio-ekologiese model | 12 |
| 2.2.3 | Die bate-gebaseerde benadering | 16 |
| 2.3 | DIE HERSAAMGESTELDE GESIN | 19 |
| 2.3.1 | Inleiding | 19 |
| 2.3.2 | Die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm | 20 |
| 2.3.3 | Hertroue na die ontbinding van die huwelik deur middel van egskeiding | 20 |
| 2.3.4 | Die hersaamgestelde gesin: ’n kaleidoskoop van verhoudinge | 26 |
| 2.3.5 | Mites van die hersaamgestelde gesin | 28 |
| 2.3.6 | Ouerskap in die hersaamgestelde gesin | 30 |
| 2.3.7 | Ouerskap van die vader wat nie toesig- en- beheer het nie | 30 |
| 2.3.8 | Die nie-inwonende kind wat besoek | 34 |

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

## HOOFSTUK 3 - NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSVERLOOP

**Bladsy**


| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 38 |
| 3.2 | DOEL VAN DIE ONDERSOEK | 38 |
| 3.3 | NAVORSINGSPARADIGMA | 38 |
| 3.4 | NAVORSINGSONTWERP | 41 |
| 3.5 | DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE | 41 |
| 3.5.1 | Semi-gestruktureerde onderhoude | 41 |
| 3.5.2 | Observasies en Veldnotas | 43 |
| 3.5.3 | Reflektiewe Joernaal | 43 |
| 3.6 | SELEKSIE VAN DEELNEMERS | 43 |
| 3.7 | DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE | 44 |
| 3.8 | GELDIGHEID EN VERTROUBAARHEID | 45 |
| 3.9 | ROL VAN DIE NAVORSER | 47 |
| 3.10 | ETIESE OORWEGINGS | 48 |
| 3.11 | LEEMTES IN DIE STUDIE | 49 |

## HOOFSTUK 4 - NAVORSINGSRESULTATE EN BEVINDINGE

Bladsy

4.1.1 INLEIDING 50

4.2 AGTERGROND, VELDNOTAS EN REFLEKSIES MET BETREKKING TOT DIE GEVALLESTUDIES 50

4.2.1 Oriëntering: Die unieke kontekste van die hersaamgestelde gesinne 50

4.2.2 Gevallestudie A 51
4.2.3 Gevallestudie B 52
4.2.4 Gevallestudie C 53

4.3 RESULTATE 54

4.3.1 Inleiding 54
4.3.2 Gevallestudie A 56
4.3.3 Gevallestudie B 61
4.3.4 Gevallestudie C 65

4.4 BESPREKING 68

4.4.1 Literatuurkontrole 68
4.4.2 Die bio-ekologiese model van die hersaamgestelde gesin 72
4.4.3 Gevallestudie A 75
4.4.4 Gevallestudie B 77
4.4.4 Gevallestudie C 79

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## HOOFSTUK 5 - OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

**Bladsy**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | OPSOMMING | 82 |
| 5.2 | GEVOLGTREKKINGS | 84 |
| 5.2.1 | Gevolgtrekkings met betrekking tot die navorsingsvrae | 84 |
| 5.2.2 | Verdere relevante gevolgtrekkings | 88 |
| 5.3 | AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING | 89 |
| 5.4 | SAMEVATTING | 89 |
| | BRONNELYS | 91 |

# HOOFSTUK 1

## ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE PROBLEEMSTELLING EN DIE NAVORSINGSBEPLANNING

### 1.1 KONTEKSTUELE AGTERGROND EN RASIONAAL VAN STUDIE

Statistiek toon dat egskeidings jaarliks wêreldwyd toeneem. Volgens die gegewens vir 2003 wat beskikbaar gestel is deur die Suid-Afrikaanse Statistiekdiens is die aantal huwelike wat in die skeihof geëindig het 28587, waarby 30311 afhanklike kinders betrokke was. Daar kan dus aanvaar word dat 'n groot aantal van ons land se afhanklike kinders nie meer in hul kerngesin woon nie. Volgens Amerikaanse statistieke vir die afgelope 10 jaar is die aantal minderjarige kinders wat deur 'n egskeiding geraak word 16.8 per 1000 kinders. 80% van geskeide mans en 75% van geskeide vrouens trou weer en die meeste trou binne 3 jaar na die egskeiding.

Vanuit 'n opvoedkundige perspektief, het daar radikale veranderinge ingetree ten opsigte van die gesinslewe as primêre opvoedingsituasie van die kind. Hertroue vind toenemend plaas en die gesinsituasie waarbinne die opvoeding voltrek moet word het verander. Die hersaamgestelde gesin verskil van die kerngesin en die twee gesinsvorme moet nie as sinonieme beskou word nie (Prinsloo 1991:2).

Volgens Du Plessis (1993:204) gee die hersamestelling van 'n gesin aanleiding tot unieke interpersoonlike verhoudinge. Die totstandkoming en ontwikkeling van hierdie verhoudinge kan nie op stereotipe rolverdelings, soos wat dit in 'n kerngesin voorkom, gebou word nie, maar word met verloop van tyd verwerf, deur wedersydse respek en agting vir mekaar se omstandighede, behoeftes en gevoelens. Gevolglik is gesinslede in die hersaamgestelde gesin dikwels onseker oor hulle optrede binne die komplekse verhoudinge wat ontstaan.

Vir die kind beteken die hersamestelling van die gesin dikwels die verlies van 'n intieme verhouding met een van sy ouers. Die kind moet nou sy een ouer deel met een of meer vreemdes en baie van die probleme wat ouers en kinders in 'n hersaamgestelde gesin ervaar, spruit voort uit die feit dat die kinders gedeel word deur 'n ouer in een gesin en 'n ouer wat nou deel uitmaak van 'n ander gesinseenheid (Prinsloo 1991:16). Volgens Spruijt, De Goede en Vandervalk (2004:77) dra die nie-meer-prominente rol van die nie-inwonende

ouer asook langtermyn konflik tussen geskeide ouers grootliks by tot problematiese relasievorming tussen nie-inwonende ouers en die besoekende kind.

Du Plessis (1994:68) sluit hierby aan deur onder andere te verwys na unieke uitdagings waarvoor 'n hersaamgestelde gesin te staan kom. 'n Gebrek aan riglyne vir optrede van die gesinslede onderling teenoor mekaar asook optrede in die samelewing kan vir die hersaamgestelde gesin problematies wees. Die gesin kan nie op tradisionele kerngesinspatrone terugval nie, aangesien die hersaamgestelde gesin nie soos 'n kerngesin funksioneer nie en gevolglik baie kwesbaar gelaat word. Ouers se onkunde ten opsigte van realiteite rakende gesinsverhoudinge in die hersaamgestelde gesin, asook die unieke aard van dié gesinsvorm, dra by tot verhoudingsprobleme, wat weer aanleiding mag gee tot die stigmatisering van die hersaamgestelde gesin in die eietydse samelewing (Kriel 1996:228).

Wanneer die kind die hersaamgestelde gesin betree, en veral waar albei biologiese ouers weer hertrou, kry die kind nie net 'n "stief"moeder en "stief"vader by nie, maar ook die familie van albei ouers se egmaats. Die nie-inwonende kind staan voor die uitdaging om 'n verhouding met sy/haar ouer se eggenoot, die "stief"ouer, te stig. So ook ontstaan die behoefte van die biologiese ouer se eggenoot, die "stiefouer", om 'n verhouding met die nie-inwonende kind te stig. Aangesien daar 'n stigma kleef aan die woord *stiefouer* en dit in die volksmond 'n mite geword het dat "stief"-ouers sogenaamde slegte ouers is (Allison 2005: 27; Ceglian & Gardner 2000:112), het die "stief"-ouer dus van die begin af te make met 'n negatiewe vooroordeel wat oorkom moet word (Du Plessis 1993:28). Aangesien daar so 'n negatiewe konnotasie aan die woord *stief* geheg word, is ek van mening dat die benaming van die "ander pa" of die "ander ma" 'n meer positiewe uitwerking op die verhoudings binne die hersaamgestelde gesin kan hê.

Kinders in 'n hersaamgestelde gesin staan dus in 'n baie gekompliseerde verhoudingsnetwerk wat tyd neem voordat hulle hul plek as lid van die gesin/gesinne vind (Scheepers 1991:100). Volgens Ganong en Coleman (1994:96) kan die verskil in ouerskap styl tussen die twee huishoudings asook die beïnvloeding deur die nie-inwonende kind se biologiese moeder, pogings deur die biologiese vader om 'n opvoedingsverhouding te stig, beïnvloed. Kriel (1996:118) toon aan dat die verhouding wat daar tussen gewese eggenote na hertroue bestaan, 'n belangrike rol speel in die belewing van die kind as lid van twee huishoudings.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Thompson, Rudolph en Henderson (2004:538) meld dat daar algemeen aanvaar kan word dat kinders wat as deel van ’n hersaamgestelde gesin grootword, baie meer struikelblokke ervaar in terme van opvoedingsverhoudings, as kinders van ’n kerngesin. Du Plessis (1993:104) is van mening dat ouers ’n gebrek aan insig en begrip toon vir hul kinders se gevoelens, belewings, omstandighede en behoeftes tydens die hersamestelling van ’n gesin. Voldoende insig in en begrip vir hulle kinders se emosionele belewings sal ouers in staat stel om sekere struikelblokke in die hersaamgestelde gesin te oorkom of selfs die hoof te bied. Op sy beurt sal die kind wat begryp word, en as gevolg daarvan die nodige ondersteuning van sy ouers kry, makliker aanpas by die veranderde omstandighede.

Vanuit die beperkte navorsing aangaande die hersaamgestelde gesin is die fokuspunt meer op die kwesbaarheid sowel as die unieke probleme en uitdagings van hierdie besondere gesinstruktuur gerig (Du Plessis 1993:199, Kapp 2002:158, Kriel 1996:216, Prinsloo 1991:25, Scheepers 1991:127). Met hierdie navorsing gaan ek poog om die uitdagings, probleme en struikelblokke te erken, maar die klem gaan veral val op bates en sterkpunte asook bemagtiging, samewerking en die bou van dinamiese vennootskappe in die hersaamgestelde gesin.

Vanuit die opvoedkundige sielkundige benadering, steun ek die bategebaseerde benadering. Volgens Eloff (2003:10) impliseer die bategebaseerde benadering ’n sterk klem op bates en kapasiteite, bemagtiging en self-determinasie, die skepping van netwerke en verhoudings, die gebruik van dit wat op ’n gegewe oomblik beskikbaar is, samewerking, dinamiese vennootskappe en deelname, die oortuiging dat bates en kapasiteite altyd teenwoordig is, asook intrinsieke kreatiwiteit, beheer en mag.

Die bate-gebaseerde benadering is nie ’n program wat op ’n sekere tydstip geïmplementeer kan word nie, dit is eerder ’n houding ten opsigte van individue en sisteme. Dit is die keuse wat jy maak om van dit wat jy tot jou beskikking het, die beste te maak. ’n Belangrike aspek om in gedagte te hou is dat die verkenning van bates, in die hersaamgestelde gesin, nie bloot gerig is daarop om die sterkpunte en swakpunte te verken nie, maar dit is eerder ’n paradigma skuif van hoe ons die hersaamgestelde gesin benader.

Vir die doel van hierdie studie gaan daar gekonsentreer word op die hersaamgestelde gesin soos dit voltrek word deur volwassenes waarvan een of beide uit ’n vorige huwelik kom en waar een of beide partye kinders het. Die biologiese kinders van die moeder is die inwonende kinders terwyl die biologiese kinders van die vader nie by die hersaamgestelde gesin inwoon nie.

Tydens die begeleidingsproses moet die terapeut ondersteuning aan die kind sowel as die ouer kan bied ten einde die optimalisering van die opvoedingsmilieu in die hersaamgestelde gesin te verseker. Om met hierdie unieke gesinseenheid te werk, verg deeglike kennis en insigte alvorens 'n professionele diens gelewer kan word (Kapp 2002:170, Scheepers 1991:2). Sonder kennis en begrip van die dinamika van hierdie spesiale gesinseenheid kan die Opvoedkundige Sielkundige onmoontlik toereikend leiding verskaf aan die gesin aangaande die optimalisering van die opvoedingsverhouding.

Navorsing in verband met die biologiese vader se pogings om 'n opvoedingsverhouding met die nie-inwonende jong kind te handhaaf kan moontlik tot nuwe insigte lei ten opsigte van die biologiese vader se persepsie van sy ouerlike rol sowel as sy gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding.

## 1.2 NAVORSINGSVRAE

Die studie sal gerig word deur die volgende primêre navorsingsvraag: ***Hoe ontwikkel en handhaaf die biologiese vader sy opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind?*** Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord, sal die volgende sekondêre navorsingsvrae van nader beskou word.

- Wat is die biologiese vader se persepsie van sy ouerlike rol?
- Hoe vind voltrekking van die opvoedingsverhouding deur die biologiese vader met sy nie-inwonende jong kind plaas?
- Hoe hanteer die vader die uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin?

In die soeke na antwoorde op die navorsingsvrae sal ek tydens die data-insameling veral fokus op die identifisering van bates en sterkpunte van elke afsonderlike vader, wat gevolg sal word deur die mobilisering van die geïdentifiseerde bates ten einde bemagtiging en optimalisering van verhoudings binne die hersaamgestelde gesin te bewerkstellig.

## 1.3 DOEL VAN STUDIE

Die doel van die studie is om die biologiese vader se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te ondersoek en te beskryf, om tot begrip te kom van dit wat gebeur tussen die biologiese vader en sy besoekende jong kind. Die wyse waarop en die mate waartoe die biologiese vader pogings aanwend om 'n opvoedingsverhouding te probeer handhaaf, sal vanuit die bategebaseerde benadering

verhelder word, om bewusmaking en begryping te bewerkstellig van hoe die vader die uitdagings wat die hersaamgestelde gesin bied, moontlik positief kan aanwend in die funksionering van sy opvoedingsverhouding met sy kind/ers.

## 1.4 AANNAMES VAN DIE STUDIE

Die studie vertrek vanuit die aanname dat unieke interpersoonlike verhoudings gevorm word tydens die hersamestelling van 'n gesin. Die grense van die hersaamgestelde gesin is ook nie so duidelik afgebaken soos dié van die kerngesin nie, wat aanleiding tot rolverwarring kan gee. Die nie-meer-prominente rol van die nie-inwonende ouer asook langtermyn konflik tussen geskeide ouers dra grootliks by tot problematiese relasievorming tussen biologiese vaders en die besoekende kind. Andersyds kan die identifisering en mobilisering van bates en sterkpunte die klem plaas op bemagtiging van die vader in die besondere situasie deur te fokus op dit wat op die gegewe oomblik beskikbaar is.

Die aannames word gegrond op literatuur en opleiding wat ontvang is as student in Opvoedkundige Sielkunde. Vanuit die bategebaseerde benadering sal ek as navorser poog om hierdie aannames reflektief te herken en te erken, veral hoe die aannames my navorsingskeuses beïnvloed en as sodanig dus ook gevolge inhou vir my bevindings en gevolgtrekkings.

## 1.5 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Ek gaan tydens die studie fokus op geskeide vaders in 'n hersaamgestelde gesin. Die jong biologiese kinders van die vader woon nie saam met die hersaamgestelde gesin nie, maar besoek die biologiese vader op 'n gereelde basis. Vir die doel van hierdie studie gaan ek fokus op die bates en kapasiteite van die unieke vader-kind verhouding asook die optimale benutting en ontwikkeling van geleenthede.

## 1.6 BEGRIPSVERHELDERING

### 1.6.1 Hersaamgestelde gesin

In Engels word verskeie begrippe gebruik wanneer daar na die hersaamgestelde gesin verwys word, naamlik: "reconstituted family", "blended family", "remarried family" en "step family" (Ganong & Coleman 1994:2). Du Plessis (1993:14) wys daarop dat die woord "hersaamgestelde" in die begrip *hersaamgestelde gesin* 'n byvoeglike naamwoord is wat in

dié geval meer sê omtrent die selfstandige naamwoord, naamlik gesin. Die gesin word hersaamgestel. Volgens Scheepers (1991:29) is die hersaamgestelde gesin dié gesin wat gevorm word deurdat 'n vader of moeder wat 'n eggenoot deur die dood of egskeiding verloor het, met iemand anders, met of sonder kinders, in die eg verbind word.

Vir die doeleindes van hierdie studie word daar na die hersaamgestelde gesin verwys as dié gesin wat gevorm word deur volwassenes wat na verlies in 'n egskeiding weer met iemand anders, met kinders of sonder kinders, hertrou.

### 1.6.2 Biologiese vader

Vir die doel van hierdie studie word daar na die biologiese vader verwys as 'n volwasse man wat voorheen getroud was en waar daar een of meer kinders uit die huwelik gebore is voordat egskeiding plaasgevind het. 'n Hersaamgestelde gesin is gevorm deurdat die vader weer met 'n nuwe eggenote in die eg verbind is. Die biologiese vader het nie toesig-en-beheer oor sy biologiese kinders nie, dus woon die kinders nie op 'n permanente basis by sy hersaamgestelde gesin nie, maar besoek die gesin periodiek.

### 1.6.3 Nie-inwonende jong kind

Die term *nie-inwonend* verwys na die status van die kind, met ander woorde, die kind woon by die biologiese ouer wat toesig-en-beheer oor die kind het en besoek slegs die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin op 'n gereelde basis. Die term *jong kind* sal in hierdie studie gebruik word om alle laerskool-gaande persone tussen die ouderdom van sewe en twaalf jaar in te sluit.

### 1.6.4 Opvoedingsverhouding

Volgens die Fundamentele Pedagogiek (Landman 1983:1-3) bestaan 'n opvoedingsverhouding wanneer daar 'n selfstandige steungewer en 'n hulpbehoewende ontvanger van steun is. Om die opvoedingsverhouding toereikend in stand te hou en te versterk moet die volgende verhoudingstrukture teenwoordig wees, naamlik: begrypingsverhouding, vertrouensverhouding en gesagverhouding.

In die *begrypingsverhouding* tussen die ouer en kind, moet die ouer begrip toon van die ontwikkelingsfase van die kind (begryping van kindwees) en die kind moet terselfdertyd begrip toon van behoorlikheidseise wat aan hom voorgehou word. Tydens die totstandkoming van 'n *vertrouensverhouding* word vertroue deur die ouer by die kind gewek

deurdat die kind die ouer vertrou om hom te begelei. Die ouer as begeleier, stel vertroue in sy kind, deur te vertrou dat sy kind sy begeleiding sal aanvaar en gebruik. Die *gesagsverhouding* tussen 'n ouer en 'n kind wentel om die saamlewe in die lig van besondere behoorlikheidseise wat deur beide partye erken en gehoorsaam moet word.

Vanuit die Sosio-Opvoedkunde word daar na die opvoedingsverhouding in 'n sosiale konteks (gesin, skool en samelewing) verwys. Pretorius (1994:3) beskryf opvoeding as leiding aan die kind om doelmatig op alle sosiale vlakke en in alle sosiale verhoudings en situasies met ander saam te leef. Le Roux (1992:5) beskryf die fundamentele opvoeder-kind-verhouding as 'n *Ek-jy-verhouding,* wat tegelyk dien as opvoedingsbasis en opvoedingsvoorwaarde en wat gekenmerk word deur intieme toesegging, persoonsgerigte dialoog, koestering, veiligheidsbelewing, betoonde liefde en wederkerige toegeneentheid. Opvoeding het ten doel om binne 'n sosiale konteks, die kind met die vervulling van sy behoeftes te begelei.

Vir die doeleindes van hierdie studie, erken ek die fundamentele opvoedingsverhouding in 'n sosiale konteks. Ek steun ook die siening dat die vestiging van 'n toereikende ek-jy-verhouding in die hersaamgestelde gesin gepaard gaan met unieke potensieel-problematiese omstandighede, anders as in die kerngesin (Kriel 1996:173).

## 1.7 NAVORSINGSPARADIGMA

Hierdie studie word vanuit die Interpretivistiese paradigma benader. Erkenning word gegee aan die individu se subjektiewe ervarings wat veelvoudig en geldig is en sosiaal gekonstrueer word. Ek glo dat begrip van die individu se ervarings deur die navorser verwerf kan word deur middel van interaksie op 'n verbale en nie-verbale vlak. Die doel hiermee is om eerder menslike gedrag te verstaan, as om gedrag te probeer verklaar of te voorspel. Begrip word gefasiliteer deur 'n proses van dekonstruksie van 'n persoon se eie gekonstrueerde werklikheid en idees asook 'n ko-konstruksie van nuwe interpretasies namate inligting ingewin word (Adams Collair, Oswald & Perold 2004:356).

Terre Blanche en Durrheim (2002:127) meen dat 'n interpretivistiese navorser sin wil maak uit die gevoelens, ervarings, sosiale situasie of verskynsel soos wat dit in die realiteit voorkom en die ondersoek dus uitvoer in die natuurlike omgewing. As navorser sal ek poog om in noue samewerking met die biologiese vaders, die betekenis wat hulle heg aan ervarings en konstrukte binne die voltrekking van 'n opvoedingsverhouding met hul nie-inwonende jong kinders, te identifiseer, te verken en te beskryf met die oog op begryping van

hul subjektiewe ervarings ('n ontologiese perspektief). Ek sal die ervarings van die biologiese vaders vanuit hulle subjektiewe posisie beskryf, aangesien my oogpunt as navorser nie die kennisbron en fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur die biologiese vaders en hul nie-inwonende kinders beteken ('n epistemologiese perspektief).

Die navorsing sal dus uitsluitlik kwalitatief van aard wees. Henning (2004:3) meen dat die verskil tussen die kwalitatiewe en kwantitatiewe ontwerpe hoofsaaklik lê in eersgenoemde se *"...quest for understanding and for in-depth inquiry"*, wat juis deur die studie beoog word. Die doel is om verskillende perspektiewe asook pogings van die biologiese vader, in die proses van die voltrekking van die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind, in diepte te verken en te begryp. Volgens McMillan en Schumacher (2001:395), behels kwalitatiewe navorsing die beskrywing en analisering van persone se individuele en gesamentlike gedrag, oortuigings en persepsies.

## 1.8 NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 1.8.1 Navorsingsontwerp

'n Meervoudige gevallestudie sal as navorsingsontwerp gebruik word. McMillan en Schumacher (2001:398) meld dat 'n gevallestudie-ontwerp gebruik word wanneer die data-analise fokus op een verskynsel, in dié geval verhoudingstigting, wat die navorser kies om in diepte te verstaan. Volgens Henning (2004:41) is gevallestudies 'n beskrywing van die hoe, waar, wanneer en hoekom dinge in die spesifieke gevallestudie gebeur. Die proses is dus deel van die uitkoms en die konteks is meer as net deel van die gevallestudie, dit is die geval self. Die interaksie tussen die konteks en die gebeure van die biologiese vader se pogings om 'n opvoedingsverhouding te stig, is die data wat geanaliseer gaan word.

### 1.8.2 Seleksie van deelnemers

Ek gaan 'n uitnodiging rig aan ouers van hersaamgestelde gesinne via 'n laerskool. Ek gaan telefonies met die vaders in kontak tree en die vaders wat voldoen aan die seleksiekriteria ('n biologiese vader wat in 'n hersaamgestelde gesin staan wie se jong kinders die nie-inwonende kinders is) nooi om aan die studie deel te neem. Die eerste drie vaders wat inwillig sal by die studie betrek word.

### 1.8.3 Data-insameling

Ek sal gebruik maak van meervoudige strategieë om inligting in te samel, wat my in staat sal stel om data te vergelyk en te bevestig wat deur die verskillende strategieë ingesamel word (McMillan & Schumacher, 2001:428). Metodes wat in die vooruitsig gestel word tydens die

studie sluit semi-gestruktureerde onderhoude, observasies, veldnotas en reflektiewe joernalisering in.

Semi-gestruktureerde onderhoude sal gebruik word om ’n volledige, gedetaileerde beeld te verkry van die biologiese vader se persepsies, beskouings en ervarings in sy pogings om ’n opvoedingverhouding met sy nie-inwonende kind(ers) te handhaaf. Vraagstelling sal deurgaans gerig wees op die identifisering en mobilisering van bates en sterkpunte van elke vader om sodoende tot beter begrip van die potensiaal van die opvoedingverhouding te kom.

Drie geleenthede vir onderhoudvoering met elke biologiese vader sal geskep word. Tydens die aanvang van die data-insamelingsproses sal daar gefokus word op suiwer vertelling van tipes insidente waar die biologiese vader bemoeienis maak met sy nie-inwonende jong kind/ers. Die tweede sessie sal afgestem word op bate-identifisering en bate-mobilisering met betrekking tot die biologiese vader se opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers. Tydens die derde sessie van die data-insamelingsproses sal daar weer gefokus word op suiwer vertelling van tipes insidente waar die biologiese vader bemoeienis maak met sy nie-inwonende jong kind/ers. Die doel van dié struktuur is om die funksionering van die opvoedingverhouding te verken in die lig van die bates en sterkpunte wat geïdentifiseer en gemobiliseer is.

’n Reflektiewe joernaal sal bygehou word wat bestaan uit drie dele, naamlik die daaglikse skedule, ’n persoonlike dagboek en aantekeninge oor die metodologie. Hierdie data-insamelingstegniek sal geïmplementeer word om te verseker dat ek te alle tye bewus sal wees van my eie vooroordele en subjektiwiteit ten einde die impak daarvan op die resultate van my navorsing te verminder.

Kommunikasie behels meer as die produksie van woorde. Mense kommunikeer ook deur hulle liggame. Observasie vorm ’n integrale deel van kwalitatiewe navorsing en vind deurlopend plaas. Ongestruktureerde waarnemings tydens onderhoude sal waar relevant gemaak word en tydens en na die onderhoude neergeskryf word. Verder sal ek veldnotas maak, wat onderskeidelik beskrywend en analities van aard sal wees.

### 1.8.4 Data-analise en interpretasie

Volgens Terre Blanche en Durrheim (2002:139) is daar binne ’n interpretivistiese studie nie ’n duidelike identifiseerbare begin- of eindpunt van data-insameling, data-analise en

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

interpretasie nie. Die een vloei langsamerhand in die ander en die proses kan beskou word as die heen en weer beweging tussen die bekende en die onbekende, asook tussen beskrywing en interpretasie. In kwalitatiewe data is die analisering onvermydelik interpretivisties (Cohen, Monion & Morrison 2000:282). Met behulp van die gekose navorsingsontwerp (meervoudige gevallestudie) en metodes van data-insameling (onderhoude, observasies, joernaal, veldnotas) sal ek kan fokus op die analisering en interpretasie van die biologiese ouer se response.

Cohen *et al.* (2000:282) verwys na spanning wat in data-analise veroorsaak word in die poging om enersyds die onderhoud holisties te behou en die neiging om tydens data-analise data te fragmenteer en sodoende die geheel te verloor. Die skrywers stel dat die *geheel* in onderhoude dikwels groter gewig dra as die som van die dele van die onderhoud. In 'n poging om die geheel juis te probeer behou, sal daar van verskillende metodes gebruik gemaak word tydens die analise en interpretasie van data.

Ek sal die onderhoude verbatim transkribeer. Nie-verbale kommunikasie sal op die toepaslike plekke noteer word. 'n Tematiese mikro-analise per geval per onderhoud sal uitgevoer word om sodoende temas te identifiseer. 'n Tweede fase van analise sal 'n meta-analise met betrekking tot die drie onderhoude per geval wees. Intra-vergelykings sal gedoen word met die oog om elke tema in terme van die verloop van die bespreking daarvan te analiseer, met versigtige inagneming van die feit dat my vrae en pogings tot bate-identifisering die inhoude van die temas soos aangebied deur die vader algaande mag beïnvloed. 'n Derde fase van meer oorsigtelike analise sal gedoen word met die oog op identifisering van 'n verbandhoudende tema tussen die drie deelnemers. Die veldnotas, observasies en reflektiewe joernaal sal deurgaans in aanmerking geneem word tydens analise. Die data sal na afloop van die analise in terme van die bio-ekologiese benadering van Bronfenbrenner as teoretiese raamwerk geïnterpreteer word.

## 1.9 PROGRAM VAN DIE STUDIE

Die raamwerk vir die verloop van die studie is as volg:

**Hoofstuk 1** dien as die inleidende oriëntasie en inleiding, waar die rasionaal en doel van die studie definieer is. 'n Uiteensetting van die navorsingsparadigma, navorsingsontwerp en navorsingmetodes wat tydens die studie gebruik sal word, is gedoen. Die hoofstuk definieer ook die kernkonsepte van die studie.

**Hoofstuk 2** sal fokus op 'n uiteensetting van die teoretiese raamwerk, die bio-ekologiese model, waarin die studie begrond sal word asook 'n bespreking van die bate-gebaseerde benadering, as uitgangspunt en oriëntasie tot die studie. 'n Bespreking van relevante literatuur met betrekking tot die hersaamgestelde gesin sal ook gevoer word.

**Hoofstuk 3** bied 'n volledige bespreking van die navorsingsproses. Die navorsingsontwerp, metodes van data-insameling, data-analise en data-interpretasie sal omvattend bespreek word. Die vertroubaarheid van die navorsingsbevindinge en die etiese maatreëls word in die hoofstuk uiteengesit. Beperkinge van die navorsing sal geïdentifiseer en toegelig word.

**Hoofstuk 4** dien as uiteensetting van die analise en interpretasie van verkreë resultate. 'n Bespreking van relevante literatuur as literatuurkontrole rakende die navorsingsbevindings sal gegee word waarna bevindings geïnterpreteer sal word binne die teoretiese raamwerk van die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner.

**Hoofstuk 5** behels 'n opsommende weergawe van die studie. Gevolgtrekkings van die studie sal bespreek word en aanbevelings sal gemaak word ten opsigte van verdere navorsing, opleiding en praktyk.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 2

# TEORETIESE RAAMWERK EN LITERATUUROORSIG MET BETREKKING TOT DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

## 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar eerstens gefokus op 'n uiteensetting van die teoretiese raamwerk, die bio-ekologiese model, waarin die studie begrond word. 'n Bespreking van die bate-gebaseerde benadering, as uitgangspunt en oriëntasie tot die studie, sal kortliks gegee word. Die literatuuroorsig het ten doel om die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm te belig asook die verkenning van opvoedingsverhoudings binne hierdie unieke gesinsvorm.

## 2.2 TEORETIESE RAAMWERK

### 2.2.1 Inleiding

Du Plessis (1993:204) toon aan dat die hersamestelling van 'n gesin aanleiding gee tot unieke interpersoonlike verhoudinge. Die totstandkoming en ontwikkeling van hierdie verhoudinge kan nie op stereotipe rolverdelings, soos wat dit in 'n kerngesin voorkom, gebou word nie, maar word met verloop van tyd verwerf, deur wedersydse respek en agting vir mekaar se omstandighede, behoeftes en gevoelens. Begrip vir die kompleksiteit van invloede, interaksies en interpersoonlike verhoudinge tussen die individuele gesinslede binne 'n hersaamgestelde gesin asook tussen veelvuldige ander sisteme waaraan elke individu deelneem, kan gevorm word vanuit die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner.

Dié model is 'n voorbeeld van 'n multidimensionele model van menslike ontwikkeling wat die aanname huldig dat daar verskillende lae of vlakke van sisteme bestaan wat voortdurend met mekaar in interaksie is en wat verandering, groei en ontwikkeling tot gevolg het. Wat dus in die een sisteem gebeur het 'n invloed op en word beïnvloed deur die ander sisteem. Multidimensionele modelle het veral waarde in die beskrywing van ontwikkeling sowel as die komplekse en oorsaaklike prosesse betrokke in verandering (Swart & Pettipher 2004:10).

### 2.2.2 Die bio-ekologiese model

Die bio-ekologiese model spruit voort uit die ekologiese perspektief van Urie Bronfenbrenner. Volgens Thomas (2000:405) verwys die ekologiese perspektief na die bestudering van die verhoudinge tussen individue en hul sosiale sowel as fisieke omgewing en het dit ten doel,

die optimale passing tussen die individu en omgewing. Die sosiale konteks bestaan uit verskillende sisteme wat in interaksie verkeer, ook tydens die individu se ontwikkeling.
Urie Bronfenbrenner (1992:188) definieer die ekologiese perspektief soos volg:

> *"The ecology of human development is the scientific study of the progressive, mutual accommodation, throughout the life course, between an active, growing human being, and the changing properties of the immediate settings in which the developing person lives, as this process is affected by the relations between these settings, and by the larger contexts in which the settings are embedded."*

Die **Mikrosisteem** verwys na die aktiwiteite, rolle en interpersoonlike verhoudinge tussen die individu en die sisteem waarbinne die individu aktief betrokke is, byvoorbeeld die gesin, die skool of die portuurgroep. In die bio-ekologiese model word die betekenisvolle ander as deelnemers in die situasie ingesluit, wat ook oor hulle eie persoonseienskappe, temperament, persoonlikheid en oortuigings beskik, en wat die ontwikkeling van die individu beïnvloed. Om die individue in die mikrosisteem te bestudeer is dit noodsaaklik om alle inligting, oor 'n tydperk, te versamel wat te make het met die kataliserende faktore van beide die deelnemers en die omgewing (Thomas 2000:408, Swart & Pettipher, 2004:14).

Die **Mesosisteem** verwys na die verhouding wat ontwikkel of bestaan tussen die verskillende mikrosisteme. Die gesin, die skool en die portuurgroep is in die mesosisteem in interaksie met mekaar en gee ook aanleiding tot veranderinge in die sisteem. Bronfenbrenner (in Thomas 2000:409) vestig die aandag op die volgende in die mesosisteem:

> *"Special attention is focussed on the synergistic effects created by the interaction of developmentally instigative or inhibitory features and processes present in each setting"*

Die **Exosisteem** verwys na een of meer kontekste waarin die individu nie betrokke is nie, maar wat die individu indirek beïnvloed, byvoorbeeld die vader se werksomgewing, die media of plaaslike gemeenskapsorganisasies. Alhoewel die kind nie betrokke is in die sisteem nie, word die kind indirek beïnvloed deur byvoorbeeld, spanning by die ouer se werksituasie wat oorspoel na die huis en moontlik die kwaliteit van die opvoedingsverhouding beïnvloed (Swart & Pettipher, 2004:14).

Die **Makrosisteem** verwys na die houdings, oortuigings en waardes wat inherent in die sisteme binne 'n spesifieke gemeenskap of kultuur is. Gehoorsaamheid aan gesag en respek vir senior burgers van die gemeenskap is 'n voorbeeld van kulturele waardes wat 'n invloed

uitoefen op die proksimale interaksie in die kind se mikrosisteem en dit sal heel waarskynlik 'n effek op die mesosisteem ook uitoefen (Donald, Lazarus & Lolwana 2002:53).

Die **Chronosisteem** verwys na die ontwikkelings-tydrame wat bestaan in die interaksies tussen die sisteme en die invloed hiervan op die ontwikkeling van die individu. 'n Gesin of enige ander sisteem waarin die ontwikkelende kind betrokke is word as 'n ontwikkelende proses op sigself gesien en is op sy beurt weer in interaksie met die kind se progressiewe vlak van ontwikkeling (Donald *et al*. 2002:51).

Bronfenbrenner beskryf die sisteme in hul sosiale konteks as *"..... a set of nested structures, each contained inside the next like a set of Russian Dolls"* (Swart & Pettipher, 2004:10) en hy is van mening dat kinders aktiewe deelnemers is in hulle eie ontwikkeling en nie slegs oorgelewer is aan hul omgewing nie. Hy verklaar vervolgens dat die individu die omgewing beïnvloed en dat die individu dan ook beïnvloed word deur die omgewing waarin hulle hulself bevind. Die kind se persepsie van die omgewing is sentraal in die begryping van hoe die kind in interaksie met sy omgewing verkeer en hierdie persepsie van die omgewing rig dus die kind se optrede teenoor ander persone sowel as teenoor die omgewing (Donald *et al*. 2002:51; Swart & Pettipher, 2004:14). Binne die uniekheid van die hersaamgestelde gesin is die nie-inwonende kind en die vader periodiek in interaksie en beïnvloed hulle mekaar wedersyds. Albei partye se persoonseienskappe het 'n direkte invloed op mekaar.

Swart en Pettipher (2004:10) beskryf vier interaktiewe dimensies wat in aanmerking geneem moet word in die begryping van kinders se ontwikkeling in konteks, soos uiteengesit in Bronfenbrenner se vroeëre sowel as sy meer resente werk, naamlik: proses, persoon, konteks en tyd.

**Proses** vorm die kern van die bio-ekologiese model en verwys na spesifieke vorme van interaksie patrone wat tussen die individu en die omgewing plaasvind. Om effektiwiteit te verseker moet intieme, van-aangesig-tot-aangesig interaksie op 'n gereelde basis plaasvind oor 'n uitgebreide tydsperiode en toenemend kompleks van aard word. Interaksie wat so plaasvind word *proksimale* prosesse genoem (Donald *et al.* 2002:51; Swart & Pettipher, 2004:13). Bronfenbrenner (in Thomas 2000:408) verwys na voorbeelde van proksimale prosesse as die ouer-kind verhouding, die kind-kind aktiwiteite, aanleer van nuwe vaardighede soos fietsry en die uitvoering van komplekse take soos lees en skryf. Hierdie proksimale prosesse moet progressief meer komplekse wederkerige interaksies bevat tussen 'n aktiewe individu en 'n persoon, voorwerp of simbool in die persoon se onmiddellike omgewing. 'n Verkenning van die interaktiewe prosesse wat plaasvind as die nie-inwonende

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

jong kind vir 'n naweek of vakansie sy/haar vader besoek, is nodig ten einde die verhouding van die vader in die hersaamgestelde gesin met sy nie-inwonende jong kind te ondersoek en te beskryf.

**Persoonseienskappe** sluit alle gedragstendense in wat reaksie by ander persone ontlok, aanmoedig of ontmoedig, soos byvoorbeeld die temperament, persoonlikheid en houding van 'n kind en/of 'n ouer. Hierdie biologiese eienskappe het 'n invloed op die proksimale proses en beïnvloed die ontwikkelings-uitkomste van die kind in 'n sekere konteks, soos byvoorbeeld in die gesin of by die skool. Dit is dan ook waar die begrip *bio-ekologies* ontstaan het (Donald *et al*. 2002:51; Swart & Pettipher, 2004:13). 'n Beskrywing van die unieke verhouding en interaksie tussen die vader en sy nie-inwonende kind noodsaak dat die drie tipes persoonseienskappe naamlik geaardheid, ekologiese hulpbronne en appèlmatige eienskappe wat geïdentifiseer word in die bio-ekologiese model in aanmerking geneem moet word (Swart & Pettipher, 2004:13):

Geaardheid of habituele gemoedsgesteldheid kan die proksimale prosesse mobiliseer, rig en in stand hou, maar kan ook die proksimale prosesse verhinder of beperk. Voorbeelde van verskillende tipes geaardheid is onder andere impulsiwiteit, afleibaarheid, aggressie, gevoel van onsekerheid, skaamheid asook belangstelling, motivering, inisiatief en 'n bereidwilligheid om keuses te maak.

Ekologiese hulpbronne is die individu se bates en beperkinge wat 'n invloed het op die individu se vermoë om effektief deel te neem aan die proksimale prosesse. Bates verwys na byvoorbeeld vermoëns, kennis, vaardighede en ondervinding of ervaring. Beperkinge verwys onder andere na genetiese belemmering, fisiese probleme en neurologiese disfunksies.

Appèlmatige eienskappe of *demand characteristics* is die vermoë om reaksies vanuit die sosiale omgewing te ontlok of te ontmoedig, wat die prosesse van groei kan bevorder of verhinder. 'n Voorbeeld hiervan sluit in hiperaktiwiteit teenoor passiwiteit. Bouwer (2004:51) noem dat die appèlmatige eienskappe die individu se verhoudings met ander en die omgewing kan beïnvloed. Sy noem verder dat die individu se manier van uitdrukking en reaksies beïnvloed word deur die individu se interpretasie van gebeure en die terugvoer wat die individu ontvang.

**Konteks** sluit onder andere in die gesin, skool en gemeenskap. Donald *et al*. (2002: 51) noem dat toereikende ontwikkeling afhanklik is van die konteks waarbinne proksimale prosesse plaasvind. Die hersaamgestelde gesin se situasie bring 'n unieke dimensie na die

opvoedingsverskynsel aangesien die nie-inwonende kind deel is van twee huishoudings met verskillende strukture. 'n Beskrywing van die unieke aard van die hersaamgestelde gesin waar die kind slegs periodiek by betrokke is, is belangrik om die unieke interaksies tussen gesinslede te verstaan.

**Tyd** sluit in die verandering oor tyd as gevolg van maturasie in die individu sowel as verandering in die omgewing. Bronfenbrenner onderskei tussen mikro-tyd, meso-tyd en makro-tyd. Binne voortdurende episodes van proksimale prosesse verwys mikro-tyd na die kontinuïteit teenoor diskontinuïteit van die prosesse. Meso-tyd is die periodiese aard van hierdie episodes oor breër tydsintervalle, soos dae en weke. Makro-tyd fokus op die veranderende verwagtinge en gebeure in die groter gemeenskap, beide in en oor generasies, soos hulle 'n invloed uitoefen op of beïnvloed word deur, die proses en uitkomstes van menslike ontwikkeling oor die lewensverloop (Swart & Pettipher, 2004:15).

Die bio-ekologiese model voorsien 'n raamwerk waarbinne die verhouding tussen die vader in die hersaamgestelde gesin en sy nie-inwonende jong kind ondersoek en beskryf kan word. Die model het waarde in die begryping van die twee gesin-kontekste waartoe die kind behoort, deur hulle te beskou as sisteme op sigself en wat in interaksie is met die breër sosiale konteks. Die belangrikheid van die verskillende vlakke van die breë sosiale konteks wat op komplekse en dinamiese wyses met mekaar in interaksie is, word beklemtoon. Om die geheel te verstaan is dit belangrik om die verhouding tussen die verskillende dele van die geheel te beskou en te verstaan (Swart & Pettipher, 2004:15).

### 2.2.3 Die bate-gebaseerde benadering

> *"An approach refers to the way in which we take steps toward a particular purpose. It also refers to the manner in which we take those steps"* Eloff (2003:8).

Die bate-gebaseerde benadering kan ook metafories beskryf word as die besondere bril waardeur 'n individu na die fenomeen sal kyk. Eloff en Ebersohn (2001:148) is van mening dat professionele rolspelers binne die veld van die opvoedkundige-sielkunde verskil wat betref hul benaderings tot problematiese situasies. Daar kan onderskei word tussen 'n behoefte-gedrewe benadering en 'n bate-gebaseerde benadering. Die behoefte-gedrewe benadering word beskryf as 'n patologiese model wat gekenmerk word deur 'n dominante fokus op probleme en tekortkominge. Volgens Eloff (2003:5) impliseer dié benadering dat professionele rolspelers beskou word as alleen-kundiges wat probleme oplos. Eienaarskap en deelname in besluitnemingsprosesse word dikwels van kliënte weerhou en gevolglik word 'n ongesonde siklus van afhanklikheid en onmag versterk.

Die bate-gebaseerde benadering, soos gekonseptualiseer deur Kretzmann en McKnight (1993:148), fokus andersyds holisties op die bates, vaardighede en bekwaamhede soos dit figureer binne ’n sosiale sisteem. Volgens Eloff (2003:10) impliseer dié benadering ’n sterk klem op bemagtiging en self-determinasie, die skepping van netwerke en verhoudings, die gebruik van dit wat op ’n gegewe oomblik beskikbaar is, samewerking, dinamiese vennootskappe en deelname, die oortuiging dat bates en kapasiteite altyd teenwoordig is, asook intrinsieke kreatiwiteit, beheer en mag. Die bate-gebaseerde benadering werk met die bates wat beskikbaar is binne ’n sisteem, met die doel om individue, gesinne en gemeenskappe te bemagtig en met meer positiewe gevoelens te laat.

’n Verdere implikasie van die bate-gebaseerde benadering is dat die professionele rolspeler glad nie as die “kenner” figureer nie, maar eerder beskou word as ’n fasiliteerder wat kommunikasie en mobilisering van bates aanmoedig. Bouwer (2005:51) beskryf die bate-gebaseerde benadering soos volg:

> *“It is about utilising resources in the environment in perhaps new ways, valuing and sustaining that which is familiar, and giving that which appears foreign a fair chance. It is about recognising and appreciating all the people surrounding one for what they know and are able to do and, most especially, approaching them with trust when a need is felt for participation, advice or assistance.”*

Die bate-gebaseerde benadering is nie ’n program wat op ’n sekere tydstip geïmplementeer kan word nie, dit is eerder ’n houding ten opsigte van individue en sisteme. ’n Belangrike aspek om in gedagte te hou is dat die verkenning van bates nie bloot gerig is daarop om die sterkpunte en swakpunte te verken nie, maar dit is eerder ’n paradigma skuif van hoe ons die besondere situasie benader. Kretzmann en McKnight (1993:13) stel dit soos volg:

> *“Every single person has capabilities, abilities and gifts. Living a good life depends on whether those capebilities can be used, abilities expressed and gifts given. If they are, the person will be valued, feel powerful and well-connected to people around them”.*

Eloff (2003:5) stel dit duidelik dat die bate-gebaseerde benadering nie ten doel het om probleme en tekortkominge te negeer nie, maar dat die fokus, identifisering en mobilisering van bates juis die probleme en tekortkominge kan aanspreek. Eloff (2003:12) tabuleer die verskille tussen bate-gebaseerde en behoefte-gebaseerde benaderings binne die veld van die Opvoedkundige-Sielkunde as volg (Tabel 2.1):

Tabel 2.1 Vergelyking tussen die bate-gebaseerde benadering en behoefte-gebaseerde benadering.

| Bate-gebaseerde benadering | Behoefte-gebaseerde benadering |
|---|---|
| Ontologie<br>• Fokus op bates en moontlikhede<br>• Glas-is half-vol<br>• Multikulturele oriëntasie<br>• Vaardighede<br>• Meervoudige realiteite | Ontologie<br>• Fokus op probleme en behoeftes<br>• Glas-is-half-leeg<br>• Westerse oriëntasie<br>• Gestremdhede<br>• Enkele realiteit |
| Professionele rolspelers<br>• Verbind "kliënt" met bates<br>• Netwerkers<br>• Sien aanpasbare oorlewing<br>• Verstaan<br>• Deel kennis<br>• Versamel data rondom bates en moontlikhede<br>• Maak konneksies<br>• Verhoudings | Professionele rolspelers<br>• Lewer 'n diens<br>• Kenners<br>• Sien disfunksie<br>• Etikettering<br>• Eksklusiewe kennis<br>• Versamel data rondom probleme<br>• Dra inligting oor<br>• Rede en rasionaal |
| Dienste<br>• Ondersteunend<br>• Siklus van "in staat stel"<br>• Samewerkend<br>• Funksionele benadering | Dienste<br>• Paternalisties<br>• Siklus van afhanklikheid<br>• Gefragmenteerd<br>• Dissipline-spesifieke benadering |
| Kliënte<br>• Kenners<br>• Essensiële standpunte<br>• Het optimale mag | Kliënte<br>• Kliënte<br>• Ontkenning en onkunde<br>• Het beperkte mag |

Die bate-gebaseerde benadering is gesetel in die positiewe sielkunde wat ten doel het om die fokus te verskuif vanaf die herstel van dit wat verkeerd is in die lewe, na die konsentrasie op die sterkpunte van die individu en hoe daarop gebou kan word (Carr 2004:1). Die veld van positiewe sielkunde fokus op die positiewe subjektiewe ervarings van die individu asook die gekonstrueerde kognisie oor die toekoms. Met betrekking tot die individuele vlak handel die positiewe sielkunde oor positiewe persoonlike eienskappe, soos byvoorbeeld deursettingsvermoë, interpersoonlike vaardighede, wysheid en sensitiwiteit (Seligman 2002:3). Carr (2004:1) sluit hierby aan deur te postuleer dat die positiewe sielkunde fokus op die verstaan en verklaring van geluk en subjektiewe welstand asook op die akkurate voorspelling van faktore wat moontlik 'n invloed op so 'n status mag hê. Die bate-gebaseerde benadering kan moontlik suksesvol aangewend word om vaders in die hersaamgestelde gesin attent te maak op die bates en sterkpunte binne die unieke

samestelling van die hersaamgestelde gesin asook die vaardighede waaroor die vaders reeds beskik. Deur die beskikbare bates en sterkpunte binne die hersaamgestelde gesin te benut en aan te wend, sal vaders waarskynlik bemagtig word tot meer effektiewe verhoudingstigting.

In die opvoedkundige sielkundige begeleidingsproses wentel die gesprekke dus nie om pogings om uit te vind wat verkeerd is of waar die individu se swakhede lê nie, maar eerder om die identifisering van die vader se sterkpunte en hoe die vader gelei kan word om hierdie positiewe eienskappe tot voordeel van hom en sy kinders optimaal te kan gebruik. Die vader sal dus sistematies bewus gemaak moet word van positiewe eienskappe waaroor hy alreeds beskik en watter effek dit op hul lewens kan uitoefen.

## 2.3 DIE HERSAAMGESTELDE GESIN

### 2.3.1 Inleiding

Kapp (2002:26) postuleer dat indien die hersaamgestelde gesin, metafories gesproke, in ‘n spieël sou kyk, sou hulle waarskynlik ’n wasige, deurmekaar weerkaatsing sien. Ek is van mening dat daar ’n kaleidoskoop van kleur in hierdie weerkaatsing teenwoordig is wat die uniekheid van elke besondere hersaamgestelde gesin reflekteer. Die ouer in ’n hersaamgestelde gesin staan voor komplekse uitdagings, aangesien die opgaaf van opvoeding sowel as ouerskap nie meer rus op die skouers van slegs een ouerpaar, soos in die geval van ’n kerngesin, nie.

Om as kind deel te wees van ’n hersaamgestelde gesin is baie meer ingewikkeld as om slegs met een ouerpaar groot te word. Ouerskap in ’n hersaamgestelde gesin is dus nie kinderspeletjies nie en is dubbeld so moeilik, soos Visher en Visher (1982:5) al vroeg in die tagtigerjare gevind het:

> *“Subsequent families are structurally and emotionally different from first families. Upset and sadness are experienced by children and at times by the adults as they react to the loss of their biological family or the loss of a dream of a perfect marriage. Acceptance that a stepfamily is a different type of family is important, as is the recognition that many upsetting behaviours result from these feelings of insecurity and loss”*

Vervolgens gaan daar gefokus word op die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm wat ontstaan as gevolg van hertroue na die ontbinding van die huwelik deur middel van egskeiding, om sodoende duidelikheid te kry oor die uniekheid sowel as die dinamiek van die opvoedingsverhoudings binne die hersaamgestelde gesin. Mites wat opvoedingsverhoudings mag beïnvloed word ondersoek en die uitdagings word verlig

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

waarvoor die ouer wat nie toesig-en-beheer het nie te staan kom. Ten slotte sal die nie-inwonende kind wat die hersaamgestelde gesin besoek, belig word.

### 2.3.2 Die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm

Anders as die kerngesin, word die hersaamgestelde gesin op komplekse fondamente gebou en word die lede van dié gesin verbind deur bande van die verlede sowel as die hede (Kriel 1996:21). Gebrekkige insig in die unieke aard en samestelling van die hersaamgestelde gesin as unieke gesinsvorm kom dikwels by ouers van hersaamgestelde gesinne voor, aangesien dié ouers die model van die kerngesin gebruik om die hersaamgestelde gesin op te bou. Die gebrek aan insig in die unieke aard van die hersaamgestelde gesin kan aanleiding gee tot rolverwarring en onsekerheid, aangesien die lede van die hersaamgestelde gesin, dikwels tevergeefs, daarna streef om weer 'n kerngesin te vorm, in plaas daarvan om hulle eie norme, grense rituele en rolverdeling te bepaal en na te streef. (Du Plessis 1994:65; Ganong & Coleman 1994:4-10).

Die hersaamgestelde gesin verwys na 'n gesin, waar ten minste een van die ouers 'n kind of kinders uit die vorige huwelik gehad het, voor die egpaar se nuwe huwelik. Deur 'n herstrukturering van een of twee gesinne ontstaan dus weer een gesin. Scheepers (1991:21) definieer die hersaamgestelde gesin soos volg:

> *"Die hersaamgestelde gesin is 'n gesin wat gevorm word deur volwassenes wat deur een of ander verlies (dood van 'n eggenoot of egskeiding) weer met iemand anders, met of sonder kinders hertrou"*

Die hersaamgestelde gesin kan op twee verskillende wyses gevorm word. Eerstens kan hertroue plaasvind na die ontbinding van die huwelik as gevolg van die dood van 'n eggenoot en tweedens kan hertroue ontstaan na die ontbinding van die huwelik deur middel van egskeiding (Ganong & Coleman 1994:24). Vir die doeleindes van hierdie studie word daar gefokus op die hersamestelling van die gesin na egskeiding, of dan *post divorce remarried families* .

### 2.3.3 Hertroue na die ontbinding van die huwelik deur middel van egskeiding

Die ontbinding van die huwelik deur die afsterwe van 'n huweliksmaat geskied sonder waarskuwing of keuse deur die ander party. Die teenoorgestelde geld egter by die ontbinding van 'n huwelik deur egskeiding, in die sin dat egskeiding minstens een van die partye se keuse is. Die realiteit van egskeiding is 'n persoonlike belewenis en hierdie verskuiwing in

huwelikstatus bring wysigings in die lewensuitkyk, selfsiening, maatskaplike posisie en gepaardgaande rolle en aktiwiteite mee (Lampard & Peggs 1999:445; Scheepers 1991:63).

Egskeiding gaan dikwels gepaard met verskeie verliese, onder andere die verlies van 'n huweliksmaat, familielede, inkomste asook die verandering van woonplek en die ingrypende verandering van die alledaagse lewensroetine wat eie is aan 'n huwelik. Die nie-beheer-en-toesighoudende vader "verloor" ook waardevolle tyd saam met sy kinders aangesien hy hulle nie meer op 'n daaglikse basis te siene kry nie (Amato 2000:1269; Du Plessis 1993:4; Schneller & Arditti 2004:25).

Volgens Du Plessis (1993:47) kan 'n egpaar as egmaats skei, maar hulle skei nooit as ouers nie. Hulle word genoodsaak om hulle ouerlike funksie voort te sit en behoort dit verkieslik op 'n volwasse wyse te doen. Sy is van mening dat die ouers wat in staat is om hulle gewese egmaats te erken en te akkommodeer as mede-ouers in hulle kinders se opvoeding, minder aanpassingsprobleme en konfliksituasies ondervind met die betrokke kinders. Die noodsaaklike aanvaarding van die afwesige ouer as mede-ouer in die kind se opvoeding kan die samewerking tussen twee huishoudings verbeter. Sodoende word ongegronde verwagtings dat die nuwe eggenoot of eggenote die afwesige ouer gaan vervang, voorkom en voorkom dit ook verder lojaliteitsprobleme by die kind (Dunn, O'Connor & Cheng 2005:223; Kaplan 1991:11).

Die realiteit van die egskeiding is 'n persoonlike belewenis wat dikwels deur die geskeide persoon as oorweldigend en traumaties ervaar word. Dit is hier waar rolverwarring dikwels ontstaan, aangesien dit dikwels gebeur dat die ouer sy/haar mening oor die ander ouer aan die kind oordra. In 'n poging tot vergelding of manipulasie misbruik sommige ouers hul kinders na die egskeiding om mekaar te na te kom (Kriel 1996:228).

Die aanname word dikwels gemaak dat die interaksie van die nie-inwonende kinders met hul biologiese ouers 'n positiewe effek op die kind se ontwikkeling sal hê. Volgens die navorsing van Spruijt *et al.* (2004:81) is bevind dat daar geen korrelasie bestaan tussen die hoeveelheid kontak van die nie-inwonende vader met sy kinders en die probleme wat die kinders ondervind nie. Volgens die navorsers blyk dit dat konflik tussen die ouers, na die egskeiding, aanleiding gee tot meer opvoedingsprobleme en vertroebelde ouer-kind verhoudinge. Hulle postuleer dat gereelde kontak tussen die nie-inwonende vader en sy kind belangrik is, maar op die voorwaarde dat die ouers sal leer hoe om hulle konflikte en aggressie teenoor mekaar te beheer en te hanteer.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

*"It would be far more to children's advantage if the parents learned to communicate better with one another and realized that long-term conflicts damage their children"* (Spruijt *et al*. 2004:88).

Kommunikasievaardighede tussen gewese egmaats speel 'n groot en betekenisvolle rol in die suksesvolle voltrekking van ouerskap in die nuwe hersaamgestelde gesin (Beaudry, Boisvert, Simard, Parent & Blais 2004:98). Indien ouers gesamentlike ouers kan bly, ten spyte van die feit dat hulle nie meer as 'n kerngesin funksioneer nie, sal die kinders daarby baat vind (Amato & Glibreth, 1999:559, Amato, 2000:1269), maar sulke hoë kwaliteit ouerskap is nie baie algemeen nie (Sobelewski & King, 2005:1196).

Soos voorheen aangedui, beïnvloed kinders se negatiewe gedrag die sukses van 'n hersaamgestelde gesin negatief. Adler-Baeder en Higginbotham (2004:448) stel 'n program voor waar ouers gelei word om 'n samewerkende "besigheidstipe" verhouding met die vorige egmaat te handhaaf om sodoende negatiewe inpak op die kinders sowel as die hersaamgestelde gesin te bekamp. So 'n besigheidstipe verhouding sluit vaardighede in soos nie-verdedigende luistervaardighede en nie-konfronterende kommunikasie-vaardighede.

Dit is my mening dat ouers wat skei, hulp en leiding moet kry oor hoe om hul ouerskap toereikend voort te sit. Ek is oortuig daarvan dat die manier waarop die volwassenes die egskeiding hanteer 'n invloed het op hoe die kinders daarby gaan aanpas. Die afwesige ouer het nie net 'n finansiële plig teenoor sy/haar kinders nie, maar ook 'n opvoedingsplig.

Scheepers (1991:57) maak die stelling dat die individu wat besluit om te hertrou nie slegs 'n keuse moet uitoefen met betrekking tot 'n nuwe lewensmaat nie, maar dat hy homself moet voorberei en heroriënteer ten opsigte van 'n nuwe huweliks-en gesinslewe wat volg. Du Plessis (1993:204) is van mening dat huweliksmaats 'n verdere huwelik onvoorbereid betree. Sy postuleer vervolgens dat ouers onkundig is oor die realiteite van die hersaamgestelde gesin, wat dan aanleiding gee tot onrealistiese verwagtings van die verhoudinge met verskillende gesinslede.

Waar die ouer dikwels opwinding ten opsigte van hertrou beleef, ervaar menige kinders dat as 'n persoonlike bedreiging. Vir die kind beteken hertroue die uitbreiding van sy familie: "stief"ouers, "stief"grootouers, "stief"broers en/of- susters, sowel as moontlike halfbroers en/of-susters. Dit beteken egter ook vir hom 'n *verlies* van sy enkelouer met wie hy 'n spesiale band opgebou het. Hy ervaar ook soms jaloesie jeens die nuwe eggenoot, wat sy spesiale plek kom inneem (Kaplan 1991:50), gevolglik is die kinders onwillige deelnemers

aan die nuwe hersaamgestelde gesin. Fantasieë van 'n versoening tussen die biologiese ouers kom ook dikwels by die kind in 'n nuutgevormde hersaamgestelde gesin voor (Bigner 1998:442).

Ten spyte van die feit dat hersaamgestelde gesinne 'n betekenisvolle deel van die populasie uitmaak wat ouerbegeleiding ontvang, is daar nog steeds unieke probleme wat nie deur die algemene huweliksberadingskriteria gedek word nie (Adler-Baeder & Higginbotham, 2004: 448). Ofskoon navorsing in die afgelope dekade meer begin fokus het op die begeleiding van die hersaamgestelde gesin (Kapp 2002:158, Du Plessis 1993:176), is Coleman, Ganong en Fine (2000:1288) van mening dat meer kwalitatiewe werk gedoen moet word rondom die ervarings, persepsies en refleksies van elke lid van die hersaamgestelde gesin ten einde dié unieke gesinseenheid optimaal te kan ondersteun by wyse van ouerbegeleiding.

Adler-Baeder en Higginbotham (2004:449) ondersteun bogenoemde beskouing deur te postuleer dat lede van 'n hersaamgestelde gesin juis meer leiding en ondersteuning nodig het, vanweë die kompleksiteit van die verhoudinge. Hulle is van mening dat die verbrokkeling van die hersaamgestelde gesin met die nodige ondersteuning verminder kan word en dat ook die kinders dan meer ondersteuning sal ontvang om die unieke uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin te kan hanteer.

Coleman *et al.* (2000:1288) toon aan dat hersaamgestelde huwelike 'n groter risiko loop om te ontbind as eerste huwelike vanweë die kompleksiteit van verhoudinge Kapp (2002:164) het bevind dat ouers in die hersaamgestelde gesin nie oor voldoende probleemoplossingsvaardighede beskik nie en daarom is dit van kardinale belang om die individualiteit en uniekheid van elke lid van die hersaamgestelde gesin in ag te neem tydens huweliksberading of terapeutiese intervensies (Halford, Markman, Kline & Stanley. 2003: 385).

Vanuit 'n opvoedkundige perspektief beskou, het daar radikale veranderinge ingetree ten opsigte van die gesinslewe as primêre opvoedingsituasie van die kind. Die hedendaagse terapeut gaan dus al meer te doen kry met die uitdagings van die hersaamgestelde gesin en dit is volgens Kapp(2002:170) uiters belangrik dat terapeute hulself vertroud moet maak met hierdie komplekse en problematiese gesinsisteem.

Elke lid van die gesin betree die hersaamgestelde gesin met unieke ervarings, herinneringe gewoontes en tradisies (Coleman & Ganong 1991:405). Om 'n duidelike beeld te kry van die kompleksiteit van die hersaamgestelde gesin en die unieke uitdagings waarvoor dit te staan

kom stel ek die volgende verduideliking aan die hand van drie diagramme uit Prinsloo (1991:3-8) voor:

Diagram 1 stel die kerngesin voor, met die egpaar se ouers en die egpaar se kinders. Die gemiddelde kerngesin kom tot stand wanneer twee volwassenes, naamlik 'n man en 'n vrou, trou. In die meeste gevalle word kinders eers na die ouers hulle aan mekaar verbind het, gebore. Die kinders word dan deel van die gesin en weet dat hulle deel is. Die meeste ouers aanvaar verantwoordelikheid vir hierdie kinders, is lief vir hulle en voed hulle op na die beste van hulle vermoë.

**Diagram 1: Kerngesin**






Diagram 2 stel 'n meer komplekse verhoudingstruktuur voor, wanneer Huweliksmaat B met 'n nuwe Huweliksmaat C in die huwelik tree. Huweliksmaat B se kinders het nou 'n biologiese vader, 'n "stief"vader en "stief"broers en –susters. Die "stief"broers en –susters woon nie noodwendig by hulle in nie, maar kom dikwels oor naweke en vakansies kuier (daar word aangeneem dat die moeder in elke egskeidingsgeval toesig en beheer oor die kinders het). Huweliksmaat A betaal onderhoud vir sy kinders se versorging. Huweliksmaat C ("stief"vader) tree as die versorgings- en gesagsfiguur op sonder enige wetlike mag. Intussen besoek Huweliksmaat C sy kinders by sy gewese huweliksmaat (Huweliksmaat D)


University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

**Diagram 2: Hertroue van huweliksmaat B**




Wanneer Huweliksmaat A ook hertrou (Diagram 3) tree daar verskeie nuwe interaksiepatrone na vore en word dit duidelik waarom daar na die aard en struktuur van die hersaamgestelde gesin as kompleks verwys word. Hierdie komplekse verhoudingstruktuur lei tot steeds meer moontlike konfliksituasies oor die hele spektrum van die hersaamgestelde gesin.

**Diagram 3: Hertroue van beide huweliksmaats A & B**



Elke hersamestelling van 'n gesin verander die gesinstruktuur en elke toevoeging van 'n nuwe lid of lede gee aanleiding tot unieke interpersoonlike verhoudinge wat nie staties is nie. Namate die kinders in die hersaamgestelde gesin ouer word en/of omstandighede verander, soos byvoorbeeld met 'n nuwe baba in die gesin, of wanneer die nie-inwonende kinders se moeder hertrou, sal verhoudinge noodwendig ook verander (Ganong & Coleman 1994:95). Vervolgens word die unieke verhoudinge binne die hersaamgestelde gesin verken.

### 2.3.4 Die hersaamgestelde gesin: 'n kaleidoskoop van verhoudinge

Wanneer die kind die hersaamgestelde gesin betree, en waar *albei* biologiese ouers weer hertrou, kry die kind nie net 'n "stief"moeder en "stief"vader by nie, maar ook die familie van albei ouers se egmaats. Die nie-inwonende kind staan voor die uitdaging om 'n verhouding met sy/haar ouer se eggenoot, die "stief"ouer, te stig. So ook ontstaan die behoefte van die biologiese ouer se eggenoot, die "stief"ouer, om 'n verhouding met die nie-inwonende kind te stig. Dit is belangrik om te onthou dat, al woon die "stief"ouer en "stief"kind nie op 'n permanente basis in dieselfde huishouding nie, hulle steeds in 'n verhouding is en die lidmaatskap van die "stief"gesin word gedeel (Benokraitis 1999:454).

Die hersaamgestelde gesinsisteem word dus onmiddellik gevestig. In 'n eerste huwelik kan ouers met verloop van tyd patrone, reëls, grense en rolle vir optimale gesinsfunksionering daarstel. Hersaamgestelde gesinne, daarenteen, kom voor die uitdaging te staan van die onmiddellikheid van noodsaaklike opvoedingspatrone en verhoudinge wat geïmplementeer moet word (Bigner 1998:442). Volgens Schmidt (in Kapp 2002:36) kom gesinslede in die hersaamgestelde gesin uit verskillende gesin-verwysingsraamwerke. Hulle kom voor die uitdaging te staan om by die nuwe hersaamgestelde gesinsituasie met sy uitgebreide verhoudingsnetwerke aan te pas en die verskillende verhoudinge wat bestaan, so te akkommodeer dat 'n nuwe identiteit gevestig kan word. Die struktuur van verhoudinge sal noodwendig verskil van die vorige verhoudinge waarin al die partye betrokke was.

In die hersaamgestelde gesin is daar dus altyd gesinslede wat nie biologies aan mekaar verwant is nie. Die *nuwe* ouer word dan die derde of selfs vierde volwassene wat betrokke is by die opvoeding van die kind. Wanneer die hersaamgestelde gesin gevorm word is dit volgens Grobler (2001:37) kitsklaar, met nuwe gesins-en familie netwerke wat ontwikkel. Die gesin skop af met verskeie verhoudings, onder andere die volwasse egpaar, die "stief"ouer-kind verhouding, ouer-kind verhouding asook die "stief"kind-"stief"grootouer verhouding. Hierdie verhoudinge is uniek tot die hersaamgestelde gesin, aangesien dit nie die norm in die kerngesin of die enkelouergesin is nie. Persone betrokke in hierdie nuwe rolle en unieke verhoudinge beskik volgens Ganong en Coleman (1994:119) oor die potensiaal om 'n

betekenisvolle bydrae in die lewe van die kind in die hersaamgestelde gesin te maak en moet in ’n meer positiewe lig gesien word as wat in die verlede die geval was.

Die vorming van die hersaamgestelde gesin word voorafgegaan deur veranderinge en verliese. Veranderinge ten opsigte van gesinsidentiteit, verhoudinge en rolverwagtinge kom voor asook die verliese aan verhoudinge, drome en geleenthede word ervaar. Indien verliese nie deurgewerk is voor die nuwe gesin gevorm word nie, kan dit lei tot verhoudingsprobleme as gevolg van skuldgevoelens, weerstand, teësin, asook opstandigheid (Visher & Visher in Ganong & Coleman 1994:132). Die kind in die hersaamgestelde gesin ervaar dikwels konflik ten opsigte van verdeelde lojaliteit teenoor die biologiese ouers en die volwassenes dra dikwels gemengde gevoelens oor die verlede (Kriel 1996:227), gevolglik vind effektiewe hersaamgestelde gesinsvorming nie plaas nie.

Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) identifiseer sewe fases in die ontwikkeling van verhoudinge in die hersaamgestelde gesin, wat in drie oorkoepelende stadiums verdeel word, naamlik die vroeë, middel en latere stadium.

*Die vroeë stadium,* of “aan die gang kom of “vassteek”-fase, kan verdeel word in fantasie, indompeling en bewuswording. Die herkenning van fantasieë en oortuigings soos dié van kits-liefde, sowel as onrealistiese verwagtinge, dat die nuutgevonde hersaamgestelde gesin soos die kerngesin moet kan funksioneer, kitsklaar, is die grootste uitdaging van die vroeë fase. Die illusies of fantasieë en verwagtinge realiseer nie en gee dan aanleiding tot teleurstelling, frustrasie, verwarring en ambivalente gevoelens teenoor lede in die hersaamgestelde gesin (vergelyk 2.3.5).

Indompeling vind plaas sodra ’n bewuswording van die realiteit van die hersaamgestelde gesin sigbaar is. Hierdie realiteitsbesef figureer rondom die verskille tussen onder andere biologiese ouers en “stief”ouers, interaksiepatrone tussen volwassenes en kinders asook rondom tradisies en gesinsrituele. Gevoelens van verwerping, mislukking en onsekerheid kom voor, wat tot rolverwarring aanleiding gee. Die herkenning van veelvoudige verskillende ervarings van die gesinslede, asook die bewuswording dat verwagtinge en ervarings nie is soos wat verwag is nie, dra by tot die groei-en ontwikkeling van elke lid van die hersaamgestelde gesin.

*Die middelstadium* of herstrukturering van die hersaamgestelde gesin bestaan uit twee fases, naamlik mobilisering en aksie. Die hersaamgestelde gesin is in die mobiliseringsfase as die lede aktief besig is om aspekte wat probleme veroorsaak aan te spreek. Verskille,

soms op die oog af onbenullig, word bespreek, wat tot stresvolle interaksies kan lei, aangesien fundamentele veranderinge rondom die toekomstige funksionering van die gesin as 'n eenheid, aangespreek moet word. Lojaliteitskonflikte teenoor die biologiese ouer kan in hierdie fase voorkom vanweë die feit dat die ander ouer/"stief"ouer 'n meer prominente rol begin speel (Burt & Burt in Kapp 2002:37).

Papernow (in Ganong & Coleman, 1994:143) stel dit dat die aksie-fase ook bekend staan as *"going into business together"*. Die ouers van die hersaamgestelde gesin is besig om hul eie rituele en reëls op te stel wat dan sal aanleiding gee tot 'n gevoel van sekerheid ten opsigte van lidmaatskap aan die *nuwe* gesin. Duidelike grense word vir die hersaamgestelde gesinsverhoudinge gestel, wat daartoe aanleiding gee dat gesinslede veilig voel om interaksie patrone van die kerngesin of vorige gesin te behou, sowel as om nuwe patrone te vestig.

*Die latere stadium* of verstewiging van die hersaamgestelde gesin bestaan uit twee fases, naamlik kontak en oplossing. Die verandering in die hersaamgestelde gesin se interaksie-patrone gee aanleiding tot meer gemaklike kontak en opregte intimiteit. Duidelike ouerskap rolle kristalliseer as gevolg van toereikende interaksie tussen die gesinslede. Interpersoonlike kontak tussen gesinslede is meer gemaklik en bevredigend. Alhoewel lede nie noodwendig van mekaar gaan hou nie, is hulle bereid om verskille te bespreek en oplossings te soek. Die hersaamgestelde gesin in die finale fase word gekenmerk deur meer stabiele verhoudinge, duidelike, definitiewe rolle en 'n gesin met 'n eie identiteit en karakter.

Grobler (2001:44) ag die bewustheid van die verskillende ontwikkelingsfases in die hersaamgestelde gesin as belangrik, aangesien dit 'n aanduiding kan wees van waar die gesinslede hulself bevind en watter aspekte nog aandag moet geniet. Myns insiens is dit uiters belangrik dat die uniekheid van die besondere gesinsisteem en situasie nie misken word nie. Eienskappe kan geïdentifiseer word maar mag nie veralgemeen word nie, aangesien geen twee hersaamgestelde gesinne presies dieselfde funksioneer nie. Hersaamgestelde gesinne het unieke behoeftes in terme van ondersteuning en onderrig, aldus pioniers in die veld van intervensie met lede in 'n hersaamgestelde gesin, Visher en Visher (1996:14-21).

### 2.3.5 Mites van die hersaamgestelde gesin

Die verskille tussen die hersaamgestelde gesin en die kerngesin is spesifiek en moet ten alle tye in ag geneem word wanneer daar met die hersaamgestelde gesin omgegaan word. Die hersaamgestelde gesin neig dikwels om soos die kerngesin te wil funksioneer, gevolglik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word daar onrealistiese verwagtinge oor die lewe in die hersaamgestelde gesin gekoester. Volgens Kriel (1996:228) kan baie van die verhoudingsprobleme wat in die hersaamgestelde gesin ondervind word, toegeskryf word aan die mites wat nog oor die gesinsvorm in die hedendaagse samelewing bestaan. Mites is onwaarhede rondom die unieke funksionering van die hersaamgestelde gesin en 'n aantal word vervolgens bespreek.

Kitsliefde

Ouers in die hersaamgestelde gesin koester dikwels die verwagting om dieselfde gevoel vir sy/haar huweliksmaat se kinders te hê as wat hulle vir hulle eie kinders het. Dit is egter nie moontlik of realisties nie, aangesien die ander ouer ("stief"ouer) nie die kinders sien grootword het nie en daar dus nie met verloop van tyd 'n hegte band tussen hulle ontstaan het nie. Dit is selfs moontlik dat 'n "stief"ouer ontdek dat hy/sy glad nie van die kind hou nie, en selfs 'n afkeer teenoor die kind beleef, wat tot skuldgevoelens aanleiding gee. Gevoelens van aggressie ontstaan aangesien negatiewe emosies rondom die kinders onderdruk of weggesteek word. Kitsliefde en kitsaanvaarding van die "stief"ouer, van die kind(ers) se kant af, is ook nie moontlik nie (Du Plessis, 1994: 65).

Kitsklaar kerngesin

Net soos daar nie sprake van kitsliefde in 'n hersaamgestelde gesin kan wees nie, kan die hersaamgestelde gesin ook nie as 'n kitsklaar kerngesin beskou word nie. 'n Wanopvatting rondom die gesin kan ontstaan aangesien ouers heel waarskynlik 'n begeerte het om weer 'n volledige gesin te hê, om te kompenseer vir die verbrokkeling van die vorige gesinseenheid. Ouers in die hersaamgestelde gesin verkeer dikwels onder die wanopvatting dat hulle 'n volledige gesin is en "normaal" kan funksioneer (Ganong & Coleman 1994: 144).

Die "wrede stiefmoeder" mite

Die "stief"ouer kom van die begin van gesinshersamestelling te staan voor negatiewe vooroordele. Die rol van die "stiefmoeder" word dikwels vergelyk met die bose stiefmoeder in bekende sprokies soos *Aspoestertjie, Hansie en Grietjie* en *Sneeuwitjie.* Daar kleef 'n stigma aan die woord *stiefouer* en dit het 'n mite geword dat stiefouers slegte ouers is. Die mite bestaan reeds eeue lank en kan veelvuldige probleme in die hersaamgestelde gesin veroorsaak, wat die pogings van die "stief"ouer om toereikende verhoudinge te stig in die wiele kan ry (Kriel 1996:99, Ganong & Coleman 1994:77, Du Plessis 1993:28). In 'n narratiewe analise van 'n "stief"ouer-ondersteuningsgroep postuleer Allison (2005:27) dat "stief"moeders probeer kompenseer vir die "wrede stiefmoeder"-etiket, deur die biologiese moeder af te maak as onstabiel en onbevoeg in 'n poging om die guns van die stiefkind te wen.

### 2.3.6 Ouerskap in die hersaamgestelde gesin

Ouerskap in die hersaamgestelde gesin verskil radikaal van ouerskap in die kerngesin, aangesien twee stelle kinders gewoonlik saamgegooi word en albei ouers die status van "stief"ouer verwerf. Nuwe "stief"broers en –susters word gedwing om saam groot te word en met mekaar oor die weg te kom, of hulle van mekaar hou of nie (Scheepers 1991:127).

Du Plessis (1993:204) postuleer dat daar 'n gebrek aan norme, grense, rituele en stereotipe rolverdeling vir die hersaamgestelde gesin bestaan. Gebrekkige insig in die unieke aard en samestelling van dié gesinsvorm kom by ouers van hersaamgestelde gesinne voor wat gevolglik daartoe aanleiding gee dat die lede van die hersaamgestelde gesin, dikwels tevergeefs, daarna streef om weer 'n kerngesin te vorm. Ganong en Coleman (1994:122) ondersteun die stelling deur aan te toon dat die *ander* ("stief")ouer voor uitdagings te staan kom wat uniek is aan die hersaamgestelde gesin. Die poging om 'n nuwe gesinseenheid te bewerkstellig asook die gebrek aan waardes en norme in die hedendaagse samelewing ten opsigte van die hersaamgestelde gesin bemoeilik die poging tot konstruktiewe ouerskap.

Wat hier dus beklemtoon word, is dat ouerskap in die hersaamgestelde gesin nie sinoniem is aan ouerskap in die tradisionele kerngesin is nie. Die hersaamgestelde gesin is uniek en anders en moet as sodanig benader word. Kriel (1996:148) postuleer dat erkenning deur die samelewing, dat die hersaamgestelde gesin 'n volwaardige alternatiewe gesinsvorm is, 'n waardevolle bydrae tot effektiewe aanpassing van gesinslede in die hersaamgestelde gesin kan lewer. Hersaamgestelde gesinne word te maklik gekonseptualiseer as huishoudings en daarom pleit Coleman *et al*. (2000:1288) vir meer indiepte navorsing wat spesifiek die nie-inwonende gesinslede insluit, aangesien kinders nie in 'n statiese omgewing grootword nie. Dit blyk dat daar tans onvoldoende inligting bestaan met betrekking tot die ouerskap van biologiese vaders in die hersaamgestelde gesin teenoor hul nie-inwonende kinders.

### 2.3.7 Ouerskap van die vader wat nie toesig- en- beheer het nie

Volgens Gupta, Smock en Manning (2004: 627) is een van die mees sigbare veranderings in die gesinslewe van die afgelope dekade, die feit dat daar 'n toename is in nie-inwonende vaderskap en gepaardgaande daarmee 'n toename in enkel-ouers, meestal moeders. Alhoewel daar toenemende navorsing gedoen word rondom nie-inwonende ouerskap na egskeiding (Amato & Gilbreth 1999:557; Dunn 2004:569; Leite & McKenry 2002:601; Sobolewski & King, 2005:1196), ondersteun ek Ganong en Coleman (1994:96) se siening van twaalf jaar gelede, asook Dunn (2004:659), dat daar nog steeds nie genoeg aandag gegee word aan die nie-inwonende ouer-kind verhouding, wanneer die nie-inwonende ouer weer in die huwelik tree nie.

Sobolewski en King (2005:1196) toon aan dat baie van die vorige navorsing gefokus het op die karakter-eienskappe van die nie-inwonende vader en sy kinders, maar min aandag is nog geskenk aan die begrip van die rol van die nie-inwonende vader asook die interaksie wat plaasvind tussen gewese eggenote, wat die verhouding van die nie-inwonende vader met sy kind kan bevorder of verhinder.

King (1994:78) postuleer dat die begrip *afwesige vader* of *non-resident father,* nie noodwendig beteken dat die ouer nie by die kind se opvoeding (lewe) betrokke is nie. 'n Beduidende aantal nie-inwonende ouers behou nog steeds die opvoedingsbande en kontak met hulle kinders wat tot voordeel van die kind strek. 'n Vader se status van nie-toesighoudend - en beherend beteken nie noodwendig dat hy totaal afwesig is van sy kind se opvoeding nie. Navorsing bewys dat 'n groot aantal nie-inwonende vaders steeds 'n aktiewe rol in die lewens van hul kinders speel wat gevolglik daartoe aanleiding gee dat hegte verhoudings gesmee word (Amato & Gilbreth 1999:557).

In teenstelling verskaf Dudley (1996:415) die volgende redes hoekom nie-inwonende vaders, na die egskeiding nie meer aktief betrokke is by die opvoeding van hul kinders nie: Eerstens, die verlies van die vaderlike rol-

> *"Fathers are stripped of their identity...they're left with little pride as a parent. You are made into what is term as 'visitor', like some distant relative."* (Umberson & Williams, in Dudley 1996:415).

Hiermee saam gaan ook die verlies van beheer oor die opvoedingsituasie. Die nie-inwonende vader het byvoorbeeld geen beheer oor hoe die gesin die geld spandeer nie, maar hy moet volgens die wet finansieel tot die opvoeding van die kind bydra.

Tweedens hanteer nie-inwonende vaders die emosionele belading van die andersheid in vaderskap op verskillende maniere. Sommige probeer die emosionele reaksie rasionaliseer deur te aanvaar dat hul kinders hulle nie nodig het nie aangesien daar 'n "stief"pa is wat in die kinders se behoeftes sal voorsien. Ander toon weer aan dat hulle werk of sosiale lewe hulle so besig hou dat hulle nie by hulle kinders uitkom nie.

Ganong en Coleman (1994:98-100) verwys na die *"social exchange model of nonresidential parent involvement"* waar die volgende hipotese gestel word:

> *"The greater the perceived rewards and the fewer the perceived costs of the nonresidential parent-child relationship, the greater the parental involvement will be."*

Die skrywers verwys in die model na *affectional or interpersonal costs, material or tangible* costs asook *symbolic or moral costs.*

Spanning wat met die besoeke van die kind/ers geassosieer word, mag dalk verhoog indien die ouer wat toesig-en-beheer het weer hertrou. Sommige vaders verbreek kontak met hul kinders direk na 'n egskeiding aangesien hulle ongemaklik voel oor die kinders wat hulle besoek of oor hul besoeke aan die kinders, vanweë die feit dat die besoeke so emosioneel belaai en baie pynlik is. Hierdie pyn kan verhoog word as die biologiese vader die idee kry dat die "stief"vader sy rol as vader oorneem, wat tot gevolg het dat die nie-inwonende vader kan voel dat hy niks meer oor het om aan te bied nie en dat hy gestroop voel van sy rol as vader en rolmodel vir sy kinders. Hierdie gevoelens van minderwaardigheid verhoog die prys om te betaal vir die instandhouding van die vader-kind verhouding.

Mclean en Eekelaar (in Flouri 2005:158) sluit hierby aan deur te postuleer dat die nie-inwonende vaders se betrokkenheid verminder as òf hulle òf hulle gewese eggenote weer in die huwelik tree, aangesien dit al moeiliker word om 'n balans te handhaaf tussen die ou en nuwe verhoudinge. Biologiese moeders wat weer hertrou fantaseer dikwels oor die duplisering van die kerngesin, wat dan aanleiding daartoe gee dat sy die kinders se biologiese vader met die "stief"vader wil probeer vervang. Pogings van die biologiese vader om sy kinders te besoek word dikwels op 'n vyandige manier gesaboteer, gevolglik onttrek die vader geleidelik, aangesien sy bemoeienismaking vir hom net nie meer die moeite werd is nie. Hy voel in elk geval gestroop van sy vaderlike rol en as hy nog moet baklei om sy kinders te sien is dit net eenvoudig nie die moeite werd nie (Ganong & Coleman 1994:98).

Toorn, konflik en die swartsmeer of slegmaak deur die vorige eggenoot mag verhoog nadat die vorige egmaat weer hertrou. As die nie-inwonende vader hertrou, kan die biologiese moeder jaloers en verwerp voel asook onsekerheid beleef rondom die instandhouding van die finansiële ondersteuning deur die nie-inwonende vader. Die biologiese moeder mag dalk bedreigd voel en vrees dat sy sal harder moet kompeteer vir haar kinders se lojaliteit en liefde. Hierdie gevoelens van onsekerheid manifesteer in 'n vyandige houding wat alle verhoudinge tussen die ouers, "stief"ouers en kinders kan laat skipbreuk ly. Indien die moeder se vyandigheid teenoor die biologiese vader se nuwe eggenoot ("stief"moeder) oorspoel na die kinders se gedrag teenoor sy nuwe vrou, laat dit die vader geen keuse as om 'n kosteberekening te maak nie. Is dit die moeite werd om 'n hegte verhouding met sy nie-inwonende kind op te bou eerder as 'n hegte verhouding met sy nuwe eggenoot? Die interpersoonlike prys om te betaal is net eenvoudig te hoog (Ganong & Coleman 1994:98).

Die materiële prys wat die vader moet betaal verhoog nie juis as die moeder weer trou nie, maar as die vader hertrou is dit 'n ander prentjie. Dikwels aanvaar hy nuwe finansiële verantwoordelikheid vir die "stief"kinders wat saam met hom woon, gevolglik kan hy nie meer so baie ekstra finansiële bydraes maak soos voorheen die. Besoeke word minder as gevolg van reiskostes, indien die kinders ver bly, en sy nuwe vrou het 'n teensin oor die feit dat geld uit hulle huishouding geneem word om vir sy kinders te sorg wat op 'n ander plek woon, veral as sy ook werk om geld in die huishouding in te bring. Sy mag ook voel dat die vader sy vorige eggenoot finansieel ondersteun en nie sleg in die kinders se behoefte voorsien nie, aangesien die vader dikwels ekstra finansiële ondersteuning gee, soos byvoorbeeld vir musieklesse, skoolkampe, geskenke en sakgeld. Hierdie geldkwessie gee dikwels aanleiding tot vyandigheid en toorn by die nuwe vrou, die kinders voel gegrief aangesien hulle nie meer "aandag" van hulle vader ontvang nie en die biologiese vader reageer op hierdie onenigheid deur kontak met die kinders te verbreek (Ganong & Coleman 1994:99).

Volgens Skevik (2006:114) speel die *"socioeconomic-advantaged parenting perspective"* 'n groot rol, aangesien opvoeding en inkomste twee sterk determinante is in die kontak wat 'n nie-inwonende vader met sy kind het. Dit is moeilik vir 'n vader wat min of geen geld het, om in die behoeftes van sy besoekende kind te voorsien. Vaderskap word ook dikwels met versorging geassosieer en indien die vader nie kan versorg nie, voel hy dikwels ontneem van sy vaderlike rol en gevolglik onttrek hy homself van enige kontak met sy kind. Aan die anderkant, vaders in hoë sosio-ekonomiese omstandighede handhaaf 'n meer positiewe houding rondom die versorging van hul nie-inwonende kind/ers en poog om ten spyte van die nuwe verhoudinge in die hersaamgestelde gesin nog steeds gereelde kontak te maak.

Die afwesige vader probeer soms om sy kinders se guns te wen deur die gee van duur geskenke – 'n luukse wat moontlik nie deur die inwonende ouer bekostig kan word nie. Indien daar nog inwonende "stief"broers en –susters in die gesin is, wat nie sulke duur geskenke van hulle afwesige vader ontvang nie, ontstaan daar 'n ongelyke situasie wat vir die ouers en kinders moeilik is om te hanteer.

Amato en Gilberth (1999:557) en Dunn (2004:659) het bevind dat die betaling van onderhoud deur die biologiese vader, 'n sleutelrol speel in die suksesvolle voltrekking van die verhouding tussen vader en kind en ook geassosieer word met die kinders se akademiese sukses en verminderde eksterne probleme. Werkloosheid, armoede en die onvermoë om finansiële ondersteuning te bied het egter ook 'n invloed op die vader-kind verhouding. Die resultate van bogenoemde studies is wel betekenisvol in terme van die vader wat nie toesig

en beheer oor sy kinders het nie, maar dit blyk vaag te wees of ’n veralgemening kan voorkom in terme van die uniekheid van die vader in ’n hersaamgestelde gesin.

Die morele prys van besoeke mag ook verander na ’n hertroue. Vaders wat skuldig gevoel het oor die ontwrigting wat die egskeiding vir die kinders gehad het, mag dalk minder skuldig voel as die biologiese moeder weer trou. Indien hierdie skuldgevoelens die dryfveer was om gereelde kontak te behou, sal kontak heelwaarskynlik nou verminder. Die vader se betrokkenheid by die opvoeding van sy nie-inwonende kinders verminder dikwels as daar inwonende “stief”kinders en/of gesamentlike kinders in die hersaamgestelde gesin teenwoordig is. Die prys om te betaal om verskillende vaderlike rolle aan te neem en te vertolk is dikwels so groot dat die biologiese vader die vader rol opneem in die huishouding waar die kinders inwoon en gevolglik geleidelik van sy nie-inwonende kinders onttrek (Ganong & Coleman 1994:100).

Ofskoon Flouri (2005:154) aantoon dat dit moeilik is om te bepaal presies hoeveel kontak daar is tussen nie-inwonende vaders en hulle kinders, aangesien die resultate afhanklik is van die spesifieke studie, postuleer Amato en Gilbreth (1999:559) dat die frekwensie van die besoeke minder belangriker is vir die suksesvolle voltrekking van die opvoedingverhouding, as dit wat die vader en kind saam doen wanneer hulle kontak het. Sosio-ekonomiese omstandighede is maar een van vele oorsake van verminderde kontak van die vader met sy nie-inwonende kinders. Faktore soos die ontwikkelingsvlak van die kinders tydens die egskeiding en die hertroue asook konflik tussen ouer en kind, “stief”ouers en die nuwe eglede moet ook in ag geneem word (Harper & McLanahan 2004:369).

Die versoeking is groot om na aanleiding van die literatuur tot ’n gevolgtrekking te kom oor die handhawing van nie-inwonende ouer-kind verhoudinge in die hersaamgestelde gesin. Nietemin, die byvoeging van een of meer “stief”ouers, asook “stief”sibbe het ongetwyfeld ’n effek op die nie-inwonende ouer-kind verhouding. Veralgemenings mag egter onder geen omstandighede gemaak word nie, aangesien elke hersaamgestelde gesin op ’n unieke wyse herbou is (Coleman *et al.* 2000:1288).

### 2.3.8 Die nie-inwonende kind wat besoek

Die besluit van ’n egpaar met kinders om die huwelik te beëindig, het verreikende gevolge. Een van die twee ouers kry die status van die afwesige ouer of die nie-inwonende ouer, dit wil sê, die ouer wat nie meer saam met die kinders bly nie. Die ouer wat deur die owerhede aangewys word as die ouer wat toesig-en-beheer oor die kind/ers het, moet voortgaan met die fisiese versorging en opvoeding van die kinders en staan dikwels bekend as die enkel-

ouer. Die kinders moet noodgedwonge aanpas by ’n andersoortige gesinsopset waar hulle die afwesige ouer periodiek besoek.

Prinsloo (1991:16) benoem die besoekende kinders uit ’n vorige gesin as “deeltitel-kinders”. Wat sy waarskynlik met die benaming impliseer, is dat hulle gesamentlike “besit” is van twee ouers, elkeen met sy eie kontrak wat sy aanspraak op sy deel van die “besit” omskryf. Ek ondersteun Du Plessis (1993:76) se mening dat dit ’n kras beskrywing is, aangesien ’n kind nie ’n besitting is nie, maar dat die analogie tog hier heeltemal vanpas is.

Die kind word nou deel van twee huishoudings: as die een ouer byvoorbeeld hertrou en die ander ouer nog enkelouerstatus geniet, is die kind deel van ’n hersaamgestelde gesin aan die een kant, maar terselfdertyd deel van ’n enkelouergesin aan die anderkant. Kinders beleef dikwels die heen-en-weer trek van een huishouding na ’n ander negatief en gevoelens van verwarring, hulpeloosheid en verlies van beheer kom voor (Ganong & Coleman 1994:126).

In teenstelling postuleer Scheepers (1991:164) dat die heen-en weer beweeg van een huishouding na die ander ook voordele kan inhou. Dit mag byvoorbeeld ’n verrykende ervaring wees om in twee huishoudings te moet aanpas. Daardie kind leer om hom na omstandighede te skik en later as volwassene te kan besluit watter lewenstyl hom die beste pas. Hy het dan immers reeds ’n keuse uit ten minste twee alternatiewe moontlikhede. ’n Ekstra paar grootouers kan ook verrykend wees, maar indien die grootouers hulle eie (biologiese) kleinkinders ooglopend sou voortrek, mag dit veral vir die jong kinders baie moeilik wees om te aanvaar.

Alhoewel die lidmaatskap van twee huishoudings vir die kind voordele mag inhou, beleef die meeste kinders dit nie as so danig nie. Om by twee verskillende huishoudings met verskillende waardesisteme en beskouings van dissipline aan te pas lei dikwels tot onsekerheid en spanning by die besoekende kind, wat die aanpassing in die hersaamgestelde gesin bemoeilik. Biologiese ouers is dikwels onwillig om hulle besoekende kinders tereg te wys of te dissiplineer, aangesien hulle die kinders slegs enkele naweke en vakansies sien. Die ouers neig ook om hulle besoekende kinders te bederf om op te maak vir die tyd wat hulle nie by hulle kan wees nie (Ganong & Coleman 1994:126).

Visher en Visher, soos aangehaal deur Prinsloo (1991:16), het bevind dat ouers se gevoelens van angs, skuld en hulpeloosheid oor die kinders uit ’n eerste huwelik, aanleiding gee tot ontoereikende opvoedingverhoudinge in die hersaamgestelde gesin. Die navorsers

postuleer dat skuldgevoelens dikwels lei tot onvanpaste en dwase optredes, soos byvoorbeeld verwenning, inkonsekwente optrede, verdagmakery ten koste van die ander ouer, onnodige duur geskenke en naweek-onthale. Sulke optredes kan ten koste van die nuwe gesin geskied, maar ook ten koste van die kind(ers) self, deurdat die kind die geleenthede benut om ouers te manipuleer en om die ouers teen mekaar af te speel.

Die verhouding wat daar tussen gewese eggenote na hertroue bestaan, speel ’n belangrike rol in die belewing van die kind as lid van twee huishoudings. Gewese egmaats gebruik dikwels hulle kinders om vyandigheid teenoor mekaar te demonstreer, deur byvoorbeeld wedersydse besoek reëlings te saboteer (Ganong & Coleman 1994:126), wat gevolglik ’n negatiewe uitwerking op die besoekende kind se verhouding met sy ouer kan hê (Scheepers 1991:165). Toesighoudende ouers vrees dikwels die verlies van hulle kinders, veral as die kind ’n goeie verhouding met die afwesige ouer en sy of haar nuwe egmaat het, wat gevolglik tot lojaliteitskonflikte aanleiding gee.

Besoekende kinders kan ook bedreig voel oor die nuwe gesinslede wat nou woon saam met hulle ouer wat voorheen alleen gewoon het. Waar laasgenoemde as enkelouer moontlik al sy tyd en aandag oor naweke en vakansies aan sy besoekende kinders afgestaan het, is dit skielik nie meer die geval nie. Die besoekende kinders kan die inwonende “stief”ouer en haar kinders daarvoor verwyt, wat die tipiese “psigologiese klimaat van antagonisme” (Prinsloo 1991:13) laat ontstaan.

Die heen-en-weer beweeg van die kinders beteken dat ouers in die hersaamgestelde gesin ook sekere aanpassings moet maak. Indien die nie-inwonende kind slegs periodiek die gesin besoek verg dit ekstra beplanning om byvoorbeeld maaltye voor te berei. Die ideaal is dat daar vir besoekende kinders ’n eie permanente ruimte in hulle woning geskep behoort te word, maar nie elke gesin kan dit finansieel bekostig nie en besoeke kan as ’n (gereelde) inbreuk op die leefruimte van die inwonende kinders beleef word (Ganong & Coleman 1994:126; Du Plessis 1993:60).

Besoekende kinders kan onenigheid tussen ouers in die hersaamgestelde gesin veroorsaak. Die vrou kan soms jaloers voel op die tyd wat haar man met sy besoekende kinders deurbring. Die vrou voel soms uitgesluit en toon weersin in die ontwrigting wat die kinders se besoeke veroorsaak. Verskille in hantering van kinders kom ook sterk ter sprake (Ganong & Coleman 1994:126).

Na afloop van die literatuuroorsig in hierdie hoofstuk kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die hersaamgestelde gesin voorwaar 'n komplekse en potensieel multi-problematiese gesinsisteem is. Met hierdie navorsing gaan ek poog om die uitdagings, probleme en struikelblokke te erken, maar die klem gaan veral val op bates en sterkpunte asook bemagtiging, samewerking en die bou van dinamiese vennootskappe in die hersaamgestelde gesin.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

# HOOFSTUK 3

# NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSVERLOOP

## 3.1 INLEIDING

Die vereistes van die navorsingsontwerp en uitvoer van die navorsing sal in hierdie hoofstuk bespreek word. Kwalitatiewe navorsing met spesifieke verwysing na die data-insamelingstegnieke en die data-analise strategieë sal bespreek word. Ten slotte sal ’n uiteensetting van die navorsingsverloop van die studie voorsien word.

## 3.2 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die navorsing was om die biologiese vader se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te ondersoek en te beskryf, om tot begrip te kom van dit wat gebeur tussen die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin en sy besoekende jong kind. Die wyse waarop en die mate waartoe die biologiese vader pogings aanwend om ’n opvoedingsverhouding te probeer handhaaf, is vanuit die bategebaseerde benadering verhelder.

Data is ingesamel deur drie semi-gestruktureerde onderhoude te voer met elk van drie vaders wat deel vorm van ’n hersaamgestelde gesin, om sodoende ’n gedetaileerde beeld te verkry van die biologiese vader se persepsies, sienings en ervarings in sy pogings om ’n opvoedingverhouding met sy nie-inwonende kind(ers) te handhaaf. Ter ondersteuning en vollediger begrip van inligting soos deur die vaders in die onderhoude verskaf, is observasies en veldnotas ook gebruik.

## 3.3 NAVORSINGSPARADIGMA

Adams *et al.* (2004:356) beskryf ‘n navorsingsparadigma soos volg: *“It is the broad theoretical orientation to which a particular research study belongs”* Die paradigma van waaruit ’n navorsingstudie onderneem word kan omskryf word as ’n stel beginsels waaruit ’n navorser se ontologie en epistemologie gekonstitueer word. Ontologie gee ’n aanduiding van die beskouing oor die aard van die realiteit wat bestudeer word. Die woord *epistemologie* stam af van die Griekse term *episteme* wat *kennis* beteken. Epistemologie is dus die filosofie van kennis, of *“how we come to know”.*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Metodologie is die wetenskap van hoe die navorser meer omtrent die realiteit of die wêreld kan uitvind. Dit is ook prakties van aard, vanuit die vooronderstelling dat kennis bekom word deur sekere maniere van ondersoek (Adams *et al*. 2004:356; De Vos, 1998:240; Henning 2004:15).

> *"Epistemology and methodology are intimately related: the former involves the philósophy of how we come to know the world and the latter involves the práctice of coming to know and how we study this practice."* (Henning 2004:15).

Hierdie studie word vanuit die Interpretivistiese paradigma benader: *"The central endeavour in the context of the interpretive paradigm is to understand the subjective world of human experience..."* (Cohen *et al.* 2000:22). In kwalitatiewe navorsing word die realiteit beskou as subjektief, wat beteken dat die waardes en perspektiewe wat deur persone gevorm word, oorweeg moet word in die soeke na kennis. 'n Interpretivistiese studie word as 'n interaktiewe proses beskou, waar die deelnemers en die navorser mekaar wedersyds beïnvloed en behels gevolglik 'n persoonlike, interaktiewe wyse van data-insameling. Kennis word dus geko-gekonstrueer deur beskrywings van individue se oortuigings, waardes, intensies, sosiale ervarings, betekenisgewing en selfbegryping (Adams *et al*. 2004:356; Anderson & Arsenault, 1998:5; Henning 2004:20; Terre Blanche & Durrheim 2002:127).

Individue is nie passiewe toeskouers nie, maar neem aktief deel aan die konstruering van hul wêreld. Gebeure sowel as individue is uniek en kan meestal nie veralgemeen word nie. Die realiteit is kompleks, gevolglik kan sommige gebeure nie verminder word tot 'n simplistiese interpretasie nie en daarom is 'n gedetaileerde beskrywing essensieel (Cohen *et al.* 2000:21).

Begrip van die deelnemers se ervarings en betekenisgewing is verwerf deur middel van interaksie op 'n verbale en nie-verbale vlak. Die doel van hierdie studie was om eerder die deelnemers se gedrag te verstaan, as om hul gedrag te probeer verklaar of te voorspel. Begrip is dus gefasiliteer deur 'n proses van dekonstruksie van die eie gekonstrueerde werklikheid en idees van elk, asook 'n ko-konstruksie van nuwe interpretasies namate inligting ingewin is (Adams et al. 2004:356).

Die navorsing is ooreenkomstig die kwalitatiewe navorsingsmetodologie onderneem. Die proses, hulpmiddels en prosedures wat in die navorsing gevolg is, sluit metodes in wat mekaar gekomplementeer het, wat tot gevolg gehad het dat die data en bevindinge wat na vore gekom het, 'n refleksie is op die navorsingsvraag asook die doel van die studie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

verhelder het (Henning 2004:36). McMillan en Schumacher (2001:15-18) verwys na kwalitatiewe navorsing as ’n benadering wat die begryping van ’n sosiale verskynsel vanuit die deelnemer se perspektief verhelder. Meervoudige realiteite is sosiaal gekonstrueer deur die betekenisse wat elke biologiese vader self na die verskynsel gebring het.

Tydens die studie is gepoog om die ervarings van die biologiese vaders in die natuurlike omgewing van die hersaamgestelde gesin te verken, deur gebruik te maak van verskeie metodes van data-insameling. Die interpretasie van die data is in terme van die subjektiewe betekenisse van die vaders beskryf. Kwalitatiewe navorsing het gevolglik die geleentheid gebied om die analise van data holisties, as ’n eenheid, te benader aangesien die geheel meer is as die somtotaal van die verskillende dele. Verskillende perspektiewe van die verskillende deelnemende vaders, soos dit manifesteer in hul eie oortuigings rakende die gestaltegewing aan die opvoedingverhouding, is binne die unieke, eiesoortige sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin ondersoek en beskryf (Henning, 2004:20).

Ofskoon kwalitatiewe navorsing fokus op die individu se subjektiewe interpretasie van realiteit, kan die navorser se soeke na kennis beïnvloed word deur sy/haar eie perspektiewe en subjektiwiteit. Dit is nodig om gebeure deur die oë van die deelnemer te bestudeer, eerder as dié van die navorser, aangesien die standpunt van die navorser nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur die biologiese vaders beteken (Anderson & Arsenault, 1998:5).

Lincoln en Guba (in Cohen *et al.* 2000:312) bespreek die belangrikheid van reflektiwiteit as ’n proses waartydens navorsers hulself krities evalueer as deelnemers aan die navorsingsproses. ’n Reflektiewe joernaal is bygehou wat bestaan het uit drie dele, naamlik daaglikse skedule, persoonlike dagboek en aantekeninge oor die metodologie. Hierdie data-insamelingstegniek is geïmplementeer om te verseker dat ek te alle tye bewus is van my eie vooroordele en subjektiwiteit ten einde die impak daarvan op die resultate van my navorsing te verminder.

My rol as navorser is gerig deur die sosiale interaktiewe, subjektiewe posisie teenoor die realiteit wat bestudeer is. Die biologiese vaders se gevoelens en ervarings van hul gestaltegewing aan hul opvoedingsverhouding met hul nie-inwonende kind/ers is vanuit die oogpunt van elke vader in subjektiewe, menslike terme beskryf, eerder as deur middel van meting en kwantifisering (McMillan & Schumacher, 2001:374).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 3.4 NAVORSINGSONTWERP

'n Navorsingsontwerp is die plan of bloudruk van hoe die navorser beoog om die navorsing uit te voer. Die navorsingsontwerp werp insig op wat met deelnemers gebeur, asook watter spesifieke data-insamelingsmetodes gebruik word (McMillan & Schumacher, 2001:31; Mouton 2001:55).

'n Meervoudige gevallestudie is as navorsingsontwerp gebruik. Volgens Henning (2004:41) is gevallestudies 'n beskrywing van die hoe, waar, wanneer en hoekom dinge in die spesifieke situasie (geval) gebeur. Die proses is dus deel van die uitkoms en die konteks is meer as net deel van die gevallestudie, dit is die geval self. Die interaksie tussen die konteks en die gebeure van die biologiese vader se pogings om 'n opvoedingsverhouding te stig, is die data wat geanaliseer is.

Gevallestudies is gemoeid met die ryke en deeglike beskrywing van relevante gebeure, met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word. Die fokus was op die biologiese vader se pogings om 'n opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind/ers te stig en daar is gepoog om elke individuele vader se perspektiewe te verstaan, in die lig van spesifieke gebeure wat relevant tot die fenomeen is (Cohen et al. 2000: 182).

Vir die doel van die studie het ek verkennend en beskrywend te werk gegaan. McMillan en Schumacher (2001:397) meld dat beskrywend-verkennende navorsing fokus op die verkenning van 'n nuwe verskynsel. Temas word geïdentifiseer in die betekenisse wat die deelnemers aan die verskynsel heg, gevolglik kan hierdie inligting gebruik word om konsepte of modelle te ontwikkel of om hipoteses op te stel vir toekomstige navorsing

## 3.5 DATA-INSAMELINGSTEGNIEKE

### 3.5.1 Semi-gestruktureerde onderhoude

Henning (2004:52) postuleer dat die hoofdoel van onderhoudsdata, wat beheer word deur die navorser en later geïntegreer word in 'n navorsingsverslag, is om die aandag te vestig op wat die individue dink, voel en doen asook hulle subjektiewe siening van 'n saak. Breakwell (2000:240) onderskei tussen gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude. Eersgenoemde word beskryf as 'n onderhoud waartydens alle deelnemers dieselfde reeks vooraf opgestelde vrae moet beantwoord, wat beperk word tot vasgestelde responskategorieë en waar die onderhoudvoerder die verloop van die onderhoud beheer. Ongestruktureerde onderhoude daarenteen impliseer dat die onderhoudvoerder oop-einde

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

vrae vra, wat aan die deelnemers die vryheid bied om hulle response te formuleer soos hulle wil.

Henning (2004:50) sluit hierby aan, deur te onderskei tussen "*standardised"* onderhoude, waar die onderhoudvoerder beheer het oor die onderhoud om seker te maak dat die deelnemer nie van die onderwerp afwyk nie en ook geen leidende vrae gevra mag word nie, en *discursive, constructionist* onderhoude. Sy beskryf laasgenoemde soos volg:

*".The respondents are seen as social actors who are interacting with an interviewer and who are at the same time involved in discursive practice"* (Henning 2004:50).

Semi-gestruktureerde onderhoude word volgens Greef (2002:298) beskryf as 'n gesprek met 'n doel. Die onderhoudvoerder het ten doel om die deelnemers se ervarings en die betekenisse wat hulle aan die ervaring heg, te begryp. De Vos (1998:300) is van mening dat die realiteit gekonstrueer word vanaf die leefwêreld van die deelnemers. Die kommunikasie tussen deelnemer en navorser stel die navorser in staat om 'n *"insider view"* van die fenomeen te verkry, asook om die deelnemers se nie-verbale gedrag te observeer. Henning (2004:57) sluit hierby aan deur te postuleer dat die navorser onwillekeurig 'n ko-konstrueerder van betekenisse of die data is. Die feit dat die onderhoudvoerder byvoorbeeld slegs met 'n aanmoedigende "Hmm" op die deelnemer se aanmerking kan reageer, beteken dat die onderhoudvoerder meer oor die spesifieke uitlating wil weet, wat gevolglik impliseer dat die navorser sowel as die deelnemer poog om tot gesamentlike betekenisgewing te kom.

Drie geleenthede vir onderhoudvoering is vir elke biologiese vader geskep. Tydens die aanvang van die data-insamelingsproses is daar gefokus op suiwer vertelling van tipes insidente waar die biologiese vaders bemoeienis maak met hul nie-inwonende jong kind/ers. Die tweede sessie is gewy aan bate-identifisering en bate-mobilisering in terme van die biologiese vaders se opvoedingsverhouding met hul nie-inwonende jong kind/ers. Tydens die derde sessie van die data-insamelingsproses is daar weer gefokus op vertelling van tipes insidente waar die biologiese vaders bemoeienis maak met hul nie-inwonende jong kind/ers. Die doel van dié struktuur was om insig te verwerf in hoe die vader die uitdagings wat die hersaamgestelde gesin bied, moontlik deur benutting van bates en sterkpunte in sy unieke situasie, positief kan wend in die funksionering van sy opvoedingsverhouding met sy kind/ers ten einde die navorsingsvrae (sien 1.2) te beantwoord.

Die skedule wat die semi-gestruktureerde onderhoude vergesel het, het bestaan uit vrae of temas wat ek wou verken binne die raamwerk van elke vader se unieke hersaamgestelde

gesinsopset. Die skedule het daartoe bygedra dat alle relevante en belangrike areas gedek is tydens die onderhoud (De Vos, 1998:299).

### 3.5.2 Observasies en Veldnotas

Observasies is ondersteunend tot die semi-gestruktureerde onderhoudvoering gebruik en daar is hoofsaaklik gelet op die vaders se nie-verbale gedrag onder andere stemtoon, oogkontak, en gebare. Dit wat waargeneem is, was my as die navorser se weergawe van "dit wat daar gebeur." Henning (2004:81) stel dit soos volg: *"The interpretive researcher searches for the way in which the social actors make meaning on the stage of action that she is observing"*. Veldnotas is 'n geskrewe weergawe van die navorser se ervaring van die data-insameling (Greef 2002:304). Die veldnotas het belangrike inligting bevat wat gedien het as boustene tot begrip.

### 3.5.3 Reflektiewe Joernaal

Lincoln en Guba (in Cohen *et al*. 2000:313) bespreek die belangrikheid van reflektiwiteit as 'n proses waartydens navorsers hulself krities evalueer as deelnemers aan die navorsingsproses, aangesien eie vooroordele en subjektiwiteit 'n impak op die navorsingsresultate mag hê. Volgens die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (2000:898) is refleksie sinoniem met gedagte, oorweging en bedenkinge. My eie gedagtes, gevoelens en indrukke wat gevorm is, is doelbewus aangeteken asook refleksies in terme van die proses van die navorsing in geheel.

## 3.6 SELEKSIE VAN DEELNEMERS

Volgens McMillan en Schumacher (2001:404) word die seleksie van deelnemers tydens kwalitatiewe navorsing as dinamies eerder as staties gesien. Doelmatige steekproeftrekking, waar seleksie doelgerig 'n sekere populasie insluit wat voldoen aan die kriteria wat voorgehou word in die navorsingsvraag (Cohen *et al.* 2000:102), is gedoen. 'n Uitnodiging is gerig aan vaders van hersaamgestelde gesinne via 'n laerskool. Die seleksiekriteria ('n biologiese vader wat in 'n hersaamgestelde gesin staan wie se jong kind/ers die nie-inwonende kind/ers is) is duidelik in die uitnodiging uiteengesit.

Slegs een vader (Vader A) het op hierdie uitnodiging gereageer. Ek het vervolgens deelnemers in die gemeenskap geïdentifiseer en telefoniese uitnodigings gerig. Een van dié deelnemers het slegs deelgeneem aan die eerste onderhoud en het daarna aangedui dat hy nie meer aan die navorsing wou deelneem nie. Die data van hierdie onderhoud is nie in die navorsing opgeneem nie. Vader B het positief gereageer op die telefoniese uitnodiging en

het aan al drie onderhoude deelgeneem. Vader C is deur die laerskool verwys en het ingestem om aan die navorsing deel te neem. Gesien in die lig van die moeite in die werwing van deelnemers, kan die weerstand van vaders met betrekking tot die verkenning van opvoedingsverhoudings betekenisvol bydra tot die interpretasie van die navorsingsresultate (sien Hoofstuk 5).

## 3.7 DATA-ANALISE EN INTERPRETASIE

Een van die belangrikste aspekte van data-analise is die bestuur van die data (De Vos 1998:334). Volledige rekords is gehou van alle data wat ingesamel is. Die onderhoude is verbatim getranskribeer en elke respons van my as navorser sowel as van die deelnemers asook verbandhoudende veldnotas is genommer, byvoorbeeld, A2.48 verwys na die 48ste respons van die 2de onderhoud met Vader A en NC 2.43 verwys na my 43ste inset in die 2de onderhoud met Vader C. Sodoende word die leser in staat gestel om verwysings te vind binne die unieke konteks van elke onderhoud. ’n Volledige weergawe van die data word in die Bylaag[1] voorsien en sal ook op lêer gehou word sodat dit veilig gestoor kan word.

Data-analise is ‘n aaneenlopende en interaktiewe proses wat geïntegreer word in al die fases van kwalitatiewe navorsing en gevolglik word die data getransformeer in bevindinge. Daar is nie ’n “regte” manier waarop data geanaliseer word nie, dus bestaan daar ook geen formule of resep vir hierdie transformasie nie. Data-analise is ’n sistematiese proses van selektering, kategorisering, vergelyking, sintetisering en interpretasie om sodoende tot begrip van die verskynsel te kan kom. (Henning, 2004:127; Patton 2002:433; McMillan & Schumacher, 2001:462). Metafories gesproke beskryf Patton (2002:433) die analise proses soos volg:

> *“Findings emerge like an artistic mural created from collage-like pieces that make sense in new ways when seen and understood as part of a greater whole.”*

Henning (2004:109) gebruik die term “*global analysis*” wanneer sy verwys na die proses waar data as geïntegreerd gesien en holisties benader moet word. Die struktuur van die data van hierdie studie is logies georganiseer deur die intensiewe bestudering van die tekste. Elke onderhoud is afsonderlik deurgelees en daarna geanaliseer met inagneming van die observasies en veldnotas sowel as refleksies oor my eie subjektiewe betrokkenheid. In die eerste fase van analise is ’n tematiese mikro-analise per geval per onderhoud uitgevoer en temas wat na vore gekom het is geïdentifiseer en gekaats teen die navorsingsvrae. Die tweede fase van analise was ’n meta-analise met betrekking tot die drie onderhoude per

[1] Ter wille van konfidensialiteit is die Bylaag slegs vir eksamineringsdoeleindes gebruik en word dus nie hier voorsien nie.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

geval. Intra-vergelykings is gedoen met die oog daarop om elke tema in terme van die verloop van die bespreking daarvan te analiseer, met versigtige inagneming van die feit dat my vrae en pogings tot bate-identifisering die inhoude van die temas soos aangebied deur die vader algaande beïnvloed het. Die geïdentifiseerde temas in elk van die drie gevallestudies is afgegrens teen die konteks van elkeen se unieke hersaamgestelde gesinsituasie. Dus is die data nooit bloot uitmekaar gehaal en in losstaande fragmente as kategorieë gedeel nie.

> *"It is a process of tracing the thinking pattern of the interviewees, or the pattern of action depicted in observation notes. The aim of this type of working of the data is to organise the data into a pattern that might not be clear in the data as presented in their raw state, but that comes to life because of the interpretation and organisation of the researcher"* (Henning 2004:109).

'n Derde fase van meer oorsigtelike analise het gelei tot die identifisering van 'n verbandhoudende tema tussen die drie deelnemers. Ofskoon die verbandhoudende tema by al drie gevalle teenwoordig is, word dit nog steeds teen die agtergrond van elke unieke geval bespreek.

### 3.8 GELDIGHEID EN VERTROUBAARHEID

Interne geldigheid binne kwalitatiewe navorsing demonstreer die mate waartoe die navorsingsontwerp en die data wat gegenereer word, die navorser toelaat om akkurate gevolgtrekkings oor die spesifieke verskynsel te maak. Die doel van hierdie studie was om kwalitatiewe metodes te gebruik om die vader se gestaltegewing aan die opvoedingverhouding so deeglik moontlik te beskryf, sodat die beskrywing en verklarings so ver moontlik ooreenstem met elke deelnemende vader se persepsies.

Breakwell (2000:247) waarsku egter teen die "navorser-effek" waar eienskappe van die navorser, soos byvoorbeeld geslag, ouderdom of beroepstatus, 'n invloed kan hê op die response van die deelnemer. So kan deelnemers byvoorbeeld hulle antwoorde op so 'n manier formuleer om die navorser se goedkeuring te verkry, of hulle gedrag aanpas aangesien hulle bewus is daarvan dat hulle deelnemers is aan 'n navorsingstudie. In hierdie studie is sensitiwiteit vir die deelnemers se gedrag, asook enige verandering in gedrag, gehandhaaf om outentieke response te bekom. Ek het deurentyd gepoog om die deelnemers op hulle gemak te stel deur die handhawing van 'n gemaklike, ontspanne situasie. Die doel van die navorsing is voor die aanvang van die onderhoude deeglik bespreek met die oog op die uitskakeling van enige onduidelikheid of onsekerheid.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

Aangesien ek die primêre data-insamelingsinstrument was, het ek deurentyd gewaak teen waarnemer-eensydigheid. Volgens Henning (2004:7) vind die navorser se interpretasie van die betekenis van data neerslag in die bevindings. Moontlike subjektiwiteit van die navorser kan lei tot eensydige waarnemings en interpretasie van die data. Ek het die navorsingsveld betree met 'n individuele agtergrond van ervarings, voorkeure en houdings, maar ook met unieke interpretasies en refleksies. Ek het doelbewus waarnemer-eensydigheid probeer minimaliseer deur gebruik te maak van meervoudige strategieë, ook genoem triangulasie van inligting. Om seker te maak dat die stemme van deelnemers nie verlore raak nie en dat moontlike vooroordeel beperk word, is Henning (2004:7) se voorstel geïnkorporeer naamlik:

> *"Complement this with a strong theoretical base (also termed the authority argument because it uses the respected researchers in the field as evidence) and a coherent convincing argument based on both empirical evidence, and the researcher's understanding and logic. The evidence will thus come from the data and from theory that explicates and explains the data. It is in this articulated interpretation that the understanding and the explanation of the phenomenon lie – not in the presentation of organised and rearranged data...*

Die inhoud van die deelnemers se response sal dus in verband gebring word met die literatuur asook die teoretiese begronding van hierdie studie, naamlik die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner.

Eksterne geldigheid in kwantitatiewe navorsing dui op die mate waartoe die resultate buite die raamwerk van die navorsingstudie veralgemeen kan word na die groter populasie. Oordraagbaarheid van bevindinge binne kwalitatiewe navorsing verwys daarenteen slegs na die mate waarin dit moontlik is om bevindings toe te pas op ander situasies wat nie deel vorm van die navorsing nie (Durrheim & Wassenaar, 1999). Kwalitatiewe navorsing het nie ten doel om resultate te veralgemeen nie, maar om die sosiale verskynsel te beskryf sowel as te begryp. Ek het deurentyd gepoog om geloofwaardige bevindinge weer te gee deur die uniekheid van elke situasie met respek te hanteer sodat 'n in-diepte begrip weergegee kon word.

Afhanklikheid verwys na die mate waarin die resultate herhaalbaar is, met ander woorde of die studie dieselfde resultate sal oplewer indien dit gedupliseer sou word (Durrheim & Wassenaar, 1999). As interpretivis maak ek nie die aanname dat my eenheid van navorsing stabiel en onveranderlik is nie en dus sal ek nie verwag om herhaaldelik dieselfde resultate te verkry nie, sou ek my navorsing dupliseer. Ek sal in my navorsing eerder steun op die vertroubaarheid van my bevindinge deurdat ek inligting op 'n verantwoordelike wyse inwin, analiseer en interpreteer.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Betroubaarheid binne kwantitatiewe navorsing verwys na die mate waarin resultate herhaalbaar is binne 'n sekere tydsfaktor sowel as met 'n soortgelyke steekproef. Weens die feit dat 'n gevallestudie as navorsingsontwerp gebruik is en die waarde daarvan juis die uniekheid van die geval is, is betroubaarheid in die tradisionele sin betekenisloos. Konsekwentheid in kwalitatiewe navorsing is bykans onmoontlik, aangesien menslike gedrag nie staties is nie en gedurig kan verander. Weens die feit dat daar soveel verskillende interpretasies van 'n verskynsel kan wees, sal 'n replika van 'n spesifieke kwalitatiewe studie nooit presies dieselfde wees nie. Die belangrikste vraag vir die kwalitatiewe navorser behoort eerder te wees of die resultate konsekwent is met die data wat ingesamel is, wat dus ooreenstem met die kredietwaardigheid (vertroubaarheid) van die studie. Strategieë wat aangewend is om kredietwaardigheid te bevorder sluit in die voortdurende verifiëring van die inligting met die deelnemer om te verseker dat die inligting wat ingesamel is akkuraat is volgens die deelnemer se betekenis en bedoelings. Die onderhoude is deur myself verbatim getranskribeer en voorsien dus 'n getroue weergawe van die inhoude van die onderhoude.

### 3.9 ROL VAN DIE NAVORSER

In kwalitatiewe navorsing is die navorser die hoof data-insamelingsinstrument. Die besluit lê by die navorser, watter vrae gevra word, in watter volgorde en op watter inligting meer uitbreiding benodig word. Aangesien die navorser en deelnemers konstant in interaksie met mekaar is, is dit dus belangrik om te fokus op die navorser se waardes, veronderstelling, vooroordele en perspektiewe wat na die studie gebring word en 'n invloed op die studie kan uitoefen.

Henning (2004:10) verwys na die *"human mind"* as die *"instrument"* van die kwalitatiewe navorsingsproses en dit is dus belangrik om voortdurend 'n gedissiplineerde vorm van subjektiwiteit toe te pas met voortdurende bewustheid van die eie subjektiewe gevoelens of vooroordele wat die navorsingsproses kan beïnvloed (McMillan & Schumacher 2001:411). Soos reeds gemeld, het ek die refleksiewe joernaal gebruik asook die insette van 'n eksterne studieleier om my sienswyses, gevoelens en opinies te evalueer ten einde bewus te bly van die invloed daarvan op my studie.

Die rol van die navorser word gedefinieer deur die paradigma van waaruit die studie vertrek. As interpretivistiese navorser het ek sin probeer maak uit die gevoelens, ervarings, sosiale situasie of verskynsel soos wat dit in die realiteit van elke vader voorgekom het en die ondersoek is dus uitgevoer ten aansien van die natuurlike konteks van die hersaamgestelde

gesin. As kwalitatiewe navorser het ek gepoog om in noue samewerking met die biologiese vaders, die betekenis wat elkeen heg aan ervarings en konstrukte binne die voltrekking van 'n opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers, te identifiseer, te verken en te beskryf met die oog op begryping van sy subjektiewe ervarings. Ek het die ervarings van elke biologiese vader vanuit sy subjektiewe posisie beskryf, aangesien die oogpunt van die navorser nie die fokus van die studie is nie, maar wel die subjektiewe ervarings soos deur elke biologiese vader en sy nie-inwonende kind/ers beteken (Terre Blanche & Durrheim (2002:127).

### 3.10 ETIESE OORWEGINGS

*"A good qualitative study is one that has been conducted in an ethical manner"* Merriam (2002:29).

Ek het die nodige etiese riglyne gevolg ten einde te verseker dat die deelnemers nie mislei word of dat enige spanning deur die verloop van die navorsing veroorsaak is nie. Die beginsel van vrywillige deelname, wat impliseer dat die deelnemers enige tyd van die navorsingstudie mag onttrek, is toegepas. Onttrekking het wel plaasgevind, maar het gepaard gegaan met 'n uitnodiging vir terapeutiese intervensie aangesien die beginsel van veiligheid in deelname, wat behels dat die deelnemers nie aan enige risiko of gevaar blootgestel sal word nie, toegepas is.

Die beginsel van ingeligte toestemming is gehandhaaf, wat impliseer dat die deelnemende vaders deurgaans ten volle ingelig was oor die doel en die proses van die navorsing en hulle instemming gegee het om aan die navorsingstudie deel te neem. Die beginsel van privaatheid, wat beteken dat die vertroulikheid en anonimiteit van deelnemers te alle tye beskerm sal word, is toegepas. Alle eie-name en plekname is verander ten einde konfidensialiteit te verseker. Die beginsel van vertroue, wat impliseer dat die deelnemers nie op enige wyse mislei sal word gedurende die navorsingproses of daarna nie, is toegepas. Skriftelike toestemming van deelnemers is verkry aangesien publikasie van inligting mag plaasvind (Universiteit van Pretoria, 2003).

Hierbenewens het ek myself deurgaans onderwerp aan die etiese kode van die Raad vir Gesondheidsberoepe in Suid-Afrika, tydens alle interaksies met die deelnemers. My opleiding en internskap as Opvoedkundige Sielkundige tydens Magister studie het as basis vir bevoegdheid gedien. Die studie is deurlopend onder supervisie van die studieleier gedoen. Alvorens die studie onderneem is, is die nodige goedkeuring verkry van die Etiese

Komitee van die Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria, asook van die skool waar ’n deel van die navorsingstudie plaasgevind het.

### 3.11 LEEMTES IN DIE STUDIE

Die doel van die studie was om die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te ondersoek en te beskryf, om tot begrip te kom van dit wat gebeur tussen die biologiese vader en sy besoekende jong kind.

Die studie het op die beperkte getal van slegs drie deelnemers gefokus wat die veralgemeenbaarheid van die resultate drasties beperk, bo en behalwe die feit dat kwalitatiewe navorsing dit nie ten doel het om resultate te veralgemeen nie, maar resultate slegs aanwend op toepaslike situasies. Al drie deelnemers behoort verder tot dieselfde samelewingskonteks, naamlik die Afrikaansprekende, blanke kultuur, wat impliseer dat die resultate nie sonder meer op hersaamgestelde gesinsituasies in ander kulture toepaslik sal wees nie.

Dit is ’n leemte in die studie dat die deelnemers se kinders nie ook aan die studie kon deelneem ten einde ’n meer volledige beeld van die dinamiek in die opvoedingverhoudings te verkry nie. Deelname van die kinders sou egter die studie te omvangryk gemaak het en dit is om daardie rede weggelaat.

Die onderhoude per geval is binne een en twintig dae afgeneem. Met inagname van die feit dat ’n proses van *verandering* met moeite verloop mag onderhoude wat kort op mekaar volg insigte op rasionele vlak aanraak, wat nog nie deurstoot tot konsekwente handeling nie. Daar moet tyd wees vir toepaslike situasies om op te duik, ‘n proefondervindelike ondersoek van die nuwe moontlikhede, veral as dit om ‘n ingesteldheid of gewoonte gaan. Die eerste toepassing is selde *reg,* wat by implikasie die resultate kon beïnvloed.

Geen opvolg van die gevallestudie was moontlik om te bepaal of bates en sterkpunte wat tydens die data-insameling geïdentifiseer is, op ’n volgehoue basis benut is nie, en wat die uitkomste van die bate-identifisering was nie.

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSRESULTATE EN BEVINDINGE

## 4.1 INLEIDING

In die voorafgaande hoofstuk is die ontwerp en verloop van die navorsingstudie vanuit metodologiese hoek beskryf. Die wyse van data-insameling, data-analise asook interpretering van die data is van nader beskou. In hierdie hoofstuk sal daar 'n uiteensetting van die navorsingsresultate gegee word. Bevindinge van die studie sal aan die hand van 'n literatuurkontrole bespreek word, waarna die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner aangelê sal word om bevindings te interpreteer.

Die doel van die navorsingstudie was om die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te ondersoek en te beskryf. Die wyse waarop en die mate waartoe die biologiese vader pogings aanwend om 'n opvoedingsverhouding te handhaaf, is vanuit die bate-gebaseerde benadering verhelder. Die verdere doel hiermee was om insig te verwerf in hoe die vader die uitdagings wat die hersaamgestelde gesin bied, moontlik deur benutting van bates en sterkpunte in sy situasie positief kan wend in die funksionering van sy opvoedingsverhouding met sy kind/ers.

Met betrekking tot elke gevallestudie sal 'n uiteensetting van die agtergrond van die hersaamgestelde gesin, veldnotas en refleksies gegee word sodat die resultate teen die agtergrond van die unieke konteks beskou kan word. Die resultate sal bespreek word in terme van die temas wat per geval geïdentifiseer is. Elke geval sal afsonderlik hanteer word, aangesien die nuanses van die geïdentifiseerde temas telkens uniek is en in terme van die sosiale konteks waarin die temas voorkom, van mekaar verskil. Intra-vergelykings tussen die drie onderhoude per geval sal die geïdentifiseerde temas in hulle ontwikkeling en verloop verder belig, veral met betrekking tot bate-identifisering en -mobilisering.

## 4.2 AGTERGROND, VELDNOTAS EN REFLEKSIES MET BETREKKING TOT DIE GEVALLESTUDIES

### 4.2.1 Oriëntering: Die unieke kontekste van die hersaamgestelde gesinne.

In die drie onderhoude met elke deelnemer het ek 'n oorsig probeer verkry met betrekking tot die biologiese vader se persepsie, sienings en ervarings in sy pogings om 'n

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind/ers te handhaaf. Die bate-identifisering asook bate-mobilisering wat hoofsaaklik in die tweede onderhoud plaasgevind het, het ten doel gehad om die potensiaal van die verhoudingstrukture te ondersoek. Die veldnotas en refleksies met betrekking tot elke gevallestudie is benut met die doel om die unieke aard van elke hersaamgestelde gesin in die sosiale konteks te belig en ook om enige subjektiwiteit in my aannames te herken, erken en in die interpretasie te verken.

#### 4.2.2 Gevallestudie A

Die hersaamgestelde gesin in Gevallestudie A bestaan uit ses gesinslede. André[2] en Belinda is drie jaar getroud. André het twee kinders uit sy vorige huwelik, Leon, 10 jaar en Susan, 16 jaar. Albei dié kinders woon tans by hulle biologiese moeder, Martie, en haar vriend, Ruan, en word die nie-inwonende kinders van die hersaamgestelde gesin genoem. Belinda het twee seuns uit haar vorige huwelik. Sarel is 14 jaar oud en woon saam met sy moeder, dus is hy die inwonende kind van die hersaamgestelde gesin, en Riaan is 17 jaar en woon tans by sy biologiese vader in Durban.

Volgens die egskeidingsbevel het André elke tweede naweek asook elke alternatiewe vakansie toegang tot die kinders. Weens die feit dat die biologiese ouers baie naby aan mekaar woon asook vanweë die onderlinge reëlings aangaande die kinders se buitemuurse aktiwiteite en Leon se mediese behandeling, besoek Leon en Susan hul vader tydens weekdae ook. ’n Verkenning van die verhouding tussen André en Leon is onderneem. Daar sal deurgaans na André verwys word as **Vader A.**

Vader A was die enigste deelnemer wat op die uitnodiging vir die navorsing gereageer het. Sy bereidwilligheid en entoesiasme om aan die navorsing deel te neem het gevolglik bygedra tot ’n informele en ontspanne atmosfeer. Al drie onderhoude het in die sitkamer van die vader se woonhuis geskied. Ofskoon hy spontaan gesels het was die eerste onderhoud gekleur met vertellings van belewings van frustrasie oor die “so-wees” van die omstandighede in die hersaamgestelde gesin.

Tydens die tweede onderhoud het die vader aanvanklik ’n bietjie gespanne voorgekom, moontlik aangesien daar van hom verwag was om te fokus op ’n spesifieke naweek wat sy seun hom besoek het. Aanvanklik was die onderhoud styf en effens formeel, maar die natuurlike verloop van die proses om bates en sterkpunte te identifiseer het algaande ’n atmosfeer van rustigheid geskep.

---

[2] Skuilname word deurgaans gebruik.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

Die derde onderhoud was gekenmerk deur spontane voorstelle en idees. Die onderhoude het die aanvoeling versterk dat elke hersaamgestelde gesin uniek kan wees en in baie opsigte van 'n ander kan verskil, en dat sensitiwiteit vir vooropgestelde idees en opinies met betrekking tot hersaamgestelde gesinne nodig gaan wees. Die eie geneigdheid tot die uitspreek van waarde-oordele en die maak van bevooroordeelde afleidings sou met sorg beheer moes word wanneer die data besigtig en geanaliseer word. Sterk fokus op die vader se perspektiewe was nodig.

### 4.2.3 Gevallestudie B

Die hersaamgestelde gesin in Gevallestudie B bestaan uit vyf gesinslede. Marius en Petro is nou vier jaar getroud. Marius het twee kinders uit sy vorige huwelik, Bertus, 7 jaar en Karin, 14 jaar. Bertus woon tans by sy biologiese moeder en word die nie-inwonende kind van die hersaamgestelde gesin genoem. Karin woon al vir die afgelope agt maande by haar biologiese vader, alhoewel die vader tans nie toesig-en-beheer oor haar het nie en die redes vir die plasing blyk onbekend te wees. Sy staan dus bekend as die inwonende kind. Petro het een dogter, Barbra, uit haar vorige huwelik wat saam met die gesin woon en ook die status van inwonende kind dra.

Volgens die egskeidingsbevel het Marius elke tweede naweek asook elke alternatiewe vakansie toegang tot die kinders. Vanweë die feit dat Marius 'n beroep beoefen wat van hom vereis om skofte te werk, besoek sy seun, Bertus, hom slegs elke derde naweek. 'n Verkenning van die verhouding tussen Marius en Bertus is onderneem. Daar sal deurgaans na Marius verwys word as **Vader B.**

Vader B is in die gemeenskap geïdentifiseer en daar is telefonies kontak gemaak om die versoek aan hom te rig om aan die navorsing deel te neem. Alhoewel hy positief en entoesiasties op die uitnodiging gereageer het, het hy tydens die eerste onderhoud effens onseker en gespanne voorgekom en die gedagte het ontstaan dat my status as navorser sowel as sielkundige 'n invloed op sy response kon hê. Die eerste onderhoud het in die privaatheid van die sitkamer in die vader se woonhuis geskied. Op daardie stadium was die vader se eggenote sowel as haar inwonende kind reeds tuis en kon hulle teenwoordigheid moontlik verder bygedra het tot die vader se onsekere houding.

Tydens die tweede sowel as die derde onderhoud was die vader baie meer ontspanne en het hy meer spontaan gesels. Beide onderhoude het in die kantoor waar ek tans werksaam is, plaasgevind. Die meer gestruktureerde, onafhanklike omgewing kon moontlik bygedra het tot die vader se ontspanne houding. Die vader het die identifisering van bates as

opwindend ervaar, soos af te lei daaruit dat daar telkens 'n oplewing in sy gesigsuitdrukking waargeneem kon word. *"Ek het nog nooit so daaraan gedink nie" (B2.44;*[3] *B2.46; B2.77).* 'n Duidelike groei in die kwaliteit van response kon teen die einde van die derde onderhoud waargeneem word. Tydens die proses van bate-mobilisering het die vader spontaan realistiese, doenbare voorstelle gemaak.

### 4.2.4 Gevallestudie C

Die hersaamgestelde gesin in Gevallestudie C bestaan uit vier gesinslede. Wynand en Elise is vyf jaar getroud. Wynand het twee dogters uit sy vorige huwelik, Wilna, 6 jaar en Lizelle, 10 jaar oud. Beide kinders woon tans by hul biologiese moeder, Louise, en stiefvader, Jan, in Alberton. Beide dogters word die nie-inwonende kinders van die hersaamgestelde gesin genoem. Elise het nog geen kinders nie, aangesien die huwelik met Wynand haar eerste huwelik is.

Alhoewel die vader volgens die egskeidingsbevel elke tweede naweek asook elke alternatiewe vakansie toegang tot die kinders het, blyk dit dat die vader die besoek-reëlings aanpas om by die persoonlike tydsrame van hom en sy nuwe eggenote in te pas. Die afstand tussen die twee woonplekke speel ook 'n rol in die kwantiteit van die kinders se besoeke. Volgens die vader is hy en sy eggenote albei onderwysers en dikwels besig met skoolaktiwiteite oor naweke. Hy toon verder aan dat, indien dit in sy vermoë is, hulle probeer om die kinders soveel moontlik te betrek by genotvolle aktiwiteite, soos kermisse en pretdae, van hulle onderskeie skole. Daar sal deurgaans na Wynand verwys word as **Vader C.**

Vader C is 'n onderwyser wat verbonde is aan die laerskool waar die uitnodigings vir die navorsing versprei is. Dit het geblyk dat die vader deur die hoof van die skool gevra is om aan die navorsing deel te neem, aangesien hy aan die seleksiekriteria ('n biologiese vader wat in 'n hersaamgestelde gesin staan wie se jong kinders die in-inwonende kinders is) voldoen. Vader C het my telefonies gekontak en sy bereidwilligheid tot deelname aan die navorsing uitgespreek. Al drie onderhoude het in 'n kantoor by die laerskool plaasgevind.

Met die aanvang van die eerste onderhoud het die vader onseker en duidelik senuweeagtig en gespanne voorgekom. Dit het gelyk asof hy nie werklik aan die navorsingstudie wou deelneem nie en dat hy die onderhoud net so gou moontlik wou afhandel. Die onderhoud was ook gekenmerk deur blyke van emosies van frustrasie, magteloosheid asook gegriefdheid.

[3] B2.44 verwys na die 2de onderhoud met **Vader B**, die 44ste eenheid.

Die tweede onderhoud was gekenmerk deur 'n intensifisering van die spanning en ongemak. Die onderhoud het effens ongeorganiseerd verloop, aangesien die vader baie rondgespring het in die beantwoording van die vrae. Hy het lang verduidelikings gegee wat soms nie die vraag wat gestel is beantwoord het nie. Tydens 'n poging van my om die vraag op 'n ander manier te stel ten einde bate-identifisering te bewerkstellig, het die vader geïrriteerd geraak en heftig begin reageer. Dit het voorgekom of die vader deurgaans homself probeer verdedig deur sekere inligting te herhaal en/of te beklemtoon. Na 'n herhaling van die verduideliking van die doel van ons gesprek het die vader meer beheersd en gedissiplineerd aan die onderhoud deelgeneem.

Nadat die tweede onderhoud deur 'n oorwegend negatiewe atmosfeer gekenmerk was, het die verwagting by my ontstaan dat die vader nie meer sou wou voortgaan met deelname aan die navorsing nie. Ek was egter aangenaam verras met die mate waartoe die vader tot die derde onderhoud toegetree het. Dit was weereens duidelik hoe uniek elke gevallestudie is en hoe versigtig ek as navorser moet wees om nie aannames te maak en te veralgemeen nie. 'n Eensydige of enkelvoudige opinie is nie moontlik nie, aangesien die hersaamgestelde gesinsituasie so kompleks van aard is. Tydens die derde onderhoud was die vader meer ontspanne en kon bate-mobilisering meer gerig plaasvind.

## 4.3 RESULTATE

### 4.3.1 Inleiding

In die eerste fase van analise is 'n tematiese mikro-analise per geval per onderhoud uitgevoer en temas wat na vore gekom het is geïdentifiseer. Die tweede fase van analise was 'n meta-analise met betrekking tot die drie onderhoude per geval. Intra-vergelykings is gedoen met die oog daarop om elke tema in terme van die verloop van die bespreking daarvan te analiseer, met versigtige inagneming van die feit dat my vrae en pogings tot bate-identifisering die inhoude van die temas soos aangebied deur die vader algaande beïnvloed het. Temas wat tydens die meta-analise ondersoek is, word in Tabel 4.1 uiteengesit. 'n Derde fase van meer oorsigtelike analise het gelei tot die identifisering van 'n verbandhoudende tema tussen die drie deelnemers, naamlik die verhouding met die vorige egmaat. Ofskoon die tema van die verhouding met die vorige egmaat by al drie gevalle teenwoordig is, sal dit nog steeds teen die agtergrond van elke unieke geval bespreek word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Tabel 4.1 Verspreiding van geïdentifiseerde temas

| Nr. | Temas | Vader A | Vader B | Vader C |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Die verhouding met die vorige egmaat | ● | ● | ● |
| 2 | Die invloed van die vader se huidige eggenote | ● | | |
| 3 | Die ander "pa" | | ● | |
| 4 | Die "so-wees" van die situasie | ● | ● | |
| 5 | Verhoudingstrukture in praktyk | ● | ● | ○ |
| 6 | Dissipline-handhawing | ● | | ● |

Temas 1, 2 en 3 handel oor die rolspelers wat 'n invloed uitoefen op die pogings van die vader om 'n opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind/ers te stig. Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat die ouer wat toesig-en-beheer oor die kind/ers het (die vorige egmaat) 'n rol by elkeen van die drie hersaamgestelde gesinne speel. Tema 4 handel oor die konteks van die sosiale situasie en weerspieël ook die uniekheid van elke hersaamgestelde gesin. Tema 5 handel oor die funksionering van die vader se verhouding met sy nie-inwonende kind/ers in praktyk, terwyl tema 6 die verhouding verken in terme van dissipline-handhawing.

Die uiteensetting van die resultate sal aan die hand van die temas per geval oor die drie onderhoude heen geskied, aangesien die tematiese mikro-analise per geval waardevolle en outentieke inligting rakende elkeen van die gevallestudies bevat en gevolglik die navorsingsvrae die duidelikste belig. Aanhalings van die woorde van die vaders sal deurgaans gebruik word ter toeligting van die uiteensetting. Die getranskribeerde onderhoude is in Bylaag C ingesluit. Die verwysingstelsel vir die aanhalings maak dit moontlik om die bylaag te raadpleeg vir kontrolering van konteks, sou die leser dit nodig vind.

Die uniekheid van elke gevallestudie is duidelik herken en erken tydens die data-analise en dus is daar nie gepoog om bevindinge te veralgemeen nie. Die uiteensetting verteenwoordig slegs besinning oor die relevante resultate met die doel om die navorsingsvrae te beantwoord. Die verbandhoudende tema rakende die verhouding met die vorige egmaat asook die res van die temas sal in terme van die verloop, intensiteit en groeiverandering daarvan per geval bespreek sal word.

### 4.3.2 Gevallestudie A

**Tema 1: Die verhouding met die vorige egmaat**

Vader A het al vroeg in die eerste onderhoud (A1.2) sy frustrasie in verband met die beperking van toegang deur die biologiese moeder te kenne gegee: *"Sy het vir die kinders voor die egskeiding gesê dat as hulle na my verlang sal sy hulle enige tyd bring dat hulle by my kan kom slaap of so iets....... ja, dit het nooit so plaasgevind nie. As die kinders wel gevra het, het sy geweier."* Die vader huldig die standpunt dat, indien daar 'n positiewe verhouding bestaan tussen hom en sy vorige eggenote, gereelde kontak tussen hom en sy kinders plaasvind, maar sodra daar konflik ontstaan, *"gebruik sy die kinders om my van hulle af weg te hou.... dan sien ek hom strick as dit my tyd is"* (A1.18).

Volgens die vader probeer hy sy kinders vryheid van beweging gee met betrekking tot naweekbesoeke: *"Ek probeer in daai hoedanigheid, gaan ek nie vir die kinders sê" 'Sorry, dit is my naweek en julle sal by my bly nie'"*( A1.18). Die rede vir sy houding is, volgens hom, dat dit bydra tot die kinders se geluk: *"Ek is happy daarmee omdat dit my kinders gelukkig maak, jy weet"* (A1.18). Die vader meld dat sy vorige eggenote se redenasie van *"Julle was nou die heelweek by jou pa gewees, dis nou tyd om bietjie by die huis te wees .......jy gaan nêrens heen nie, jy bly nou bietjie by die huis, julle was nou genoeg by jou pa"* (A 1.18), aanleiding gee tot gevoelens van frustrasie aangesien hy van mening is dat die kinders se behoeftes nie eerste gestel word nie. Ten spyte van die konflik rondom die reëling van die kinders: *"Ons het natuurlik die vorige week 'n argument met Martie gehad, jy weet, en sy probeer ons nou terugkry, en sy gebruik die kinders om dit te doen en dit is vir my 'n probleem, wat ek **geen** beheer oor het nie"* (A1.18), toon die vader 'n bereidwilligheid tot positiewe samewerking: *"En daarom probeer ek in 'n goeie gees saamwerk"* (A1.18).

Blyke van ambivalente gevoelens rondom die biologiese moeder met betrekking tot haar opvoedings-intensies, dra by tot gevoelens van bitterheid en frustrasie by die vader. Die vader gee aan die eenkant blyke van erkenning aan die moeder se aandeel in die opvoeding van hulle kinders: *"Sy is nie 'n slegte ma wat dit betref nie, sy versorg die kind en sy skoolwerk word gedoen en daai tipe van ding..."* (A 1.5), en *"Hulle is happy by hulle ma, dit gaan goed daar"* (A2.21). Maar terselfdertyd spreek hy ook sy wantroue uit met betrekking tot haar opvoedingsintensies: "*Sy sal dinge vir Leon doen wat haar in die kollig sal plaas,... verder het sy nie 'n saak nie"* (A1.5).

Die vader beleef gevoelens van frustrasie weens die feit dat sy vorige eggenote min ondersteuning bied in die verantwoordelikhede rondom die kinders se buitemuurse

aktiwiteite. Volgens die vader moet hy sorg dat die kinders by hulle verskillende aktiwiteite uitkom: "*Martie weier om hom rond te ry, dit is my verantwoordelikheid, ek moet dit doen. Sy sal sou nou en dan, as sy nou af is sal sy hom vat, maar moeite doen, jy weet wanneer dit nou vir haar lekker is of as sy haar gesig kan gaan wys, 'Ek is die kind se ma', jy weet. Maar met die Voortrekkers en goed het sy reguit vir my gesê sy betaal niks nie en ek moet sorg dat die kinders daar kom en weer gehaal word, sy gaan nie daai moeite doen nie"* ( A1.6).

**Tema 2: Die invloed van die biologiese vader se huidige eggenote op sy betrokkenheid by sy nie-inwonende kind.**

Tydens al drie onderhoude het dit aan die lig gekom dat die vader sekere voornemens het om meer tyd saam met sy kind deur te bring. Die beplanning van die aktiwiteite word egter beïnvloed deur die voorkeure van die vader se nuwe vrou: *"Ek het nie geweet Belinda is lief vir visvang nie, ek het rêrig nie geweet nie, toe vertel sy nou die dag vir my sy wil so graag gaan visvang. Want ek is nie 'n hengelaar nie, ek worrie nie oor visvang nie, toe voel ek nogal baie sleg en toe besef ek, ek het foto's gekyk waar my swaer altyd met sy seun gaan visvang het en toe dink ek, ek moet meer sulke goed doen"* (A1.9); en *"Ek en Belinda het toe ook bietjie gesels, nè, en ons kom toe agter sy is baie lief vir tuinwerk en sy......en ek hou ook daarvan en ons wil graag hê dat ons gesin bietjie projekte moet saam doen, almal moet saamwerk"* (A3.33).

Die vader stel dit egter aan die ander kant ook dat hy soms 'n behoefte het aan sy kind se nabyheid, maar dat hy moet kompenseer vir sy nuwe vrou se behoeftes. "*Ek het partykeer 'n behoefte aan sekere goed, ek het bv. 'n behoefte daaraan dat Leon by my in die bed moet kom spring of daar kom lê op 'n Saterdagoggend, en hmm...dit is nou juis die tyd wat Belinda ook 'n bietjie by my wil kom lê, dan sien ek sy hou nie daarvan nie. Sy het nog nooit iets gesê nie, maar ek, ek kan mos agterkom"* (A 1.12).

Dit blyk dat die vader se nuwe eggenote ook 'n bereidwilligheid toon om met die vervoer van die seun na sy aktiwiteite te help: *"Maar so tussen my Pa en toe Belinda nie gewerk het nie het hulle hom gevat vir sy laser en swemlesse en goed"* (A1.1), wat by implikasie daartoe bydra dat sy 'n positiewe en aanvaardende houding teenoor haar eggenoot se kind inneem.

**Tema 4: Die vader se belewing van die "so-wees" van die situasie.**

Die "so-wees" van die situasie word bespreek rakende die uitdagings wat saamhang met die vorming van 'n hersaamgestelde gesin na egskeiding waar die vader nie toesig-en-beheer oor sy kinders het nie. Die vader spreek homself eksplisiet uit oor sy gevoelens rondom sy seun: *" Kyk, Leon is natuurlik my idol. Ek is baie lief vir hom"* (A1.2) en juis om hierdie rede ervaar die vader gevoelens van frustrasie aangesien hy nie elke dag by sy kind kan wees nie. Hy het 'n begeerte om sy seun met elke-dag-se *"dingetjies by die skool wat hom pla"* (A 1.3) te kan

ondersteun en dit is dan ook die rede waarom hy die verantwoordelikhede van die buitemuurse aktiwiteite op hom geneem het: *"...juis by die Voortrekkers as ouer betrokke geraak juis dat ek meer tyd met Leon kan deurbring"* (A1.2). Ofskoon die vader die feit onder oë sien dat hy nie toesig-en-beheer oor die kinders het nie beleef hy die realiteit negatief: *"Ek sal hom graag altyd by my wou hê, dis nogal vir my 'n probleem dat hy nie by my bly nie, ek sou graag wou hê my kinders moet by my kom bly, maar dit is maar die ding met die egskeiding, jy weet, hulle is happy by hulle ma, dit gaan goed daar, so dit is maar omstandighede"* (A2.21).

Volgens die persepsie van die vader is daar 'n verskil tussen hulle as ouers se opvoedingsprioriteite. Die vader beleef gevolglik gevoelens van frustrasie asook magteloosheid. 'n Voorbeeld hiervan is die mediese behandeling wat sy seun vir 'n veltoestand ondergaan en die salf wat hy daagliks moet aansmeer. Die vader meld dat mediese behandeling 'n ekstra finansiële las op die hersaamgestelde gesin plaas, maar dat hy nie omgee nie, aangesien dit in die beste belang van die kind is: *"Ek is gefrustreerd, ek bly nie in daai huis nie, my kind bly nie by my nie, ek kan nie seker maak dat hy die goed aansmeer nie, intussen kos dit my R6000.00 'n jaar uit my sak uit, die mediese fonds betaal dit nie"* (A1.4); en *"So hierdie goed is van kardinale belang en dit is asof sy ma net nie 'n saak daarmee het nie. As ek vir haar vra dan lieg sy vir my, dan sê sy die goed word aangesmeer, maar dit gebeur nie. Jy weet en dit, dit ontstel vir my en dit veroorsaak konflik"* (A1.5).

**Tema 5: Die vader se siening van sy verhouding met sy nie-inwonende kind in praktyk.**

Tydens die eerste onderhoud noem die vader dat die biologiese moeder *"weier"* (A1.6) om die kinders rond te ry, dus het hy die verantwoordelikheid op hom geneem om toe te sien dat sy kind by die verskillende buitemuurse aktiwiteite kan uitkom. Hierdie opneem van verantwoordelikheid het ook ten doel om die kinders dan meer te siene te kry: *"Kyk ons het 'n ooreenkoms vir elke tweede naweek, maar omdat ek hom moet vat vir die laser behandeling vir sy vel, en vir sy swemlesse en daai goed. Toe hy nog Voortrekkers gedoen het, het ek hom amper elke dag in die week gesien, wat vir my lekker was. Dit is ook hoekom ek die verantwoordelikheid op my gevat het"* (A1.1).

Volgens die vader het hy juis saam met sy kind by 'n kultuurbeweging aangesluit om meer dinge saam met hom te kan doen: *"Die Voortrekkers het my nogal gehelp met daai dinge, ek het baie goed saam met hom gedoen, maar as gevolg van al my ander aktiwiteite en ek 'n bietjie daar afgeskaal het, het ek daai spesiale tyd met Leon ingeboet. En ek voel dit nou, ek kom dit agter, ek wil baie graag meer tyd met hom spandeer, maar nou weer die lewe wat ek lei, 'n ou is so besig met dit en besig met dat en al sulke goed, 'n ou kom nie daarby uit nie"* (A1.9). As gevolg van sy betrokkenheid by die kerk asook sy werkslading is dit volgens die vader tans moeilik om

meer tyd aan sy kind te spandeer. Gesien in die lig van Tema 2 sou 'n vraag ook kon wees of die nuwe eggenote moontlik 'n invloed kon hê op die betrokkenheid van die vader by sy kind.

Dit het aan die lig gekom dat die vader tog die beskikbare alleentyd saam met sy seun effektief kan gebruik, soos byvoorbeeld as hulle na die laser-behandeling moet gaan: *"Weet jy, kom ek sê jou wat gebeur as ons saam na die laser toe gaan né, ons speel speletjies in die kar, want dit is nou lekker ver wat ons moet ry"* (A1.7) asook *"Ja ek dink hy het nogal 'n behoefte om saam met my dinge te doen, soos nou in die week toe vat ek hom weer dr. toe vir sy siekte, toe sit ons daar in die wagkamer, toe speel ons daai speletjie waar jy die kruisies en kringetjies so trek, en hy het dit geweldig geniet terwyl ons so vir die dr. sit en wag"* (A2.42).

Die vader is ook ingestel op fisiese kontak en betoon liefde aan sy seun op 'n spontane manier: *"Dan terwyl ek ry dan vat ek aan hom of ek sit my hand op sy been en jy weet dan sê ek ook vir hom 'Ek is lief vir jou'"* (A2.12). Hy meld dat sy seun nie meer so baie toenadering soos in die verlede soek nie: *"Wat interessant is, hy was altyd 'n liefdevolle, drukkiekind gewees, jy weet ..... en ....hierdie jaar is dit asof hy groot word. Dit begin hom irriteer, hy soen en hy druk my nog steeds, jy weet en hy sal vir my sê hy is nog lief vir my, jy weet."* (A2.4). Dit is egter vir hom moeilik om te aanvaar en hy spreek nog die behoefte uit om sy seun meer te *"cuddle"*(A2.10).

'n Duidelike groei in die vader se houding rakende die deurbring van kwaliteit tyd saam met sy seun, het deur die verloop van die drie onderhoude plaasgevind. Tydens die eerste onderhoud het die vader genoem dat hy bewus is van die feit dat die kwaliteit van die pa-seun verhouding kan verbeter, maar dat die tyd nie altyd geleë of beskikbaar is nie. *"En ek voel dit nou, ek kom dit agter, ek wil baie graag meer tyd met hom spandeer, maar nou weer die lewe wat ek lei, 'n ou is so besig met dit en besig met dat en al sulke goed, 'n ou kom nie daarby uit nie"* (A1.9). Die vader is van mening dat sy eie ongemotiveerdheid ook 'n rol speel in die tydsbesteding aan sy kind. *"Dit is bietjie slegtigheid van my kant af, ek moet vir jou eerlik sê, jy weet ek moet rêrig, ek kan. As ek werklik wil en as ek werklik wil effort insit dan sal ek tyd maak om met Leon tyd te spandeer, want hy wil graag gaan visvang"* (A1.10).

Tydens die tweede onderhoud het die vader 'n daadwerklike bereidheid tot meer individuele aandag uitgespreek: *"Ek beplan nou om meer tyd ook aan hom te spandeer, bietjie te gaan vis vang en daai goed, ek is regtig besig om bietjie.... ek het vir myself gesê ek moet my lewe so inrig dat ek daai naby goedjies met hom nog kan doen...."* (A2.11). Hy het ook 'n besef getoon dat *"ander verantwoordelikhede"* (A2.39) nie sy lewe moet oorheers nie, aangesien hy bewus is van die feit dat sy seun 'n behoefte het om saam met **hom** dinge te doen. Volgens die vader is hy ook bewus van die feit dat hy sy seun meer by die alledaagse aktiwiteite behoort te betrek,

maar weens sy ongeduld realiseer dit nie altyd nie: *"Dis een van my foute in die lewe, as ek 'n ding doen, as ek 'n tafel regmaak...hmm... dan wil ek nie gepla word nie, dan sal hy nou kom vra, kan hy nie help skuur nie, hy is dan eintlik in my pad, die fout wat ek dan maak is om te sê: 'Nee my seun pappa is nou besig ons kan later'....jy weet, en dit moet ek nie doen nie, as ek besig is dan wil ek klaar maak, ek wil nie gepla word nie.....en hmm... ek moet hom meer betrek by sulke goedjies.... dis regtig 'n fout wat ek doen"* (A2.45).

Tydens die derde onderhoud het die vader aangekondig dat hy tot aksie oorgegaan het en daadwerklik 'n poging aangewend het om 'n wegbreek naweek te reël: *"So ek het nou 'n visvang naweek gereël en....... alles is bespreek, alles is in plek en dit gaan vrek lekker wees. Ek gaan net doodeenvoudig vir die ouens by die kerk sê: hierdie naweek is ek nie by die kerk nie, ek het ander dinge aan, klaar, want ek laat te maklik my verantwoordelikheidsin rondom daai belangrike goed die oorhand kry bo my gesin, en dit is verkeerd"*[4] (A3.32). Die vader het ook 'n voorstel gemaak rondom 'n gesinsaktiwiteit in die vorm van tuinmaak. Volgens die vader kan hy *"nie net vir Leon uitsonder nie en net tyd aan hom spandeer nie"* (A3.33), aangesien hy die hele gesin se belange op die hart dra. Ofskoon die vader laat blyk dat hy eerder saam met die hele gesin wil tyd spandeer, het hy tog aktiwiteite geïdentifiseer wat net hy en sy seun kan saamdoen: *'n Paar spesiale goed wat ek vir Leon ook wil doen....hmm..... bv. daai 4 wheeler motorfietsie, ek wil hom graag vat, ek moet nog vir my 'n sleepwa kry dat ek en hy, net ons twee alleen 'n bietjie gaan ry. Ek wil nie die hele gesin dan saam hê nie....hmm... ek gaan definitief... daai verandering in my lewe gaan ek aanbring"* (A3.33).

**Tema 6: Die vader se siening van sy verhouding met sy kind in praktyk, in terme van dissipline-handhawing**

Tydens die eerste onderhoud het die vader aangetoon dat hy sy nuwe eggenoot vertrou in haar pogings om leiding te neem in die huis, asook om die neerlegging van reëls in die hersaamgestelde gesin te hanteer: *"Met die dinge in die huis laat ek haar die leiding neem, want binne die huis is sy in beheer"* (A1.11). Die vader meld ook verder dat sy seun en sy nuwe eggenote 'n goeie verhouding het. Volgens hom het sy seun sy nuwe vrou ten volle aanvaar. Tydens die tweede onderhoud het dit egter aan die lig gekom dat die vader inkonsekwent optree ten opsigte van die reëls wat neergelê is: *"Daar is goed wat ek weet wat hy doen wat ek weet Belinda nie sal toelaat nie.....maar ek wil nie net heeldag loop en raas nie"* (A2.27).

Dit blyk verder dat die vader soms twyfel of wantroue het in sy nuwe eggenote se oordeel om konsekwente dissipline toe te pas: *"Ek voel soms sy is bietjie hard met my kinders"* (A2.31), en dat daar 'n ongunstige vergelyking tussen "jou" kinders en "my" kinders bestaan: *"Nou weet*

[4] Die vader het my vier weke na ons laaste gesprek gekontak en my meegedeel dat hy en die hele gesin wel gaan visvang het en dat almal die naweek terdeë geniet het.

*Belinda ek hou nie daarvan nie, toe raas sy die anderdag met Leon want Leon het dit ook begin doen. Maar as Riaan dit doen dan vat sy hom nie vas nie, en ek sê jy moet konsekwent wees. Toe was daar bietjie konflik tussen ons want ek was op daai stadium bietjie ongelukkig, want ek het gevoel, jislaaik, jy is vinnig om vir Leon reg te wys maar jy doen dit nie met Riaan nie"* (A2.26).

Tydens die derde onderhoud het die vader gemeld dat hy bewus is van die feit dat hy sy eggenote moet ondersteun in haar handhawing van dissipline, maar dat hy dikwels oorbeskermend optree vanweë die feit dat sy kind nie altyd by hom is nie: *"As Belinda vir Leon aanvat, ek probeer glad nie inmeng nie, ek probeer haar gesag, jy weet aanvaar, maar partykeer voel ek, sy is bietjie streng, sy laat dinge toe by die ander kinders, maar niks ernstig nie. Inteendeel, dink ek sy is nogal baie gebalanseerd wat die hantering van die kinders betref, jy weet, maar die oomblik wat Leon vasgevat word is my ore daar, dis nou nie heeltemal reg nie, maar dit is nou maar so"* (A3.6).

'n Bewustheid het ook by die vader ontstaan dat daar 'n mate van toeskietlikheid in terme van dissipline voorkom: *"ek is nie so streng met hom as met die ander kinders nie"* (A 3.5), en "*Ek sou dink ek is meer beskermend.....en ek dink ek laat ook meer dinge toe, jy sien as Leon voltyds in my huis gebly het........sou ek strenger met hom gewees het, definitief, ek sal in alle eerlikheid sê, ek laat meer dinge nou toe omdat hy nie in my huis bly nie. Wanneer hy hier kom wil ek dit vir hom lekker maak, ek wil nie hê hy moet die heeltyd voel, as hy hier kom, maar hier word die heeltyd met hom baklei nie"* (A 3.19). Hierdie toeskietlikheid word deur die vader ook toegeskryf aan die feit dat sy seun kleiner is as sy maats, wat gevolglik daartoe bydra dat verantwoordelikhede nie aan hom toevertrou word nie: *"Ek het nogal die geneigdheid om... en dit is seker baie verkeerd van my...om hom nie te beskou as.... wat is die Afrikaanse woord vir 'capable'?"* (A3.8).

### 4.3.3 Gevallestudie B

**Tema 1: Die verhouding met die vorige egmaat**

Vader B het hom deurgaans sterk uitgespreek ten opsigte van sy vorige eggenote, wat 'n nadelige invloed uitoefen op sy pogings om 'n verhouding met sy seun te handhaaf. Volgens die vader neem die moeder besluite sonder om hom enigsins daarvan in kennis te stel, gevolglik word die vader se pogings om meer betrokkenheid asook toegang gestuit: *"Bertus het bulletjie rugby gespeel en ek het probeer om te gaan kyk as hy speel en toe ek weer die aand daar kom, toe is hy nie daar nie en toe ek uitvind, toe sê sy, sy gaan hom nie meer vat nie, want hulle het nie meer tyd nie"* (B1.30). Die moeder se optrede resulteer in gevoelens van magteloosheid sowel as gegriefdheid: *"Sy maak net soos sy wil en ek het nie 'n sê nie. Ek moet net betaal"* (B1.30). Die vader is verder van mening dat sy vorige eggenote sy verhouding met sy seun

selfs probeer skaad: "S*y probeer my slegmaak by hom en die boyfriend het dit ook al vir my gesê. Dit is wat sy doen, en Karin het dit ook al vir my gesê. Sy maak my sleg by die kinders"* (B1.13).

Vanweë die feit dat die vader skofte werk is 'n gereelde twee-weeklikse naweekbesoek nie moontlik nie. Ofskoon die vader 'n bereidheid toon om sy kinders te ontvang, blyk dit egter dat alternatiewe besoekreëlings nie effektief getref kan word nie as gevolg van die konflik en negatiewe kommunikasieverhouding tussen die biologiese ouers: "*So daar is nie regtig 'n tweede of elke derde naweek nie, dis wanneer ek af is fisies wanneer ek hom kan kry. Maar nou het dit ook al so gebeur dat dit my af naweek is en dan sê sy, sy het dinge aan, klaar. En as sy sê sy het dinge aan, dan kan ek niks daaraan doen nie"* (B 1.15).

Dit lyk asof die negatiewe verhouding tussen die biologiese ouers die kind in die middel van die spervuur plaas. Die vader meld dat hy pogings aanwend om telefonies met sy kind kontak te maak, maar dat die moeder sy pogings saboteer deur herhaaldelik nie die telefoon te beantwoord nie: "*Ek het gebel, want hy het die Woensdag verjaar en ja, ek het hom gebel op sy verjaarsdag om hom geluk te wens met sy verjaarsdag, maar sy ma het weereens nie die foon geantwoord nie want as sy sien dis ek, antwoord sy hom nie. Ek het weer die aand gebel en dit was dieselfde storie"* (B2.5). Die vader gee blyke dat hy kwaad en omgekrap, maar ook hartseer, voel oor die feit dat sy vorige eggenote die kommunikasie tussen hom en sy kind saboteer. Hy spreek sy vrees uit dat sy kind vertroue in hom as pa kan verloor: *"Want hy wag tog dat jy hom moet bel, en ek het hom gesê ek sal hom bel, en nou bel ek nie, nou wat nou? Wat moet hy nou dink? So ek het baie sleg gevoel"* (B2.7).

Deur die verloop van die tweede onderhoud het bate-identifisering plaasgevind rondom die problematiese kommunikasieverhouding tussen pa en seun, as gevolg van die negatiewe beïnvloeding van die moeder. Een van die vader se sterkpunte wat geïdentifiseer is, is eerlike, gemaklike kommunikasie met sy seun: "*Ek het ook vir hom gesê dat ek hom gebel het en dat sy ma nie die foon wou antwoord nie. 'Ons kon jou nie geluk wens met jou verjaarsdag nie'. Ek het hom so verduidelik dat hy weet, dat hy nie dink dit is my skuld nie*" (B2.10).

In die proses van bate-verkenning het dit aan die lig gekom dat die vader se werksomstandighede van so 'n aard is dat hy dikwels gedurende die dag tuis is. Tydens die bate-mobilisering met betrekking tot die kommunikasieverhouding in die derde onderhoud het die vader self voorstelle aan die hand gedoen hoe hy moontlik sy kind in die namiddae by die na-skoolsentrum kan ontmoet om sodoende die frustrasie van die telefoniese kommunikasie uit te skakel: *"Ja..... of ek kan ook soms hom net by die skool gaan haal en by die kleuterskool gaan aflaai, daai rukkie wat ek hom daar sien, dis so 10, 15 min. Dis nou nie so baie nie, maar dis iets. Ja 5 min is klaar waardevol so dit is mos wat tel"* (B3.38).

**Tema 3: Die "ander pa" in die kind se lewe**

Vroeg in die eerste onderhoud het die vader sy afkeur van sy vorige eggenote se vriend te kenne gegee. Hy is van mening dat die man nie 'n goeie *"stiefpa"* (B1.10) vir sy kinders kan wees nie, aangesien hy, volgens hom, losbandig lewe. Daar is ook 'n ongunstige vergelyking met betrekking tot die saamdoen-aktiwiteite tussen 'n pa en 'n seun. Volgens die vader doen hy en sy seun *"nie veel nie"* (B 1.20) en voel hy ongelukkig oor die feit dat die "ander pa" sy seun gevat het om te gaan visvang. Hy beskou dit as 'n pa se voorreg om sulke dinge saam met sy seun te kan doen: "*So ek is nie jaloers nie, maar dit voel net vir my of hy iets wegvat van my, iets wat ek en my laaitie kon saam doen het hy nou gedoen. Ons kan dit nog gaan doen, maar dit gaan nie dieselfde wees nie, want ek wou hom geleer het hoe sit 'n mens 'n hoek aan, hoe sit 'n mens 'n sinker aan en so aan...."* (B2.19).

Dit lyk asof die vader 'n negatiewe belewing van homself as pa het vanweë die feit dat hy nie in die finansiële posisie is om "lekker" dinge saam met sy seun te doen nie. Na afloop van die tweede onderhoud, wat gefokus was op die identifisering van sterkpunte en bates in terme van die verhouding tussen die vader en sy seun (vergelyk Tema 5), het die vader opgemerk: *"Ek het vanaand eers eintlik besef... dat... hoeveel doen ek eintlik om hom gelukkig te hou omdat hy nie by my bly nie. Ek het nog nooit so daaraan gedink nie. Ek was nog altyd net bekommerd ek doen nie genoeg nie"* (B2.77).

Tydens die derde onderhoud het die vader meer selfversekerd aangetoon dat niemand die pa-rol in sy kind se lewe sal speel nie, behalwe hyself (B3.76). By implikasie blyk dit dat die bewusmaking van bates en sterkpunte by die vader, daartoe bygedra het dat die vader met meer selfvertroue sy pa-rol kan en wil vertolk.

**Tema 4: Die vader se belewing van die "so-wees" van die situasie.**

Die vader het herhaaldelik sy magteloosheid en frustrasie uitgespreek met betrekking tot die regsisteem, wat volgens hom *"nie die behoeftes van 'n goeie pa op die hart dra nie"* (B1.28). *"Ek sal wens om die wet te verander, dat 'n man meer regte het, want 'n man het niks, niks, niks...... Jy is daar eenkant."* (B1.33) Op die vraag, *"Wat is die behoeftes van 'n goeie pa?* (NB1.29)[5] het die vader geantwoord: "*Dis 'n pa wat omgee vir sy kinders, 'n pa wat na sy kinders wil kyk, 'n pa wat soos in my geval die kinders uit die sleg wil haal en na die goeie wil bring,... maar ek kan nie, ek kan nie. Die wet is maar net so"* (B1.29). Die pa stel dit dat hy baie graag sal wil hê dat sy seun ook by hom moet kom bly (soos sy dogter reeds agt maande doen), maar hy kan op hierdie stadium niks aan die egskeidingbevel verander nie.

[5] NB 1.29 verwys na my as navorser se 29 ste inset in Vader B se 1ste onderhoud.

Volgens die vader beleef die kind die afskeid na ’n naweek se besoek dikwels as pynlik, aangesien hy *“tranerig”*(B 3.13) raak as hy moet huis toe gaan: “E*n eventually het die tyd maar aangebreek dat sy ma hom kom haal het.....ja...wat weereens nie so ’n nice ding is nie, want hy wil nie huis toe gaan nie”* (B2.73). Hierdie reaksie van die seun laat die vader met emosies van moedeloosheid asook ’n gevoel van magteloosheid: *“Ja dis seker maar hoe die lewe werk”* (B2.76). Dit lyk asof die vader homself vasgelope voel met betrekking tot die *“hofbevel”* (B3.21).

Tydens die derde onderhoud, rakende bate-mobilisering, is moontlikhede ondersoek rondom meer geleenthede tot kontak, binne die vader se wetlike regte: “*Ja..... of ek kan ook soms hom net by die skool gaan haal en by die kleuterskool gaan aflaai, daai rukkie wat ek hom daar sien, dis so 10, 15 min. Dis nou nie so baie nie, maar dis iets. Ja 5 min is klaar waardevol so dit is mos wat tel ”* (B3.38). Strategieë is ook beplan om die afskeid minder traumaties te maak vir beide pa en seun asook om die begrip van tyd vir die kind meer konkreet te stel. Die vader het die volgende voorstel gemaak: *“Ja ’n mens kan soort van ’n tabelletjie of ’n ding vir hom opstel en sê... OK dan sê ’n mens vir hom bv. 1 slapie, 2 slapies, 3 slapies, want dis hoe hulle mos nog op die stadium is en dan dit op daai manier vir hom probeer verduidelik, dit kan dalk werk.........dit kan dalk werk en dan kan hy self ook tel hoeveel slapies nog tot hy weer kom”* (B3.41).

**Tema 5: Die vader se siening van sy verhouding met sy nie-inwonende kind in praktyk.**

Tydens die tweede onderhoud is daar gekonsentreer op bate-identifisering in terme van die vader se verhouding met sy seun in die praktyk. Verskeie bates en sterkpunte is by die vader geïdentifiseer. Die vader erken sy seun se individualiteit: *“So nou het hy sy eie bed, sy eie kamer, sy eie kas. Ja ons werk nou nog net daaraan om sy eie klere te kry wat hier kan bly, wat nie saam gaan anderkant toe nie. So as hy na my toe wil kom, dan kom hy net, hy hoef dan nie sy sak te pak en so aan”* (B2.39). Die vader meld ook dat sy seun die vryheid gegee is om self te kon kies watter prente hy teen sy kamermuur wil hê. Volgens die vader probeer hy om op so ’n manier vir sy seun ’n tuiste te skep, dat dit vir hom moet voel dat hy “*huis toe kom”* en nie net *“kom kuier”* nie (B 2.40).

Die vader toon ’n bereidwilligheid om bemoeienis te maak in die vorm van daaglikse aktiwiteite: *“Ja, en ek het hom toe gehelp en gesê hoe hy die vuur moet pak, soos watter hout kom waar, jy weet die klein houtjies kom onder en die grotes bo en so aan en dan is dit vir hom groot pret om die vuur aan te steek met die lighter, jy weet, en dan is hy happy, dan gaan speel hy weer”* (B2.67).

Die vader meld dat hy ingestel is daarop om vir sy seun te leer om verantwoordelikhede te aanvaar: *"Hy moet verantwoordelikheid begin aanvaar. Hy is nie meer so klein dat almal vir hom alles moet doen nie. Hy kan maar sy bed opmaak, die duvet is glad nie swaar nie, hy kan sorg dat sy klere weg gepak is en die gordyne oopmaak, dis al wat hy moet doen*"(B2.57). Die vader skep dus 'n veilige ruimte vir sy seun waarbinne hy kan leer.

Volgens die vader is hy ingestel op fisiese kontak en probeer hy om die verhouding met sy seun soos wat dit was voor die egskeiding, voort te sit in die nuwe hersaamgestelde gesin: *"Kyk wat altyd gebeur het toe ek nou nog getroud was, ek, hy en Karin het altyd in die sitkamer gestoei. Dit was .....hoe kan ek sê, ons quality time wat ons saam gespandeer het, ons het gestoei in die sitkamer, baie. Nou tot vandag toe nog, as hulle hier kom dan moet ons stoei"* (B1.20).

### 4.3.4 Gevallestudie C

**Tema 1: Die verhouding met die vorige egmaat**

Vader C het deurgaans verwys na die konflik tussen hom en sy vorige eggenote, in so 'n mate dat daar 'n uiters beperkte kommunikasieverhouding tussen hulle is. *"Ek probeer om so min as moontlik kontak met die ma te hê. Dit is meer my vrou wat haar bel en met haar praat."* (C1.21) Die vader verklaar dat, indien hy die kinders wil kontak, hy die kinders se "ander" pa skakel en via hom met sy kinders kommunikeer. Die vader stel dit verder dat die biologiese moeder slegs met hom kontak maak *"as sy geld nodig het vir iets."* (C1.21) Na sy mening word die konflik instandgehou weens die feit dat die moeder 'n belofte aan hom gemaak het dat hy toesig-en-beheer oor die kinders mag kry sodra hulle skoolgaande ouderdom bereik. Sy het nie by haar woord gehou nie en hy het *"nog baie kwade gevoelens teenoor haar"* (C1.21). Die gebrekkige kommunikasie tussen die biologiese ouers dra ook by tot 'n nie-weet-wat-aangaan-gevoel by die vader: *"Ek kry geen informasie van haar ma se kant af nie, van wanneer sy by sport betrokke is of nie"* (C1.24), wat aanleiding gee tot gevoelens van frustrasie en magteloosheid.

Dit lyk asof die swak verhouding tussen die biologiese ouers bydra tot manipulasie van die kinders deur die moeder, onder andere deur weerhouding van toegang te bewerkstellig. 'n Voorbeeld van so 'n insident, het volgens die vader, gedurende die afgelope vakansie voorgekom. Die moeder het die kinders gekontak en gesê sy het vir hulle *"'n verrassing"* by die huis (C2.83). Die vader vertel heftig hoe hy daaroor gereageer het en dit lyk asof hy dan sy frustrasie op sy kind oorgedra het, wat dan kon bydra tot 'n lojaliteitskonflik by die kinders: *"Ek was ongelukkig gewees met Wilna en ek het met haar baklei en vir haar gesê, 'So jy wil nie by*

*Pappa kom kuier nie, so jy wil eintlik net by Mamma bly en alles en dit is waar Elise vir my kom sê het ek het oorreageer wat dit betref"* (C2.87).

Dit wil voorkom asof kwade gevoelens tussen die voormalige egmaats uiting vind in 'n gevoel van gegriefdheid teenoor mekaar, wat daartoe bydra dat die kinders gebruik word om mekaar te na te kom. Die intense konflik tussen die biologiese ouers maak die funksionering van die verhouding tussen die vader en sy kinders byna onmoontlik. Die vader is van mening dat sy vorige eggenote die kinders van hom probeer weghou.

**Tema 5: Die vader se siening van sy verhouding met sy nie-inwonende kind in praktyk.**

Die vader meld, geïrriteerd, dat hy en sy nuwe eggenote probeer *"om soveel as moontlik"* (C1 10) tyd saam met die kinders te spandeer: *"Weet jy ons, dis, ons probeer om so veel as moontlik, jy weet hulle na plekkies toe te vat of hulle uit te vat winkels toe, vir hulle goedjies te gaan koop, ons vat hulle gewoonlik, dis maar 'n storie, as hulle hier kom, ons gaan fliek altyd daai aand wat hulle hier kom, jy weet ons vat hulle uit ons gee vir hulle...daar waar hulle bly gaan fliek hulle ook daarso, maar dit is nie saam met die ma en pa nie"* (C1.10). Maar dit blyk dat daar 'n ongedurigheid bestaan met betrekking tot die hantering van die kinders. *"Maar na so 'n week en 'n half dan raak Elise nou 'n bietjie geïrriteerd met die kinders en jy weet, ek ook partykeer, maar dis as gevolg van, hulle raak, hulle is baie skrikkerig as hulle kom kuier die naweek aan die begin, nie, ek gaan nie sê skrikkerig nie, maar hulle is, hulle is soet, hulle is jy weet, en hoe verder die naweek of hoe langer die tyd is wat hulle saam met ons spandeer, hoe meer begin hulle kanse vat met ons en dan raak ek 'n bietjie geïrriteerd met hulle want ek is ook nie gewoond daar aan nie, omdat ons nie kinders in die huis het nie"* (C1.10).

Die besoeke van die kinders word oënskynlik tot 'n hoë mate gevul met besoeke aan die egpaar se vriende en familie, waar die kinders dan speel en weinig met die ouers omgaan. Die vader sê dat, aangesien hy en sy vrou altwee onderwysers is, hulle *'graag'* die kinders gaan haal as daar pret-aktiwiteite by hulle onderskeie skole aangebied word: *"Ja, jy sien wat ons probeer, soos ek sê, as ons iets by die skole betrokke is en hulle twee is ontsettend lief daarvoor om saam met ons te gaan as daar 'n kermis of 'n karnaval of 'n kaskar dag of 'n funksie by 'n skool, dan probeer ons hulle maar te kry dat hulle by ons is"* (C1.15). Die vader meld dat wanneer die kinders vir 'n naweek kom kuier, hulle dikwels by *"ouma"* gaan kuier: *"So as ons hulle vir die naweek het, is maar gewoonlik Mc Donalds en ons sal hulle gewoonlik vat na ouma, die eerste ding wat hulle gewoonlik doen as hulle hier is, as ons in Pretoria in ry is, wanneer gaan ons na Ouma toe, Elise se ma-hulle. So ons gaan kuier gou daar en sê hallo en dan gaan ons huis toe"* (C2.29) asook *"Ons vat hulle gewoonlik op 'n Sondag middag terug party Sondagaande, Maar as ons hiervandaan ry gaan ons eers na my ouma hulle toe en gaan kuier eers bietjie daar en dan vat ons hulle maar*

*terug"*(C2.108). Die vader vertel verder dat hulle as gesin ook voldag by sy vriend gaan kuier wanneer hulle die kinders gaan haal of terugneem huis toe, aangesien daar ook maatjies vir die kinders is om mee te speel: *"Sondagoggend toe ry ons na my vriende toe, na Hannes toe in Randburg en toe het ons die heeldag daar gekuier"* (C4.4). Tydens die derde onderhoud het daar 'n bewustheid by die vader ontstaan dat *"die naweek is te kort"* (C3.92) vir dit wat hy begin sien nodig is vir optimale verhoudingstigting.

In 'n poging om saam met die vader strategieë te ondersoek oor hoe om die naweek se tyd meer effektief te kan aanwend, het die vader aangedui dat hy graag die kinders wil probeer *"gelukkig"* hou, aangesien dit tog "*hulle"* is wat wil gaan kuier (C3.96). Hierdie stelling van die vader staan teenstrydig met sy ongemotiveerdheid om saam met sy kinders speletjies te speel wat by implikasie hulle ook gelukkig sou kon maak: *"Nee, ek sal so nou en dan as ek lus is, dan speel ek saam met hulle jy weet kaarte, donkie en al daai goed, maar ek is nie altyd lus daarvoor nie. Wat ons gewoonlik doen , daai vriende van ons een maal 'n jaar kom ons bymekaar en dan speel ons die hele aand speletjies, kinders ingesluit en dis lekker om saam met hulle te speel, maar 'n ou is nie altyd lus daarvoor nie"* (2.101).

Dit blyk dus uit bogenoemde dat die praktyk van die vader se verhouding met sy kinders ontoereikend voltrek word, aangesien hier min bewyse gevind kon word waar funksionele kontak plaasvind. Dit is dan ook die rede waarom die geïdentifiseerde tema van verhoudingstrukture in praktyk in Tabel 4.1, ligter gemerk is.

**Tema 6: Die vader se siening van sy verhouding met sy kind in praktyk, in terme van dissipline handhawing.**

Die vader het vroeg in die eerste onderhoud en ook herhaaldelik daarna gemeld dat die kinders aan die begin van 'n naweek of vakansie *"skrikkerig"* of *"soet"* is as hulle by hom kom kuier, maar hoe verder die kuier verloop *"hoe meer begin hulle kanse vat",* wat gevolglik die vader sowel as sy nuwe eggenote *"geïrriteerd"* maak met die kinders, aangesien hulle nie gewoond is aan so 'n situasie nie, aangesien hulle "*nie kinders in die huis het nie"* (C1.10). Die vader meen dat die rede vir die kinders se skrikkerigheid is as gevolg van die twee verskillende *"leefstyle"* van die twee ouerpare. Dit wil inderdaad voorkom asof die ouerskapstyle verskil, wat tot die kinders se onsekere houding kan bydra: *"Soos hulle gaan slaap, as hulle daar is, gaan slaap hulle gewoonlik half 8 in die aande, dis nou weeksdae en naweke kan hulle 9 uur gaan slaap. As hulle by ons is, dan sit hulle saam met my en DVD's kyk tot wie weet watter tyd in die aand en dan gaan slaap ons. Jy weet ek weet nie hoe om dit te sê nie, dit is net die verskil "* (C1.32).

Tydens die tweede onderhoud meld die vader dat dit vir hom moeilik is om konsekwente dissipline toe te pas, aangesien die kinders *"nie by ons is nie"* Hy toon verderaan dat hy bewus is van die feit dat sy inkonsekwente dissipline bydra tot manipulerende gedrag by die kinders. *"Jy weet aan die begin dan laat 'n ou hulle bietjie meer wegkom en later dan kom jy agter, maar die feit dat ek so 'n bietjie laks is met die dissipline, vat hulle nou eers kanse en dan jy weet"* (C2.48). Die vader stel dit egter dat hy ook nie net die heeltyd met sy kinders wil raas nie, aangesien hy hulle so min sien. Indien die vader wel met hulle raas, blyk dit egter dat hy baie heftig reageer: *"Ek verloor dit partykeer heeltemal."* (C2.52) en *"As ek baklei dan baklei ek behoorlik."* (C 2.55). Die vader is verder van mening dat hy geen ondersteuning van sy huidige eggenote in die handhawing van dissipline ontvang nie, aangesien sy dikwels vir hom te kenne gee dat hy *"onredelik"* is (C2.80).

Dit blyk dus uit bogenoemde dat die vader en sy nuwe eggenote nie saamstem oor die dissipline-handhawing nie wat gevolglik bydra tot onduidelike grense vir die kinders, wat hulle onseker laat en kan bydra daartoe dat die gesag uitgedaag word. In 'n poging om die vader te lei om meer konsekwente dissipline op 'n positiewe manier toe te pas, het ons byvoorbeeld die opruim van speelgoed, aangespreek. Ofskoon die vader nie spontaan wou voorstelle maak nie, het hy tog insig getoon in wat die implikasie van konsekwente dissipline moontlik op die gesin sal kan hê (C & NC 2.62-2.75).

Tydens die derde onderhoud het die vader 'n aanduiding gegee dat hy probeer het om die kinders van die begin af *"strenger"* te hanteer (C3.44). Alhoewel dit lyk asof die vader strategieë in plek het om sy humeur te beteuel deur alternatiewe strafmetodes te gebruik, wil dit voorkom asof die vader se onvermoë om konflik positief te hanteer die verhouding tussen hom en sy kinders negatief beïnvloed.

## 4.4 BESPREKING

### 4.4.1 Literatuurkontrole

Die literatuur het waardevolle insigte gelewer met betrekking tot die uniekheid van die hersaamgestelde gesin, maar dit blyk dat dit nie die bevindings asook die doel van hierdie studie veel ondersteun nie, aangesien die literatuur oorwegend gefokus is op potensiële struikelblokke en probleme eerder as bemagtiging en oplossings. Besonderhede wat in die bevindings voorgekom het sal egter waar moontlik steeds met die literatuur in verband gebring word.

**Tema 1: Die verhouding van die vader met sy vorige egmaat**

Die analise van al drie die onderhoude het laat blyk dat die vader se vorige eggenote 'n invloed uitoefen op die wyse waarop elkeen 'n vader vir sy kinders is, sowel as op die verhoudingstigting wat plaasvind. Die invloed van die vader se vorige eggenote word ook deur die navorsing wat deur Ganong en Coleman (1994:31) onderneem is, onderskryf. Dit blyk dat kwade gevoelens asook gevoelens van bitterheid en gegriefdheid oor die vorige huwelik asook oor die egskeidings-proses en die skikkingsooreenkoms 'n integrale deel vorm van die verhouding tussen die biologiese ouers, wat gevolglik kan lei tot parallelle ouerskap in plaas van samewerkende ouerskap.

Volgens Du Plessis (1993:47) kan ouers as egmaats skei, maar hulle skei nooit as ouers nie. Hulle word genoodsaak om hulle ouerlike funksie voort te sit en behoort dit verkieslik op 'n volwasse wyse te doen. Gebrekkige kommunikasievaardighede asook konflik tussen gewese egmaats, speel 'n betekenisvolle rol in die voltrekking van ouerskap in die nuwe hersaamgestelde gesin by al drie vaders (Beaudry, Boisvert, Simard, Parent & Blais 2004:98).

Dit blyk dat **Vader A** meer sukses behaal in sy pogings om 'n gesonde opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind te handhaaf, aangesien hy oor 'n meer funksionele kommunikasieverhouding met sy vorige egmaat beskik, alhoewel ambivalente gevoelens rondom die vorige egmaat se opvoedingsintensies teenwoordig is. **Vader B** sowel as **Vader C** se pogings om 'n opvoedingverhouding te handhaaf word egter gekortwiek deur 'n ontoereikende kommunikasieverhouding met hulle vorige egmaats, volgens Amato (2000:1269), wat soortgelyke beskouings geformuleer het.

Pogings van die biologiese vader om sy kinders te besoek word dikwels op 'n vyandige manier deur die vorige egmaat gesaboteer, gevolglik onttrek die vader geleidelik, volgens Ganong en Coleman (1994:98), aangesien die vader se bemoeienismaking vir hom net nie meer die moeite werd is nie. Die skrywers toon aan dat die vader gestroop voel van sy vaderlike rol en as hy nog moet baklei om sy kinders te sien is dit net eenvoudig nie die moeite werd nie. In al drie gevalle blyk dit dat die vorige egmaat wel pogings aanwend om kontak deur die vader met sy nie-inwonende kind/ers te saboteer, maar dat die vaders ten spyte van frustrasie asook 'n gevoel van magteloosheid steeds met hul kinders bemoeienis maak. **Vader B** is gelei om deur die proses van bate-identifisering en -mobilisering strategieë te kon voorstel van hoe om op 'n alternatiewe manier kontak te maak.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Tema 2: Die invloed van die biologiese vader se huidige eggenote**

Volgens Ganong en Coleman (1994:126) kan besoekende kinders onenigheid tussen ouers in die hersaamgestelde gesin veroorsaak. In die unieke omstandighede van **Vader A** se hersaamgestelde gesin blyk dit dat sy nuwe eggenote soms jaloers voel op die tyd wat haar man met sy besoekende kind deurbring. Verskille in die hantering van die kinders kom ook sterk ter sprake. Alhoewel Ganong en Coleman (1994:126) van mening is dat die nuwe eggenote moontlik mag uitgesluit voel en gevolglik 'n weersin toon in die ontwrigting wat die kinders se besoeke veroorsaak, blyk dit tog asof die vader sy nuwe egmaat se behoeftes op die hart dra deur haar deel te maak van die gesinsaktiwiteite. In **Vader B** se geval blyk dit dat die vader se huidige eggenote 'n positiewe houding handhaaf jeens haar man se kind, aangesien sy saam met die kind sy kamer versier met prente wat die kind self uitgekies het en ook sy dogter se oorloop na hul gesin aanvaar het. Alhoewel dit blyk dat **Vader C** se eggenote soms deur die kinders gegrief word as hulle daar kuier, is dit dikwels sy wat voorstelle maak om die kinders vir 'n naweek te gaan haal of om die kinders telefonies te kontak.

**Tema 3: Die "ander pa" in die kind se lewe**

Dudley (1996:415) toon aan dat nie-inwonende vaders die emosionele belading van die andersheid in vaderskap op verskillende maniere hanteer. Sommige probeer die emosionele reaksie rasionaliseer deur te aanvaar dat hul kinders hulle nie nodig het nie aangesien daar 'n "stief"pa is wat in die kinders se behoeftes sal voorsien. Volgens Ganong en Coleman (1994:98) kan die emosionele pyn verhoog as die biologiese vader die idee kry dat die "stief"vader sy rol as vader oorneem, wat daartoe kan bydra dat die biologiese vader voel dat hy niks meer oor het om aan te bied nie en dat hy gestroop voel van sy rol as vader en rolmodel vir sy kinders. In **Vader B** se geval ervaar die biologiese vader wel gevoelens van minderwaardigheid as gevolg van die betrokkenheid van die "ander pa" in sy kind se lewe, maar deur die proses van die identifisering van bates en sterkpunte kon hy tot insig gebring word dat sy oortuigings en gevoelens ongegrond is. Deur die proses van bate-mobilisering kon die vader strategieë beplan hoe om die spanning en pyn wat die besoeke van sy nie-inwonende kind teweegbring, te minimaliseer. Dit blyk uit die resultate van die studie dat **Vader A** sowel as **Vader C** se verhoudingstigting met hul nie-inwonende kinders nie noemenswaardig deur die aanwesigheid van die "ander pa" in hulle kinders se lewe beïnvloed word nie.

**Tema 4: Die "so-wees" van die situasie**

Dudley (1996:415) toon aan dat vaders dikwels emosies van frustrasie beleef as gevolg van die verlies van beheer oor die opvoedingsituasie. Die nie-inwonende vader het byvoorbeeld

geen beheer oor hoe die gesin die geld spandeer nie, maar hy moet volgens die wet finansieel tot die opvoeding van die kind bydra. **Vader A** ervaar gevoelens van frustrasie aangesien hy nie elke dag by sy kind kan wees nie. Ofskoon hy die feit onder oë sien dat hy nie toesig-en-beheer oor die kinders het nie beleef hy die realiteit steeds negatief.

**Vader B** het herhaaldelik sy magteloosheid en frustrasie uitgespreek met betrekking tot die regsisteem, wat volgens hom nie regverdig teenoor pa's optree nie. Dit lyk asof die vader homself vasgelope voel met betrekking tot die owerhede. Tydens die proses van bate-mobilisering, is moontlikhede ondersoek rondom meer geleenthede tot kontak, binne die vader se wetlike regte.

**Tema 5: Die vader se siening van die verhouding met sy nie-inwonende kind in praktyk.**

Volgens die navorsing van Spruijt, De Goede en Vandervalk (2004:81) blyk dit dat konflik tussen die ouers, na die egskeiding, aanleiding gee tot opvoedingsprobleme en vertroebelde ouer-kind verhoudinge. Hulle postuleer dat gereelde kontak tussen die nie-inwonende vader en sy kind belangrik is, maar op die voorwaarde dat die ouers sal leer hoe om hulle konflikte en aggressie teenoor mekaar te beheer en te hanteer. In al drie gevallestudies word die resultate, rakend konflik tussen vorige egmaats, deeglik deur die literatuur ondersteun.

> *"It would be far more to children's advantage if the parents learned to communicate better with one another and realized that long-term conflicts damage their children"* (Spruijt *et al*. 2004:88).

Dit blyk dat die unieke konteks van elkeen van die hersaamgestelde gesinne, die vader se siening van die praktyk van sy verhouding met sy nie-inwonende kind beïnvloed. Volgens Amato en Gilbreth (1999:557) dra die aktiewe rol wat vaders wat nie toesig-en-beheer oor hul kinders het nie, in die lewens van hul kinders speel, daartoe by dat hegte verhoudings met hul nie-inwonende kinders gesmee word. Die navorsers postuleer verder dat die frekwensie van die besoeke minder belangrik is vir die suksesvolle voltrekking van die opvoedingverhouding, as dit wat die vader en kind saam doen wanneer hulle kontak het.

**Vader A** blyk 'n aktiewe rol in die lewe van sy nie-inwonende kind te speel, alhoewel kwaliteit tydsbesteding nie altyd realiseer nie. Pogings om hegte verhoudings te smee word beïnvloed deur die vader se huidige egmaat sowel as sy vorige egmaat. **Vader B** poog om 'n meer prominente rol in sy kind se lewe te speel, maar weens die konflik tussen hom en sy gewese egmaat realiseer kontak nie so dikwels soos die vader dit graag sou wou hê nie. Ten spyte van die feit dat die vader dikwels magteloos voel, vind toereikende verhoudingstigting tog plaas vanweë die feit dat die vader ingestel is op die kind se unieke behoeftes. **Vader C** vind

dit soms moeilik om die kinders te hanteer wat daartoe bydra dat hy negatiewe gevoelens van gegriefdheid teenoor die kinders ervaar. Ontoereikende verhoudingstigting vind plaas weens die feit dat die gesin dikwels by vriende en familie gaan kuier of aan skoolaktiwiteite deelneem, maar min kwaliteit tyd saam met mekaar spandeer.

**Tema 6: Die vader se siening van die verhouding met sy kind in praktyk in terme van dissipline-handhawing.**

Lidmaatskap van twee huishoudings word dikwels deur die kinders as negatief beleef, aangesien die twee verskillende huishoudings verskillende waardesisteme en beskouings van dissipline huldig wat moontlik kan bydra tot gevoelens van onsekerheid en spanning by die besoekende kind en die aanpassing in die hersaamgestelde gesin bemoeilik. In **Vader C** se geval blyk dit dat die verskil in ouerskapstyl die gesagsverhouding van die vader noemenswaardig beïnvloed. Biologiese ouers is dikwels onwillig om hulle besoekende kinders tereg te wys of te dissiplineer, aangesien hulle die kinders slegs enkele naweke en vakansies sien (Ganong & Coleman 1994:126). **Vader A** meld eksplisiet dat hy nie heeldag met sy kind wil raas nie aangesien hy nie sy kind elke dag by hom het nie. Visher en Visher, soos aangehaal deur Prinsloo (1991:16), het bevind dat ouers se gevoelens van angs, skuld en hulpeloosheid oor die kinders uit 'n eerste huwelik, aanleiding gee tot ontoereikende opvoedingverhoudinge in die hersaamgestelde gesin, soos inderdaad bevind word in die geval van **Vader C**.

Alhoewel die literatuur waardevolle insigte gelewer het met betrekking tot die uniekheid van die hersaamgestelde gesin, blyk dat dit die bevindings, nog as losstaande dele, nie bydra tot die diepere begrip van die funksionering van die opvoedingsverhoudings in die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin nie. 'n Begronding van die bevindings binne die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner sal vervolgens uitgevoer word, in 'n poging om 'n holistiese greep op die navorsingsresultate te verkry.


### 4.4.2 Die bio-ekologiese model van die hersaamgestelde gesin

Die uiteensetting van die resultate toon duidelik dat die vader-kind verhouding binne die unieke, sosiale konteks van die hersaamgestelde gesin voltrek word. Die verhoudings en interaksies tussen die vader en sy nie-inwonende kind blyk uniek en kompleks van aard te wees. Die bio-ekologiese model voorsien moontlik 'n raamwerk waarbinne die konteks sowel as die verhoudings en interaktiewe prosesse tussen die biologiese vader en sy nie-inwonende kind/ers bespreek kan word om tot begrip te kom van die gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding in totaliteit soos dit plaasvind in die hersaamgestelde gesin.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hersamestelling van die gesin na egskeiding impliseer dat die ontwikkeling van die kind, anders as in ’n kerngesin, benewens mikrosisteme van onder andere skool en portuurgroep, ook binne **twee** mikro-gesinsisteme plaasvind. Figuur 4.1 gee ’n voorstelling van die hersaamgestelde gesin soos vervat in die bio-ekologiese model van Bronfenbrenner.

Figuur 4.1 Die bio-ekologiese model van die hersaamgestelde gesin




Eerstens vind ontwikkeling van die kind plaas binne die mikro-gesinsisteem van die kind en sy/haar biologiese moeder wat toesig-en-beheer oor die kind het en dit staan bekend as die kind se *primêre mikro-gesinsisteem.* Tweedens vind die kind se ontwikkeling binne die mikrosisteem van die hersaamgestelde gesin van die biologiese vader plaas, waar die kind slegs periodiek besoek aflê, en dit staan bekend as die kind se *sekondêre mikro-gesinsisteem.* Die stippellyne in die twee mikrosisteme simboliseer die openheid (ideaal gesproke van albei) wat die heen-en-weer beweeg van die kind tussen die gesinsisteme moontlik (behoort te) maak. Die kind is ’n volwaardige lid van elke gesinsisteem. Ofskoon daar tydens hierdie studie slegs gefokus is op die ontwikkeling en interaksie van verhoudings van die nie-inwonende kind binne die sekondêre mikro-gesinsisteem, moet die kind se primêre mikro-gesinsisteem noodwendig ook in aanmerking geneem word aangesien die twee mikrosisteme en hul mesosisteem wedersyds op mekaar invoer en die interaksie met mekaar van kardinale belang is in die verkenning van die proksimale proses tussen die vader

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)



en sy nie-inwonende kind. Ook die kind se deelname binne ander mikrosisteme, byvoorbeeld die skool, word in die bespreking buite rekening gelaat.

Aangesien die kind slegs periodiek binne die sekondêre mikro-gesinsisteem aanwesig is, is doelbewuste aksies en maatreëls nodig om die interaksie tussen gesinslede tot proksimaal te laat groei. Die verhouding tussen die ander inwonende lede van die sekondêre mikro-gesinsisteem ontwikkel meer natuurlik en kan oorwegend as proksimaal beskryf word aangesien kontak op 'n gereelde basis voorkom.

Die exosisteem verwys na een of meer kontekste waarin die kind nie direk betrokke is nie, maar wat indirek die kind se ontwikkeling beïnvloed. In die kerngesin word die kind beïnvloed deur byvoorbeeld, spanning by die ouer se werksituasie wat oorspoel na die huis en moontlik die kwaliteit van die opvoedingsverhouding beïnvloed. Die kind in die hersaamgestelde gesin, binne twee mikro-gesinsisteme, word indirek beïnvloed deur die exosisteem waaraan twee ouerpare onderwerp is, wat onafhanklik van mekaar funksioneer, byvoorbeeld omstandighede by die werk, wat moontlik die proksimale interaksie mag beïnvloed.

Die makrosisteem verwys na die houdings, oortuigings en waardes wat inherent in die sisteme binne 'n spesifieke kultuur teenwoordig is. Erkenning en aanvaarding van die hersaamgestelde gesin as 'n unieke gesinsvorm kan daartoe bydra dat effektiewe interaksie moontlik is vir die kind in die twee mikro-gesinsisteme, wat gevolglik 'n effek op die mesosisteem sal hê. Andersyds kan gevind word dat die twee mikro-gesinsisteme uiteenlopende waardes vanuit die makrosisteem onderskryf, wat die konflik en frustrasies kan voed, ook op mesosisteemvlak.

Die chronosisteem verwys na die ontwikkelings-tydrame wat bestaan in die interaksies tussen die sisteme. Die ontwikkelingsfase waarin die kinders verkeer het tydens egskeiding asook tydens die hersamestelling van die gesin, beïnvloed die proksimale interaksie van die kind in elk van die twee mikro-gesinsisteme. Die hersaamgestelde gesin opsigself word as 'n ontwikkelende gesinseenheid gesien wat op sy beurt weer in interaksie met die progressiewe ontwikkelingsvlak van die kind verkeer en die proksimale interaksie tussen gesinslede beïnvloed. Die dimensie van voor en na egskeiding, en voor en na tweede huwelik, voer chronosistemies op 'n besondere wyse in op mikro-en mesovlak.

Die bio-ekologiese model word vervolgens per geval aangelê, om tot begryping te kom van die vader in die hersaamgestelde gesin se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind/ers .

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

#### 4.4.3 Gevallestudie A

Die hersaamgestelde gesin van Vader A as 'n sekondêre mikro-gesinsisteem kan beskou word as ondersteunend, liefdevol en aanvaardend, wat 'n positiewe invloed uitoefen op die onderlinge verhoudings en interaksies tussen gesinslede. Die sisteem kan verder beskou word as gestruktureerd, waar roetine en reëls 'n belangrike rol speel, maar waar inkonsekwente optredes soms 'n ongunstige invloed uitoefen op die interaksies tussen gesinslede.

Die vader heg waarde aan fisiese betrokkenheid by mekaar sowel as verbale uitinge van liefde en waardering. Nougesette, volgehoue daadwerklike betrokkenheid van die vader by sy seun dra by tot positiewe interaksie en verseker 'n proksimale proses ook binne die sekondêre mikro-gesinsisteem. Die betrokkenheid by mekaar, sowel as die positiewe interaksies versterk die gesinsbande en dra by tot die aard en kwaliteit van die interpersoonlike verhoudings in die hersaamgestelde gesin. Ofskoon dit wil voorkom asof die gesinslede doelbewus daarna streef om 'n goed funksionerende hersaamgestelde gesin te vorm, 'n hersaamgestelde gesin met sy eie unieke norme, rituele en rolverdelings, lyk dit tog asof die vader die hersaamgestelde gesin nie as 'n alternatiewe gesinsvorm sien nie, maar as 'n afbeelding van die kerngesin. Dit klink asof die vader se nuwe eggenote 'n sterk aanvaarding toon van haar man se kinders en poog om 'n opvoedingsverhouding te stig op 'n liefdevolle manier.

Die konteks van die hersaamgestelde gesin wat op 'n unieke wyse saamgebind is, sal die interaktiewe prosesse tussen die vader en sy kind beïnvloed. Met die hersamestelling van 'n gesin na egskeiding, is die biologiese ouers nog steeds met mekaar verbind deur middel van die kinders wat tussen die twee gesinsisteme beweeg. Dit blyk dat die vader sy vorige eggenote erken en akkommodeer as mede-ouer in hulle kinders se opvoeding maar dat negatiewe gevoelens asook persoonlike konflikte bydra dat samewerkende ouerskap in die meso-sisteem nie altyd realiseer nie. Dit blyk dat hierdie ambivalente gevoelens wat die vader ten opsigte van sy kind se moeder ervaar, die interaktiewe prosesse tussen die vader en sy seun negatief beïnvloed.

Die proksimale interaksie tussen die vader en sy nie-inwonende kind blyk informeel en positief van aard te wees, alhoewel daar duidinge van inkonsekwente beoefening van gesag is as gevolg van 'n mate van oorbeskerming. Ofskoon die egskeidingsooreenkoms stipuleer dat die vader slegs alternatiewe naweke toegang tot die kind het vind interaksie redelik gereeld plaas vanweë die vader se betrokkenheid by die kind se buitemuurse aktiwiteite

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

asook mediese behandeling. Die hersaamgestelde gesin skep ’n veilige ruimte waar toereikende verhoudingstigting kan plaasvind. Die proksimale interaksie oefen ook ’n positiewe invloed uit op die nie-inwonende kind se ontwikkeling en het die uitbouing van die kind in totaliteit ten doel.

Die interaktiewe prosesse kan ook beïnvloed word deur die persoonlikheidseienskappe van die vader en sy kind. Die vader se ingesteldheid van volgehoue daadwerklike belangstelling en betrokkenheid in sy seun se buitemuurse aktiwiteite asook die nakom van sy finansiële verpligtinge wat bydra tot die kind se ontwikkeling, mobiliseer en rig die proksimale prosesse. Andersyds blyk dit ook dat die vader se ongeduld en ongemotiveerdheid om sy seun te betrek by alledaagse aktiwiteite in en om die huis, soos byvoorbeeld om aan die motor te werk, die proksimale prosesse kan inhibeer. Die vader openbaar ’n begeerte om meer kwaliteit tyd aan sy seun en gesin te spandeer.

Die seun se passiwiteit vanweë sy voorliefde vir televisie-kyk kan as appèlmatige eienskap beskou word, aangesien die kind min tot geen appèl rig tot die vader se aandag. ’n Verdere appèlmatige eienskap is sy afhanklikheid. Die vader moedig inderdaad afhanklikheid teenoor hom aan deur telkens tydens sibbe-konflik in te gryp en namens die kind probleme op te los. Hierdie eienskap was tydens die vader en kind se interaksie met ander sisteme, byvoorbeeld by die kultuuraktiwiteit, ook merkbaar. Weens die seun se kleiner postuur en skynbare onvermoë om homself te verdedig asook die vader se bewering dat hy bewus is van die feit dat sy seun by die skool geboelie word, word afhanklikheid versterk.

Die hersaamgestelde gesin word beïnvloed deur die exososteem wat onder andere verwys na die vader se werksverpligtinge. Die vader se werkslading bring mee dat hy dikwels naweke moeg is en graag wil rus en dat kwaliteit tyd dan verlore gaan as sy kind hom besoek. Ten spyte van die vader se werksverpligtinge is hy in staat om sy dag so te beplan dat hy een maal per week sy seun neem vir ’n laser behandeling wat gevolglik aanleiding gee tot effektiewe verloop van die proksimale proses.

Die proksimale proses van verhoudingstigting word ook deur die chronosisteem beïnvloed. Binne die sekondêre mikro-gesinsisteem stem die ontwikkelingsfases van die inwonende kind ooreen met dié van die oudste nie-inwonende kind. Die feit dat die jonger nie-inwonende kind die enigste kind in die spesifieke ontwikkelingsfase is beïnvloed interaksie tussen gesinslede. Die hersaamgestelde gesin, wat al drie jaar bestaan, word ook as ’n ontwikkelende gesinseenheid gesien wat op sy beurt weer in interaksie met die progressiewe

ontwikkelingsvlak van die kind verkeer en die proksimale interaksie tussen gesinslede beïnvloed.

#### 4.4.4 Gevallestudie B

Die hersaamgestelde gesin as sekondêre mikro-gesinsisteem kan beskou word as gestruktureerd, waar roetine, reëls en die beklemtoning van selfstandigheid 'n belangrike rol speel en 'n invloed uitoefen op die verhoudings in die gesin. Alhoewel daar agt maande gelede 'n verandering in die sekondêre mikro-gesinsisteem plaasgevind het met die toevoeging van die vader se dogter, word die hersaamgestelde gesinsisteem steeds beskou as ondersteunend, akkommoderende, liefdevol en aanvaardend, wat 'n positiewe invloed uitoefen op die interaksies tussen gesinslede. Dit blyk dat die ouers in die hersaamgestelde gesin 'n hegte eenheid vorm en gesamentlike besluite neem oor die opvoeding van kinders en dat hulle mekaar se kind/ers aanvaar.

Die vader in die hersaamgestelde gesin poog om die behoeftes en begeertes van elke kind te erken, wat tot die individualisering van elke kind as volwaardige lid van die hersaamgestelde gesin bydra. Dit wil voorkom asof die gesinslede daarna streef om 'n hersaamgestelde gesin te vorm met sy eie unieke norme, rituele en rolverdelings alhoewel daar by die vader blyke is van 'n onsekere persepsie van sy rol as vaderfiguur vir sy nie-inwonende kind.

Die konteks van die hersaamgestelde gesin kan die interaktiewe prosesse tussen die vader en sy kind beïnvloed. Aangesien hierdie hersaamgestelde gesin op 'n unieke wyse gevorm is, by wyse van samestelling na egskeiding, het elke lid van die gesin nog steeds bande met die verlede wat 'n invloed uitoefen op die interaktiewe prosesse binne die hersaamgestelde gesin. Die primêre en die sekondêre gesinsisteme waartoe die kind behoort is in die meso-sisteem in interaksie met mekaar en beïnvloed mekaar onderling. Dit blyk dat kwade gevoelens asook gevoelens van bitterheid en gegriefdheid teenoor die vader se vorige eggenote en met betrekking tot die skikkingsooreenkoms 'n integrale deel vorm van die negatiewe verhouding tussen die biologiese ouers wat mekaar nie erken en akkommodeer as mede-ouers nie. Hierdie gevoelens van frustrasie en magteloosheid beïnvloed die interaktiewe prosesse tussen die vader en sy nie-inwonende kind.

Dit blyk ook dat die verandering in die primêre mikro-gesinsisteem van die kind, agt maande gelede met die oorbeweeg van die sussie na die hersaamgestelde gesin, 'n verdere invloed op die meso-sisteem uitoefen, aangesien verhoudings vertroebel word as gevolg van konflik tussen die biologiese ouers. Die interaksie tussen die vader en sy seun word ook hierdeur

beïnvloed deurdat die vader 'n persepsie huldig dat sy nie-inwonende kind gevoelens van *outsider*-status ervaar.

Die proksimale interaksie tussen die vader en sy nie-inwonende kind blyk spontaan en positief van aard te wees. Die interaksie tussen die vader en sy seun is informeel van aard en het ten doel die ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding tussen pa en seun. Interaksie vind op 'n gereelde basis plaas (elke derde naweek) of soos wat die vader se werksomstandighede dit toelaat, aangesien hy skofte werk.

Die interaktiewe prosesse word beïnvloed deur die persoonlikheidseienskappe van die vader en sy seun. Die vader se ingesteldheid van sensitiwiteit rakende sy seun se belangstelling en begeertes asook die inisiatief om geleenthede te skep om die seun se belangstelling uit te bou, mobiliseer en rig die proksimale prosesse. 'n Voorbeeld hiervan is die besoeke van die vader en sy seun aan die brandweerstasie waar die vader werk asook die besoeke van die brandweer aan die seun se skool. Dit blyk ook dat die vader se geduld en gemotiveerdheid om sy seun te betrek met alledaagse aktiwiteite in en om die huis, soos byvoorbeeld om die braaivleis vuur aan te steek, asook om te help met gras sny, die proksimale prosesse kan mobiliseer.

Die seun se positiewe identifisering met sy pa as 'n brandweerman kan as appèlmatige eienskap beskou word aangesien die kind juis hierdeur 'n appèl rig tot die vader se aandag. 'n Verdere appèlmatige eienskap kan verantwoordelikheid wees, deurdat die vader verantwoordelikheid aanmoedig deur duidelike grense asook verwagtinge binne die hersaamgestelde gesin te stel.

Die hersaamgestelde gesin word beïnvloed deur die exosisteem wat onder andere verwys na die vader se werksverpligtinge. Die feit dat die vader skofte werk, bring mee dat hy sy seun slegs elke derde naweek kan gaan haal, maar gee ook aan die vader die nodige fleksie-tyd om gedurende die week in die middae moontlik meer kontak met die kind te kan maak.

Die hersaamgestelde gesin word ook beïnvloed deur die makrosisteem wat verwys na die houdings en oortuigings binne die samelewing in terme van die uniekheid van die hersaamgestelde gesin. Erkenning en aanvaarding van die hersaamgestelde gesin as 'n unieke gesinsvorm kan bydra daartoe dat effektiewe interaksie moontlik is vir die kind in die twee mikro-gesinsisteme, wat gevolglik 'n effek op die mesosisteem sal hê. Andersyds

beïnvloed die vader se belewing van die regstelsel as rigied en bevooroordeeld teenoor die vader in skeisake, ook die verhoudings.

Binne die makrosisteem wil dit voorkom asof die samelewing nog nie die hersaamgestelde gesin as unieke instelling erken nie, maar geneig is om alle gesinne as kerngesinne te beskou. In skole maak die leerderprofiele byvoorbeeld net voorsiening vir die besonderhede van die biologiese ouers en geen erkenning word aan die "ander ouer" gegee nie. Die ouer wat toesig-en-beheer oor die kind het, is gewoonlik die ouer wat as kommunikasie kanaal tussen die skool en die primêre mikro-gesinsisteem dien. Die ouer in die sekondêre mikro-gesinsiteem se reg om ook in kennis gestel te word van byvoorbeeld, sy kind se vordering op skool of by die bulletjie-rugby, word nie in die praktyk erken nie. As welmenende ouer, wat gemoeid is met sy kind se opvoeding en finansieel daartoe moet bydra, voel die vader in die hersaamgestelde gesin dikwels uitgesluit en word die effektiewe interaksie hierdeur beïnvloed.

Die proksimale proses van verhoudingstigting word ook deur die chronosisteem beïnvloed. Die ontwikkelingsfase van die nie-inwonende kind binne die sekondêre mikro-gesinsisteem beïnvloed die proksimale interaksie tussen die lede van die hersaamgestelde gesin, aangesien die kind se denke nog konkreet van aard is en hy dit moeilik vind om verbande en gevolgtrekkings te maak oor die feit dat sy sussie by sy pa kon kom woon en hy mag dit nie doen nie. Die hersaamgestelde gesin, wat al vier jaar bestaan, word ook as 'n ontwikkelende gesinseenheid gesien wat met tyd groei tot optimale funksionering wat op sy beurt weer in interaksie met die progressiewe ontwikkelingsvlak van die kind verkeer en die proksimale interaksie tussen gesinslede beïnvloed.

### 4.4.5 Gevallestudie C

Die hersaamgestelde gesin as sekondêre mikrosisteem kan beskou word as ongeorganiseerd met 'n gespanne atmosfeer. Die gesin blyk nie heg aan mekaar verbonde te wees nie en heelwat onsekerhede asook konflikte kom by die gesinslede voor, wat 'n negatiewe invloed kan uitoefen op die onderliggende verhoudings en interaksie tussen gesinslede. Daar is weinig sprake van struktuur, reëls of roetine in die hersaamgestelde gesin. Die gebrek aan struktuur kan verder bydra tot 'n gevoel van onsekerheid. Die ouers in die hersaamgestelde gesin het 'n gebrekkige insig in die unieke aard en samestelling van dié gesinsvorm en dit lei dan tot onrealistiese verwagtinge van die verhoudinge tussen gesinslede. Verwagtings wat nie realiseer nie, gee aanleiding tot teleurstelling, frustrasie, kritiek en 'n gevoel van mislukking wat die interaktiewe prosesse tussen gesinslede beïnvloed.

Die konteks waarbinne hierdie unieke hersaamgestelde gesin funksioneer beïnvloed die proksimale interaksie tussen die vader en sy kinders. Ten spyte van die feit dat die vader se eggenote nie kinders van haar eie het nie, maak sy meermale die voorstel dat die vader sy kinders moet gaan haal. Die proksimale interaksie word verder beïnvloed deur die gesin se unieke skool- en kuierstyl van bemoeienis, waar daar dus weinig sprake is van individuele kontak.

Die interaksie tussen die sekondêre mikro-gesinsisteem en die primêre mikro-gesinsisteem vorm die mesosisteem en beïnvloed die proksimale prosesse in elke gesinsisteem. Dit blyk dat kwade gevoelens van bitterheid en gegriefdheid oor die vorige huwelik ’n integrale deel vorm van die verhouding tussen die biologiese ouers, wat gevolglik tot parallelle ouerskap in plaas van samewerkende ouerskap aanleiding gee. Dit lyk asof die vader onverwerkte verliese van die vorige huwelik het, wat gepaardgaan met skuldgevoelens, en gevolglik word die interaksie tussen die vader en sy kinders negatief beïnvloed.

Die proksimale interaksie tussen die vader en sy kinders blyk nie konstruktief te wees nie. Interaksie vind nie gereeld plaas nie en lang tydsintervalle (soms 4-5 weke) verloop tussen interaksies. Tydens die interaksie kan die vader se onsekerheid en angstigheid sy verhouding met sy kinders nadelig beïnvloed. Die proksimale interaksie tussen die vader en sy kinders word ook beïnvloed deur die ongeorganiseerde en gespanne konteks waarbinne die verhouding voltrek word, wat tot verdere remming kan bydra.

Persoonseienskappe sluit alle gedragstendense in wat interaksie tussen die biologiese vader en sy nie-inwonende kinders ontlok. Die vader se geaardheid van impulsiwiteit en aggressie asook ’n onvermoë om sy humeur te beteuel rem of beperk die proksimale prosesse. ’n Voorbeeld hiervan is sy uit-reagerende gedrag toe sy dogtertjie aandui dat sy gretig is om na haar ma terug te keer. Dit blyk ook dat die vader se ongeduld en ongemotiveerdheid om byvoorbeeld saam met sy kinders speletjies te speel die proksimale prosesse kan inhibeer.

Die hersaamgestelde gesin word beïnvloed deur die exososteem wat onder andere verwys na die vader se werksverpligtinge. Die vader is ’n onderwyser wat meebring dat sy naweke dikwels opgeneem word deur skoolaktiwiteite soos byvoorbeeld rugby-wedstryde, dat hy dikwels naweke moeg is en graag wil rus en dat kwaliteit tyd dan verlore gaan as sy kind hom besoek. Die exosisteem speel op ’n besondere wyse in deurdat die vader, sowel as sy egmaat, se skole se programme hul gesinsprogram van besoeke doelbewus laat rig. Die vader se huidige egmaat is ook ’n onderwyseres, maar by ’n ander skool betrokke.

Die proksimale prosesse binne die hersaamgestelde gesin word ook beïnvloed deur die chronosisteem. Die feit dat die vader se jongste dogtertjie slegs drie maande oud was toe die kerngesin verbrokkel het, beïnvloed die interaksie van die gesinslede in die sekondêre mikro-gesinsisteem ten diepste, aangesien daar min sprake van binding tussen die vader en sy kind was. Die ontwikkelingsfase waarin die ouers binne in die hersaamgestelde gesin verkeer beïnvloed ook die proksimale interaksie tussen gesinslede. Die feit dat die vader se huidige egmaat nog nie kinders van haar eie het nie, beïnvloed die interaksie tussen haar en die kinders, wat weer op sy beurt die proksimale proses beïnvloed. Die besondere hersaamgestelde gesin funksioneer al vyf jaar saam en word ook as 'n ontwikkelende gesinseenheid gesien wat op sy beurt weer in interaksie met die progressiewe ontwikkelingsvlak van die kind verkeer en die proksimale interaksie tussen gesinslede beïnvloed.

Uit die bostaande bespreking blyk dit duidelik dat die optimale funksionering van die hersaamgestelde gesin afhanklik is van die mesosisteem, aangesien die kind 'n volwaardige lid van twee mikro-gesinsisteme is. Die biologiese ouers is primêr in beheer van die mesosisteem wat die proksimale interaksies in beide van die kind se mikro-gesinsisteme beïnvloed. Die wyse waarop ouers hul egskeiding asook die hersamestelling van 'n gesin hanteer, beïnvloed die aanpassing van die kinders by die unieke situasies. Ouers behoort hulp en leiding te ontvang oor hoe hulle elkeen hul ouerskap *gesamentlik* moet voortsit aangesien die kind se twee mikro-gesinsisteme hulle as ouers aanmekaar bind. Dus skei hulle as egmaats maar nooit as ouers nie.

Die bate-gebaseerde benadering kan moontlik suksesvol aangewend word om effektiewe interaksie in die mesosisteem te bevorder. Bewusmaking en erkenning van bates en sterkpunte binne die unieke samestelling van die hersaamgestelde gesin asook die vaardighede waaroor die lede reeds beskik kan lei tot bemagtiging asook die stig van dinamiese vennootskappe binne die mesosisteem. Deur die beskikbare bates en sterkpunte binne die hersaamgestelde gesin te benut en aan te wend, sal vaders waarskynlik bemagtig word tot meer effektiewe verhoudingstigting.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

# HOOFSTUK 5

# OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om die geskeide biologiese vader se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te ondersoek en te beskryf, om tot begrip te kom van dit wat gebeur tussen die biologiese vader en sy besoekende jong kind. Die wyse waarop en die mate waartoe die biologiese vader pogings aanwend om ’n opvoedingsverhouding te probeer handhaaf, is vanuit die bategebaseerde benadering verhelder. Die verdere doel hiermee was om insig te verwerf in hoe die vader die uitdagings wat die hersaamgestelde gesin bied, moontlik deur benutting van bates en sterkpunte in sy situasie positief kan wend in die funksionering van sy opvoedingsverhouding met sy kind/ers.

Die studie was gerig deur die volgende primêre navorsingsvraag: ***Hoe ontwikkel en handhaaf die biologiese vader sy opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind?*** Om die primêre navorsingsvraag te beantwoord, was die volgende sekondêre navorsingsvrae van nader deurskou: *Wat is die biologiese vader se persepsie van sy ouerlike rol?, Hoe vind voltrekking van die opvoedingsverhouding deur die biologiese vader met sy nie-inwonende jong kind plaas? en Hoe hanteer die vader die uitdagings van ’n hersaamgestelde gesin?* In die soeke na antwoorde op die navorsingsvrae het ek tydens die onderhoude veral gefokus op die identifisering van die bates en sterkpunte van elke vader, wat gevolg is deur die mobilisering van die geïdentifiseerde bates ten einde bemagtiging en optimalisering van verhoudings binne die hersaamgestelde gesin te probeer bewerkstellig.

Die studie het vanuit die aanname vertrek dat unieke interpersoonlike verhoudings gevorm word tydens die hersamestelling van ’n gesin. Die grense van die hersaamgestelde gesin is ook nie so duidelik afgebaken soos dié van die kerngesin nie, wat aanleiding tot rolverwarring gee. Die nie-meer-prominente rol van die nie-inwonende ouer asook langtermyn konflik tussen geskeide ouers dra grootliks by tot problematiese relasievorming tussen die biologiese vader en die besoekende kind. Andersyds plaas die identifisering en mobilisering van bates en sterkpunte die klem op bemagtiging van die vader in die besondere situasie deur te fokus op dit wat op die gegewe oomblik beskikbaar is.

’n Uiteensetting van die teoretiese raamwerk, die bio-ekologiese model, is ten aanvang van die studie onderneem. Die bio-ekologiese model bied ’n raamwerk waarbinne die bevindings van die studie geïnterpreteer kon word om sodoende tot begrip te kom van die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin se verhoudingstigting met sy nie-inwonende kind. ’n Literatuuroorsig is onderneem in verband met die hersaamgestelde gesin as alternatiewe gesinsvorm, hertroue na die ontbinding van die huwelik deur middel van egskeiding, verskeie verhoudings binne die hersaamgestelde gesin, mites van die hersaamgestelde gesin, ouerskap van die vader wat nie toesig-en-beheer het nie asook die nie-inwonende kind wat besoek.

’n Uitnodiging is via ’n laerskool gerig aan vaders van hersaamgestelde gesinne. Die seleksiekriteria, ’n biologiese vader wat in ’n hersaamgestelde gesin staan wie se jong kind/ers die nie-inwonende kind/ers is, is duidelik in die uitnodiging uiteengesit. Telefoniese uitnodigings is ook gerig aan geïdentifiseerde vaders in die gemeenskap. Drie vaders het aan die studie deelgeneem.

Die studie was kwalitatief van aard en het vanuit ’n interpretivistiese navorsingsparadigma vertrek. Drie geleenthede vir onderhoudvoering met elke biologiese vader is geskep Semi-gestruktureerde onderhoude is gebruik om ’n volledige, gedetaileerde beeld te verkry van die biologiese vader se persepsies, beskouings en ervarings in sy pogings om ’n opvoedingverhouding met sy nie-inwonende kind/ers te handhaaf. Vraagstelling is deurgaans gerig op die identifisering en mobilisering van bates en sterkpunte van elke vader om sodoende tot begrip van die potensiaal van die opvoedingverhouding te kom.

Tydens die aanvang van die data-insamelingsproses is daar gefokus op suiwer vertelling van tipes insidente waar die biologiese vader bemoeienis maak met sy nie-inwonende jong kind/ers. Na afloop van die eerste onderhoud is ’n analise gedoen van die betrokke onderhoud om sodoende ’n skedule te kon bepaal vir die daaropvolgende onderhoud. Die tweede sessie is afgestem op bate-identifisering en bate-mobilisering met betrekking tot die biologiese vader se opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers. Tydens die derde sessie van die data-insamelingsproses is daar weer gefokus op suiwer vertelling van tipes insidente waar die biologiese vader bemoeienis maak met sy nie-inwonende jong kind/ers. Die doel van dié struktuur was om die funksionering van die opvoedingverhouding te verken in die lig van die bates en sterkpunte wat geïdentifiseer en gemobiliseer is.

’n Reflektiewe joernaal is geïmplementeer om te verseker dat ek te alle tye bewus sou wees van my eie vooroordele en subjektiwiteit ten einde die impak daarvan op die resultate van my

navorsing te verminder. Observasie het 'n integrale deel gevorm van my navorsing. Ongestruktureerde waarnemings tydens onderhoude is gemaak, waar relevant, en tydens en na die onderhoude neergeskryf. Verder het ek veldnotas gemaak, wat onderskeidelik beskrywend en analities van aard was. Verskeie strategieë was toegepas om die interne geldigheid en vertroubaarheid van die resultate deurgaans te bevorder en ek was voortdurend sensitief vir die rol wat ek in die navorsingsproses gespeel het.

In die eerste fase van analise is 'n tematiese mikro-analise per geval per onderhoud uitgevoer en temas wat na vore gekom het is geïdentifiseer. Die tweede fase van analise was 'n meta-analise met betrekking tot die drie onderhoude per geval. Intra-vergelykings is gedoen met die oog daarop om elke tema in terme van die verloop van die bespreking daarvan te analiseer, met versigtige inagneming van die feit dat my vrae en pogings tot bate-identifisering die inhoude van die temas soos aangebied deur die vader algaande beïnvloed het. Temas wat tydens die meta-analise ondersoek is, is onder andere, *die invloed van die vader se huidige eggenote, die ander "pa", die "so-wees van die situasie, verhoudingstrukture en dissipline-handhawing.* 'n Derde fase van meer oorsigtelike analise het gelei tot die identifisering van 'n verbandhoudende tema tussen die drie deelnemers, naamlik *die verhouding met die vorige egmaat.* Ofskoon die tema van die verhouding met die vorige egmaat by al drie gevalle teenwoordig was, is dit nog steeds teen die agtergrond van elke unieke geval bespreek.

'n Literatuur kontrole is gedoen om die ooreenkomste en/of weersprekings met die literatuur te oorweeg, waarna die bevindings in terme van die bio-ekologiese benadering van Bronfenbrenner as teoretiese raamwerk geïnterpreteer is ten einde die biologiese vader in die hersaamgestelde gesin se gestaltegewing aan die opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende jong kind/ers te kon begryp. Ten slotte word die verslag afgesluit met die gevolgtrekkings en aanbevelings vir verdere navorsing.

## 5.2 GEVOLGTREKKINGS

### 5.2.1 Gevolgtrekkings met betrekking tot die navorsingsvrae

- ***Wat is die biologiese vader se persepsie van sy ouerlike rol?***

Die vaders se persepsies van die rolle wat deur hulle vervul word verskil grootliks van mekaar en skyn gerig en beïnvloed te word deur die unieke konteks van waaruit die hersaamgestelde gesin van elk gevorm is. In al drie gevalle het die vaders hulle rol primêr as finansiële versorger gesien. Die vaders se belewing van frustrasie en magteloosheid as gevolg van die verlies van beheer oor die situasie na egskeiding beïnvloed elkeen se persepsie van sy vaderlike rol.

**Vader A** beleef sy rol as ouer as die verantwoordelike, toegewyde en betrokke ouer wat op 'n daaglikse basis beskikbaar is vir sy kinders en wat instaan vir dit wat hul moeder nalaat of weier om te doen. Die vader is bewus van die feit dat hy tydens sy seun se besoeke meer kwaliteit tyd saam met hom moet deurbring, wat tans nie realiseer nie vanweë sy gebrek aan gemotiveerdheid om pogings aan te wend om ruimte binne sy eie aktiwiteite in en om die huis te skep. Die vader het 'n duidelike voorneme gehad om sy houding jeens kwaliteit tydsbesteding te verander en dit het ook gerealiseer in 'n daadwerklike poging.

**Vader B** beleef homself as minderwaardig in vergelyking met die "ander pa" in sy seun se lewe. Na afloop van die identifisering van sterkpunte en bates in terme van die verhouding tussen die vader en sy seun, het die vader tot nuwe insigte gekom. By implikasie blyk dit dat die bewusmaking van bates en sterkpunte by die vader, daartoe bygedra het dat die vader met meer selfvertroue sy pa-rol kan en wil vertolk. Die vader beleef dan ook sy rol as ouer as vertrouenswaardig. Hy poog om by sy kind vertroue in te boesem deur eerlike en opregte optrede. Die vader erken ook sy seun se individualiteit deur vir hom 'n tuiste in sy huis te probeer skep en hom te betrek by die alledaagse aktiwiteite. Die ontoereikende interaksie in die meso-sisteem gee aanleiding daartoe dat die kommunikasieverhouding tussen die vader en seun (vanuit en tussen die primêre- en sekondêre mikro-gesinsisteem) nie toereikend plaasvind nie en die vader dan gebuk gaan onder skuldgevoelens asook gevoelens van mislukking omdat dit die proksimale interaksie tussen hom en sy seun noodwendig raak. Deur middel van die bategebaseerde benadering kon die vader uit 'n ander hoek na die moontlikhede tot meer kommunikasie met sy seun kyk.

**Vader C** beleef sy rol as vader negatief, aangesien hy dikwels geïrriteerd raak met sy kinders, wat dan aanleiding gee tot ongeduldige, kwaai optrede. Die vader is ingestel daarop om die kinders te vermaak deur kuiers by hul oumas en vriende asook met pret-aktiwiteite by die ouers se onderskeie skole en vervul so die rol van 'n "naweek-pa". Hierdie ontwykende houding wat die vader inneem jeens kwaliteit tydsbesteding dra by tot ontoereikende verhoudingstigting. Die ontoereikende interaksie in die mesosisteem dra by daartoe dat die vader sy rol as opvoeder onseker beleef wat dan invoer op 'n ongeduldige houding jeens die kinders in die sekondêre mikro-gesinsisteem.

- ***Hoe vind voltrekking van die opvoedingsverhouding deur die biologiese vader met sy nie-inwonende jong kind plaas?***

Die voltrekking van die opvoedingsverhouding vind verskillend plaas op grond van die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin en word ook gerig en beïnvloed deur verskeie rolspelers asook elke vader se beskouing van verhoudingstigting.

**Vader A** is ingestel op fisiese kontak en betoon liefde aan sy seun op ’n spontane manier. Die vader het ekstra verantwoordelikhede ten opsigte van die versorging en ontwikkeling van sy kind op hom geneem ten einde meer tyd saam met sy kind te spandeer. As gevolg van sy betrokkenheid by ander aktiwiteite is dit vir die vader moeilik om meer tyd aan sy kind te spandeer. Alhoewel die vader die begeerte uitspreek om meer kwaliteit tyd saam met sy seun deur te bring, word die beplanning van die aktiwiteite egter beïnvloed deur die voorkeure van die vader se nuwe eggenote sowel as haar behoeftes. Alhoewel die vader tog die beskikbare alleentyd saam met sy seun effektief gebruik, soos byvoorbeeld as hulle na die laser-behandeling moet gaan, blyk dit dat die vader se eie ongemotiveerdheid ook ’n rol speel in oneffektiewe tydsbesteding wanneer sy kind by hom aan huis is.

’n Duidelike groei kon waargeneem word, in die vader se houding rakende die deurbring van kwaliteit tyd saam met sy seun. ’n Aanvanklike bewustheid het oorgegaan in ‘n bereidheid tot meer individuele aandag en het geëindig in ’n daadwerklike poging om meer kwaliteit tyd saam met sy seun te spandeer.

In terme van dissipline-handhawing het die vader aangetoon dat hy sy nuwe eggenoot vertrou in haar pogings om leiding te neem in die huis, asook om die neerlê van reëls in die hersaamgestelde gesin te hanteer. Dit het egter aan die lig gekom dat die vader inkonsekwent optree ten opsigte van die reëls wat neergelê is. Dit blyk dat die vader soms twyfel of wantroue het in sy nuwe eggenote se oordeel om konsekwente dissipline toe te pas as gevolg van ’n ongunstige vergelyking tussen “jou” kinders en “my” kinders. Die vader het algaande meer bewus geword van die feit dat hy sy eggenote moet ondersteun in haar handhawing van dissipline en dat hy dikwels oorbeskermend optree vanweë die feit dat sy kind nie altyd by hom is nie. ’n Bewustheid het ook by die vader ontstaan dat daar ’n mate van toeskietlikheid in terme van dissipline voorkom, wat toegeskryf kan word aan die feit dat sy seun kleiner is as sy maats en wat gevolglik daartoe bydra dat verantwoordelikhede nie aan hom toevertrou word nie.

**Vader B** poog om vir sy seun ’n tuiste binne-in sy besondere hersaamgestelde gesin te skep deur spesifiek sy seun se individualiteit te erken. Die vader toon ’n bereidwilligheid om bemoeienis te maak in die vorm van alledaagse aktiwiteite en is ook ingestel daarop om vir sy seun ’n verantwoordelikheidsin aan te leer, wat gevolglik daartoe bydra dat ’n veilige ruimte geskep word waarbinne die kind kan ontwikkel. Die vader is ingestel op fisiese kontak en probeer om die fisiese speelseverhouding met sy seun, soos wat dit was voor die egskeiding, voort te sit in die nuwe hersaamgestelde gesin.

Die vader het hom deurgaans sterk uitgespreek ten opsigte van sy vorige eggenote, wat 'n stremmende invloed uitoefen op sy pogings om 'n verhouding met sy seun te handhaaf. Volgens die vader neem die moeder besluite sonder om hom enigsins daarvan in kennis te stel, gevolglik word die vader se pogings om 'n verhouding te handhaaf in die vorm van meer betrokkenheid asook toegang, gestuit. Ofskoon die vader 'n bereidheid toon om sy kind meer dikwels te ontvang, blyk dit egter dat alternatiewe besoekreëlings nie effektief getref kan word nie as gevolg van die konflik en negatiewe kommunikasieverhouding tussen die biologiese ouers wat die kind in die middel van die spervuur plaas. Selfs pogings om telefonies kontak te maak word deur die vader se vorige egmaat gesaboteer.

In die proses van bate-verkenning is die vader se werksomstandighede as 'n bate geïdentifiseer. Tydens die bate-mobilisering met betrekking tot die kommunikasieverhouding het die vader voorstelle aan die hand gedoen hoe hy moontlik meer met sy kind kan kommunikeer om sodoende die frustrasie van die telefoniese kommunikasie uit te skakel.

In **Vader C** se geval wil dit voorkom asof kwade gevoelens tussen die voormalige egmaats uiting vind in 'n gevoel van gegriefdheid teenoor mekaar, wat daartoe bydra dat die kinders gebruik word om mekaar te na te kom. Die intense konflik en 'n ontoereikende kommunikasieverhouding tussen die biologiese ouers maak die funksionering van die verhouding tussen die vader en sy kinders byna onmoontlik.

- ***Hoe hanteer die vader die uitdagings van 'n hersaamgestelde gesin?***

Die hantering van die uitdagings wat saamhang met die vorming van 'n hersaamgestelde gesin na egskeiding, waar die vader nie toesig-en-beheer oor sy kinders het nie vind verskillend plaas en word beïnvloed deur die unieke konteks waarin die gesin funksioneer.

**Vader A** spreek sy frustrasie in verband met die beperking van toegang deur die biologiese moeder uit. Die vader huldig die standpunt dat indien daar 'n positiewe verhouding bestaan tussen hom en sy vorige eggenote, gereelde kontak tussen hom en sy kinders plaasvind, maar sodra daar konflik ontstaan, vind kontak nie so gereeld plaas nie. Ten spyte van die konflik rondom die reëling van die kinders toon die vader 'n bereidwilligheid tot positiewe samewerking. Die opneem van die ekstra verantwoordelikhede met betrekking tot hul buitemuurse bedrywighede het dan ten doel om die kinders op so 'n manier meer te siene te kry. Ofskoon die vader die feit onder oë sien dat hy nie toesig-en-beheer oor die kinders het nie beleef hy hierdie realiteit negatief, en probeer hy daadwerklik die beperkinge daarvan verminder.

**Vader B** beleef die afskeid na 'n naweek se besoek dikwels as pynlik, aangesien die kind emosioneel reageer as hy moet teruggaan na sy moeder se huis. Hierdie reaksie van die seun laat die vader met emosies van moedeloosheid asook 'n gevoel van magteloosheid. Tydens die proses van bate-mobilisering is strategieë beplan om die afskeid en skeiding minder traumaties te maak vir beide pa en seun asook om die begrip van tyd vir die kind meer konkreet te stel. Ten spyte van 'n beperkte begroting, het die vader vir sy seun 'n spesiale ruimte geskep – sy eie kamer met sy eie speelgoed en prente teen die muur. Daar bestaan ook 'n gesonde gesagsverhouding tussen die vader en sy seun. Ten spyte van die feit dat die vader sy seun min sien ontvang die seun nie uitsonderlike behandeling tydens sy besoeke nie, maar word hy eerder gelei deur konsekwente liefdevolle dissipline.

In **Vader C** se geval blyk dit dat die gebrekkige kommunikasie tussen die biologiese ouers moontlik kan bydra tot die nie-weet-wat-aangaan-gevoel by die vader. Die vader meld dat hy nooit van enige aktiwiteite van die kinders in kennis gestel word nie, wat bydra tot gevoelens van frustrasie en magteloosheid. Tydens die proses van bate-mobilisering is strategieë voorgetel hoe om daadwerklike planne te maak om meer op hoogte van die kinders se bedrywighede te kom. As die skool- en kuierstyl van bemoeienismaking in ag geneem word, blyk dit dat die vader nie die uitdagings van die hersaamgestelde gesin hanteer nie, maar eerder ontduikend optree.

### 5.2.2 Verdere relevante gevolgtrekkings

Gesien in die lig van die uniekheid van elke besondere hersaamgestelde gesin blyk dit dat daar nie klinkklare antwoorde op die navorsingsvrae gegee kan word nie. Gedagtig aan die verbandhoudende tema (die verhouding met die vorige egmaat) blyk dit dat die veld waarin die antwoorde gesoek moet word veel wyer strek as die konteks van die hersaamgestelde gesinne wat ondersoek is.

Die interaksie in die mesosisteem van elke unieke hersaamgestelde gesin beïnvloed die wyse waarop die vader pogings aanwend om verhoudings te stig. Binne hierdie unieke mesosisteem is daar verskeie struikelblokke asook potensiële slaggate wat die vader kan lamlê in die gestaltegewing aan sy opvoedingsverhouding met sy nie-inwonende kind/ers. Die weerstand wat vaders getoon het teen deelname aan hierdie studie kan moontlik 'n duiding wees van hul vermyding van emosionele blootstelling of ook van 'n algemene negatiewe ingesteldheid teenoor die situasie waarin hulle hul met betrekking tot hul nie-inwonende kind/ers bevind.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Deur middel van die identifisering van bates en sterkpunte asook bate-mobilisering kon die fokus verskuif word vanaf 'n gevoel van magteloosheid as gevolg van die verlies van beheer na 'n gevoel van bemagtiging en self-determinasie. Die werklike optrede van **Vader A** om 'n daadwerklike poging aan te wend tot effektiewe bemoeienismaking is die uitkoms van bewuswording wat aanleiding gegee het tot verandere denke.

## 5.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende word aanbeveel met betrekking tot verdere navorsing op die terrein van die hersaamgestelde gesin:

- 'n Voortsetting van die betrokke studie om verdere bates en uitdagings te ondersoek met die doel om 'n begeleidingsprogram te ontwikkel vir vaders in hersaamgestelde gesinne.
- Navorsing met betrekking tot die nie-inwonende kind se persepsies van die verhoudingstigting met sy/haar biologiese ouer binne die hersaamgestelde gesin.
- Navorsing met betrekking tot die voortsetting van ouerskap na egskeiding met die doel om 'n begeleidingsprogram te ontwikkel vir biologiese ouers in hersaamgestelde gesinne.

## 5.4 SAMEVATTING

Die bevindings het getoon dat die verhouding met die vorige egmaat 'n bepalende faktor is in die gestaltegewing van die opvoedingsverhouding van die vader in die hersaamgestelde gesin met sy nie-inwonende kind. Die feit dat die moeder toesig-en-**beheer** oor hulle kind het, laat die vader met gevoelens van frustrasie en magteloosheid, wat vererger word deur konflik en 'n gebrekkige kommunikasieverhouding tussen die voormalige egmaats. Inkonsekwente dissipline-handhawing blyk dikwels die uitkoms te wees van die vader se poging om weer "beheer" oor die situasie te verkry en toeskietlikheid kom voor in die vader se pogings om sy liefde aan sy kind te laat blyk, en gevolglik vind ontoereikende verhoudingstigting plaas.

Deur die proses van bate-identifisering en -mobilisering word die fokus verskuif van die beperkinge, struikelblokke en kwesbaarheid in die situasie na bemagtiging, uitdagings en bekwaamhede soos dit figureer binne die unieke konteks van elke hersaamgestelde gesin. Die bate-gebaseerde benadering werk met die bates wat beskikbaar is binne die unieke gesinsisteem, met die doel om die vader te bemagtig en hom met meer positiewe gevoelens te laat sodat optimale verhoudingstigting wel kan plaasvind.

Met egskeidings wat wêreldwyd jaarliks toeneem, het daar vanuit 'n opvoedkundige perspektief 'n radikale verandering ingetree ten opsigte van die gesinslewe as primêre opvoedingsituasie van die kind. Hertroue vind toenemend plaas wat meebring dat die gesinsituasie waarbinne die opvoeding voltrek moet word, verander. Navorsing in verband met die unieke funksionering van die hersaamgestelde gesin is gevolglik van uiterste belang om die kennisbasis uit te brei en steeds tot helderder begryping te kom van die unieke konteks. Verhoudings in die hersaamgestelde gesin blyk verder besonder kompleks te wees, wat 'n enkelvoudige of eensydige beskouing daarvan wesenlik onaanvaarbaar maak. Deeglik begronde navorsing in verband met die unieke konteks van die hersaamgestelde gesin word vereis tot bevordering en optimalisering van die opvoedingsverhouding tussen ouer en kind.

*"Experience is not what happens to a man.*
*It is what a man does with what happens to him"*
- Aldous Huxley

**BRONNELYS**

Adams, Q., Collair, L., Oswald, M. & Perold, M. 2004. Research in educational psychology in South Africa. In Eloff, I. & Ebersöhn, L. (Eds), *Keys to educational psychology.* Cape Town: UCT Press, 354-374.

Adler-Baeder, F. & Higginbotham, B. 2004. Implications of remarriage and stepfamily formation for marriage education. *Family Relations,* 53: 448-458.

Allison, C. 2005. Contesting the myth of the "wicked stepmother": Narrative analysis of an online stepfamily support group. *Western Journal of Communication,* 69:27-47.

Amato, P.R. & Gilbreth, J. 1999. Non-resident fathers and children's well-being: A meta-analysis. *Journal of Marriage and the Family,* 61: 557-573.

Amato, P.R. 2000. The consequences of divorce for adults and children. *Journal of Marriage and the Family,* 62:1269-1287.

Anderson, G. & Arsenault, N. 1998. *Fundamentals of educational research.* London: Routledge Falmer.

Beaubry, M., Boisvert, J.M., Simard, M., Parent, C. & Blais, M.C. 2004. Communication: A key component to meeting the challenges of stepfamilies. *Journal of Divorce & Remarriage,* 42(1/2): 85-104.

Benokraitis, N.V. 1999. *Marriage and families. Change, choices and constraints.* New York: Macmillan.

Bigner, J.J. 1998. *Parent-child relations: An introduction to parenting.* New Jersey: Lawrence Erlbaum Associates.

Bouwer, C. 2005. Identification and assessment of barriers to learning. In Landsberg, E., Krüger, D. & Nel, N. *Addressing barriers to learning.* Pretoria: Van Schaik, 45-60.

Breakwell, G.M. 2000. Interviewing. In Breakwell, G. Hammond, S. & Fife-Schaw, C. *Research methods in psychology.* London: SAGE, 239-251.

Bronfenbrenner, U. 1992. Ecological system theory. In Vasta, R. (Ed.), *Six theories of child development: Revised formulations and new trends.* London: Jessica Kingsley, 187-249.

Carr, A. 2004. *Positive Psychology. The science of happiness and human strengths.* USA: Brunner-Routledge.

Ceglian, C.P. & Gardner, S. 2000. Attachment style and the "wicked stepmother" spiral. *Journal of Divorce & Remarriage,* 34(1/2):111-129.

Cohen, L., Monion, L. & Morrison, K. 2000. *Research methods in education.* 5th ed. London: Routledge Falmer.

Coleman, M. & Ganong, L.H. 1991. Remarriage and stepfamilies: What about the children? *Family and Conciliation courts review,* 29(4): 405-412.

Coleman, M., Ganong, L. & Fine, M. 2000. Reinvestigating remarriages: Another decade of progress. *Journal of Marriage and Family,* 62: 1288-1307.

De Vos, A.S. 1998. *Research at grass roots. A primer for the caring professions.* Pretoria: Van Schaik.

Donald, D., Lazarus, S. & Lolwana, P. 2002. *Educational psychology in social context,* 2nd ed. Cape Town: Oxford University Press.

Du Plessis, J. 1993. *'n Terapeutiese program vir die hersaamgestelde gesin vanuit 'n sielkundige-opvoedkundige perspektief.* DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Du Plessis, J. 1994. Enkele kenmerke van en probleme eie aan die hersaamgestelde gesin. *Lyra Academica.* 9(2):65-68.

Dudley, J.R. 1996. Noncustodial fathers speak about their parental role. *Family and conciliation courts review*, 34(3): 410-426.

Dunn, J. 2004. Annotation: Children's relationship with their non-resident fathers. *Journal of Child Psychology and Psychiatry,* 45: 659-671.

Dunn, J., O'Conner, T. & Cheng, H. 2005. Children's responses to conflict between their different parents: Mothers, stepfathers, non-resident father, and non-resident stepmothers. *Journal of Clinical Child and Adolescent Psychology,* 34(2): 223-234.

Durrheim, K. & Wassenaar, D. 1999. Putting design into practice: Writing and evaluating research proposals. In Terre Blanche, M. & Durrheim, K. (Eds). *Research in Practice: Applied Methods for the Social Sciences.* Cape Town: University of Cape Town Press.

Eloff, I. 2003. Introduction to the asset-based approach to life-skills counselling. In Ebersöhn, L. & Eloff, I. *Life Skills & Assets*. Pretoria: Van Schaik.

Eloff, I. & Ebersohn, L. 2001. The implications of an asset-based approach to early intervention. *Perspectives in Education,* 19(3): 147-157.

Fakulteit Opvoedkunde. 2003. *Etiese Beginsels: Fakulteit Opvoedkunde.* Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Flouri, E. 2005. *Fathering & Child Outcomes*. USA: John Wiley & Sons.

Ganong, L.H. & Coleman, M. 1994. *Remarried Family Relationships.* California: Sage

Gupta, S., Smock, J.P. & Manning, D. 2004. Moving Out: Transition to noresidence among resident fathers in the United States. *Journal of marriage and family,* 66:627-638.

Greef, M. 2002. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S. (Ed.). Research at Grass Roots. For the social sciences and human service professions. Pretoria: Van Schaik. 291-320.

Grobler, M.J. 2001. *'n Spelterapeutiese riglyn vir die begeleiding van die kind in die vroeë kinderjare in die hersaamgestelde gesin na egskeiding.* Ongepubliseerde M Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Halford, K.W., Markman, H.J., Kline, G.H. & Stanley, S.M. 2003. Best practice in couple relationship education. *Journal of Marital and Family Therapy,* 29: 385-406.

Harper, C.C. & McLanahan, S.S. 2004. Father absence and youth incarceration. *Journal of Research on Adolescence,* 14(3): 369-397.

Henning, E. 2004. *Finding your way in qualitative research.* Pretoria: Van Schaik.

Kaplan, L.S. 1991. *Coping with stepfamilies.* New York: The Rosen Publishing Group.

Kapp, T. 2002. *'n Geïntegreerde gesinsterapeutiese werkswyse met hersaamgestelde gesinne.* Ongepubliseerde M Ed-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

King, V. 1994. Nonresident father involvement and child well-being: Can dads make a difference? *Journal of Family issues,* 15: 78-96.

Kretzmann, J.P. & McKnight, J.L. 1993. *Building communities from the inside. A Path toward finding and mobilizing a community's assets.* Chicaco: ACTA.

Kriel, A.C. 1996. *Die kwesbaarheid van die hersaamgestelde gesin: 'n Sosiopedagogiese ondersoek.* Ongepubliseerde Ph.D. proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Lampard, R. & Peggs, K. 1999. Reparenting: the relevance of parenthood and gender to cohabitation and remarriage among the formerly married. *British Journal of Sociology.* 5(3): 443-465.

Landman, W.A. 1983. *Ouerlike opvoeding.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Leite, R.W. & McKenry, P.C. 2002. Aspects of father status and postdivorce father involvement with children. *Journal of Family Issues,* 23(5): 601-623.

Le Roux, J. 1992. *Temas in die Sosiopedagogiek*. Pretoria: Van Schaik.

McMillan, J.H. & Schumacher, S. 2001. *Research in education. A conceptual Introduction.* New York: Haper Collins College.

Merriam, S.B. *Qualitative Research in Practice.* San Fracisco: Jossey-Bass.

Patton, M.Q. 2002. *Qualitative Research & Evaluation Methods.* 3 Ed. London: Sage.

Pretorius, J.W.M. 1994. *Opvoeding, samelewing, jeug*. Pretoria: Van Schaik.

Prinsloo, E. 1991. *Die Selfaktualisering van die stiefkind.* DEd-proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Scheepers, L. 1991. *Die Hersaamgestelde gesin: 'n Maatskaplikewerk-perspektief.* Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schneller, D.P. & Arditti, J.A. 2004. After the Break-up: Interpreting divorce and rethinking intimacy. *Journal of Divorce & Remarriage,* 42(1/2):1-37.

Seligman, M.E.P. 2002. Positive psychology, positive prevention, and positive therapy. In Snyder, C.R. & Lopez, S.J. *Handbook of positive psychology.* USA: Oxford University Press, 3-12.

Skevik, A. 2006. Absent fathers or reorganized families? Variations in father-child contact after parental break-up in Norway. *The Sociological Review,* 54 (1): 114-132.

Sobolewski, J.M. & King, V. 2005. The importance of the co-parental relationship for nonresident father's ties to children. *Journal of Marriage and Family,* 67(5): 1196-1212.

Spruijt, E., De Goede, M. & Vandervalk, I. 2004. Frequency of contact with non-resident fathers and adolescent well-being: A Longitudinal analysis. *Journal of Divorce & Remarriage,* 40(3/4): 77- 90.

Swart, E. & Pettipher, R. 2004. A framework for understanding inclusion. In Landsberg, E. , Kruger, D. & Nel, N. (Eds). *Addressing barriers to learning.* Pretoria: Van Schaik, 3-23.

Terre Blanche, M. & Durrheim, K. 2002. *Research in practice: Applied methods for the social sciences.* Cape Town: University of Cape Town Press.

Thomas, R.M. 2000. *Comparing theories of child development*, 5th ed. USA: Wadsworth/Thoson Learning.

Thompson, C.L., Rudolph, L.B. & Henderson,D. 2004. *Counselling children.* 6$^{th}$ed. Belmont: Brooks/Cole Thompson Learning.

Visher, E.B. & Visher, J. S. 1982. *How to win as a stepfamily.* New York: Dembner Books.

University of Pretoria etd – Ebersohn, S (2006)

Visher, E.B. & Visher, J. S. 1996. *Therapy with stepfamilies.* New York: Brunner/Mazel.